# EFFEKTIEWE KLASKAMERBESTUUR BY 'N ARM LANDELIKE SKOOL

BERNADICTUS O'BRAIN PLAATJIES

'N MINIVERHANDELING INGEHANDIG TER GEDEELTELIKE
VOLTOOIING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD
MAGISTER EDUCATIONIS IN ONDERWYSBESTUUR IN DIE FAKULTEIT
ONDERWYS
BY DIE KAAPSE SKIEREILAND UNIVERSITEIT VAN TEGNOLOGIE

STUDIELEIER: DR. V. JORDAAN

WELLINGTON
OKTOBER 2007

## VERKLARING

Ek, Bernadictus O' Brain Plaatjies verklaar hiermee dat die inhoud van die mini verhandeling "Effektiewe klaskamerbestuur by 'n arm landelike skool" my eie werk is, dat dit nog nooit ingehandig is vir enige graad of eksamen by enige ander universiteit nie en dat al die bronne wat ek gebruik of aangehaal het, aangedui en erken is as volledige verwysings. Verder verteenwoordig dit my eie opinies en nie noodwendig die van Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie nie.

BPlaatjies ................................ 30.10.2007 ..............................

Onderteken Oktober 2007

## DANKBETUIGINGS.

Graag wil ek my opregte dank uitspreek teenoor:

- Ons Hemelse Vader sonder wie se genade niks tot stand kan kom nie.
- My studieleier Dr.V. Jordaan vir sy knap leiding, aanmoediging en ondersteuning.
- Dr. C. Hattingh vir sy hulp met die formulering van die navorsingsvoorstel.
- My kollegas by Maskam Primêre Skool vir hul bydrae met die empiriese ondersoek.
- My vrou Christina en my seuns Shadrach en Wendell vir hul ondersteuning

**OPGEDRA AAN:**

My boeta, Jacobus Lambrecht Kotze.

## Ekserp

In hierdie mini-verhandeling word data versamel en verwerk om faktore te bepaal wat effektiewe klasbestuur aan arm landelike skole in die intermediêre en senior fases beïnvloed. 'n Omvattende literatuurstudie van nasionale en internasionale bronne het as basis gedien vir die saamstel van 'n vraelys. Die vraelys is so geformuleer dat die omvang, kompleksiteit en werklikheid waaraan onderwysers daagliks blootgestel, bepaal word.

In hierdie studie word beide eksterne as interne faktore geï'dentifiseer wat swak klaskamerbestuur tot gevolg het. Eksterne faktore sluit huislike omstandighede en die omgewing waarin leerders groot word, in. Die gebrek aan stimulering tuis, lae geletterdheidsvlakke van volwassenes, afwesigheid van goeie voorskoolse onderwysprogramme en 'n tekort aan voedsel dra kragtig by tot swak prestasie van leerders. Daar is gevind dat swak rolmodelle en 'n gebrek aan toesig tuis leerderdissipline en toewyding negatief beinvloed en swak gedrag tot gevolg het. Interne faktore verwys na die rol wat die onderwyser, die kurrikulum asook dissipline in die klaskamer speel. Dit is duidelik dat opvoeders 'n sentrale rol in die lewering van gehalte onderwys speel. Werksomstandighede bemoeilik opvoeders se taak en gee aanleiding tot swak motivering en lae moraal. Die onversoenbaarheid van uitkomsgebaseerde onderwys met oorvol klasse uit arm woonbuurte blyk duidelik. Moedelose onderwysers probeer oorleef deur na tradisionele onderrig sowel as klasbestuurbenaderings terug te val. Daar is egter ook 'n groot groep professionele en gemotiveerde onderwysers wat uit hul pad gaan om arm leerders te ondersteun en te motiveer.

Dit is duidelik dat armoede in die gemeenskap die kanker is wat alles ten grondslag le en aangespreek moet word. Langtermyn politieke oplossings is hiervoor nodig. Korttermyn oplossings is wel te vinde in samewerking tussen die skool en die gemeenskap. Die sleutel tot sukses le by volhoubare afrigting en mentoring van onderwysers. Die oormatige klem wat tans op onderrig en demonstasie van uitkomstes in skole geplaas word, benadeel in arm landelike skole beide die kind as die onderwyser. 'n Oplossing is:

"... *adapt the system in the child's best interest rather than the child having to adapt to the education system* ".

Human Rights Commission (2006:16)

## ABSTRACT

In this mini-thesis data has been collected and processed to determine which factors influence effective classroom management in the intermediate en senior phases at poor rural schools. A Comprehensive review of relevant National and International literature were conducted and formed the basis for the construction of a questionnaire. The questionnaire was formulated to determine the extent, complexity and reality to which educators at poor rural schools are exposed to on a daily basis. External and internal factors contributing to poor classroom management were identified. External factors include home circumstances and the environment in which learners live. The lack of stimulation at home, low literacy levels of parents, the absence of good early childhood programmes and the shortage of food have a huge impact on learners performance in the classroom. Negative role models in the community and home as well as proper supervision, lead to discipline problems and unmotivated learners. Internal factors refer to the role of the teacher, the curriculum and discipline in the classroom. It is clear that educators play a central role in the provision of quality education. It is not an easy task. Working conditions are difficult and lead to weak motivation and low morale among teachers. It is impossible to implement outcomes based education in large classes. Dejected teachers try to survive by using traditional teaching and classroom approaches. There is however a big group of professional and motivated teachers. This teachers do everything to support and motivate learners.

It is clear that poverty in the community is the main reason for the problems in rural schools. It is also clear that this problems need to be addressed. Long-term political solutions are needed to combat poverty. Short-term solutions might include better cooperation between the school and the community. The key to success is sustainable coaching and mentoring of teachers. The excessive emphasis on teaching and demonstration of outcomes are not beneficial for both learners and teachers. A solution to the problem is: " ... adapt the system in the child's best interest rather than the child having to adapt to the education system." Human Rights Commission (2006: 16)

# INHOUDSOPGAWE

| | Bladsy |
|---|---|
| VERKLARING | ii |
| DANKBETUIGINGS | iii |
| EKSERP | iv |
| ABSTRACT | v |

**HOOFSTUK 1: ORIËNTERENDE INLEIDING**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | ORIËNTERENDE INLEIDING | 3 |
| 1.2 | PROBLEEMSTELLING | 5 |
| 1.3 | DOEL VAN DIE STUDIE | 6 |
| 1.4 | BEGRIPSVERKLARING | 6 |
| 1.5 | NAVORSINGSONTWERP EN –METODOLOGIE | 8 |
| 1.6 | STUDIEPROGRAM EN UITLEG | 9 |
| 1.7 | SAMEVATTING | 11 |

**HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 12 |
| 2.2 | INTERNASIONALE LITERATUUR | 12 |
| 2.3 | NASIONALE LITERATUUR | 23 |
| 2.4 | SAMEVATTING | 34 |

**HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP- EN METODOLOGIE**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 36 |
| 3.2 | NAVORSINGSONTWERP | 37 |
| 3.3 | NAVORSINGSMETODOLOGIE | 42 |
| 3.4 | SAMEVATTING | 50 |

**HOOFSTUK 4:** **BEVINDINGE: AANBIEDING EN BESPREKING**


4.1 INLEIDING .................................................... 51

4.2 PERSOONLIKE GEGEWENS VAN RESPONDENTE .................... 51

4.3 INVLOED VAN ARMOEDE OP LEERDERS .......................... 54

4.4 DISSIPLINE .................................................... 56

4.5 OPVOEDERS SE MAGSBASIS IN DIE KLASKAMER .................. 58

4.6 ERVARING VAN DISSIPLINÊRE PROBLEME .......................... 61

4.7 OPVOEDERMOTIVERING ........................................ 64

4.8 PROBLEME EN OPLOSSINGS VIR KLASBESTUUR ................... 67

4.9 BESPREKING – EIE KOMMENTAAR ................................ 69

4.10 SAMEVATTING ................................................ 72


**HOOFSTUK 5:** SLOT EN AANBEVELINGS


5.1 INLEIDING .................................................... 75

5.2 NAVORSINGSBEVINDINGE ....................................... 75

5.3 OORSIG ........................................................ 79

5.4 AANBEVELINGS ................................................. 82

5.5 VERDERE NAVORING ............................................ 82

5.6 RELEVANSIE VAN DIE STUDIE .................................. 83

5.7 IMPLIKASIES .................................................. 83

**BRONNELYS** .................................................... 84

**BYLAE I:** VRAELYS .............................................. 90

**BYLAE II:** TOESTEMMINGSBRIEF ................................. 97

# HOOFSTUK 1

## 1. ORIËNTERENDE INLEIDING

### 1.1 INLEIDING

Die openbare media het die afgelope dekade die publiek op hoogte gehou van swak prestasie van primêreskool-leerders in nasionale en internasionale toetse in die basiese vaardighede van taal en wiskunde. Die vraag word met reg gevra waarom daar nie iets aan gedoen word nie aangesien die toestand jaarliks verswak. Die negatiewe effek hiervan op onderwysers, leerders se entoesiasme, intellektuele en beroepsmoontlikhede asook 'n land se ontwikkeling is duidelik (kyk ook Schmoker, 2006:163).

Volgens Masitsa (2004: 213) is onderprestasie 'n probleem wat by enige leerder kan voorkom en kan geen onderwys-instelling daarvan vrywaar word nie. Die voorkoms van onderprestasie by leerders kan aan 'n verskeidenheid oorsake en kombinasies daarvan toegeskryf word. In 'n studie waartydens Wang (soos in Boynton, 2005:3) 11 000 navorsingsverslae wat oor 'n tydperk van 50 jaar gedoen is ondersoek, identifiseer sy span 28 faktore wat leer by kinders beïnvloed. As belangrikste enkele faktor word klaskamerbestuur uitgelig. Boynton wys daarop dat goeie onderwysers nie in klasse met swak dissipline wil werk nie. Hulle verlaat so 'n skool waarna ouers wat dit kan bekostig, ook hulle kinders uit so 'n klas neem met 'n gevolglike afname in onderrig en leer.

Dit wil voorkom asof onderprestasie van leerders as gevolg van armoede 'n universele probleem is, wat 'n groot effek op effektiewe klaskamerbestuur het. Om in 'n landelike gebied groot te word beteken in baie dele van die wêreld om armoede, honger en ongeletterdheid in die gesig te staar ( soos in Food and Agriculture Organization of the United Nations (Fao) & International Institute for Educational Planning (IIEP) / United Nations Educational, Scientific, and Cultural Organization (Unesco), 2005:3). Armoede

word wêreldwyd erken as 'n sosiale krag met ingrypende implikasies waarmee deeglik rekening gehou moet word. Armoede en ondervoeding is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Dit is algemeen bekend dat kinders wat nie behoorlik gevoed is nie, nie behoorlik kan leer nie. Arm skoolgemeenskappe, veral in landelike gebiede, worstel met enorme uitdagings rakende die prestasie en akademiese vordering van leerders. Hierdie gemeenskappe staar groot uitdagings in die gesig vanweë 'n verskeidenheid van sosio-ekonomiese probleme. Pretorius (1998:318) bevestig hierdie probleme wanneer hy beweer dat woonomgewings in arm gebiede deur oorvol en vervalle wooneenhede, misdaad, lawaai, buite-egtelike seksualiteit, alkoholisme, dwelmgebruik en 'n lae sosiale, kulturele en ekonomiese peil gekenmerk word.

Duke en Kamper (in Kamper, 2001:113) is van mening dat die sukses van onderwys in arm gemeenskappe afhang van die politieke wil, leerdergesentreerde onderwys en ouerbetrokkenheid. Volgens hulle word die rol van armoedeverligtingsprogramme oor die algemeen bepaal deur die vlak van professionalisme onder opvoeders. Solank as wat daar 'n gebrek aan 'n kultuur van onderrig en leer in hierdie gebiede voortduur, sal onderwys nie betekenisvol bydra tot armoedeverligting nie. Ondanks hierdie somber prentjie is daar tog bewyse van leerders wat in die verlede goed presteer het. Ongelukkig is hierdie goeie prestasies die uitsondering en is daar te veel leerders wat in hierdie omstandighede benadeel word en onderpresteer.

Dit lyk of die armoedeprobleem in die gemeenskap 'n besliste uitwerking sal hê op die gehalte onderwys wat by die skool gelewer sal word. In Suid-Afrika is dit veral arm landelike skole wat sukkel om gehalte onderrig te voorsien. Die situasie word waarskynlik vererger deurdat swak paaie en groot afstande isolasie tot gevolg het. Uitdagings is enorm en geen maklike oplossings bestaan nie. Hierdie vermoede word bevestig in die Ministeriële verslag oor Landelike Onderwys waarin gemeld word dat uitdagings by landelike skole kompleks is, en dat skole in landelike gebiede tien jaar na demokrasie nog baie min verbetering toon (Departement van Onderwys, 2005:2). Dit blyk dat beide die sosio-ekonomiese probleme in die gemeenskap, professionalisme van onderwysers sowel as die unieke kenmerke van landelike skole doeltreffende onderrig en leer nadelig kan beïnvloed.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Agtergrond tot die studie

Navorser is 'n onderwyser by 'n arm landelike skool. Leerderprestasie aan hierdie skool is swak. Dit is 'n begeerte by navorser asook die meeste ander onderwysers aan die skool om leerders te help om beter te presteer. Uit die literatuur is dit duidelik dat veral armoede, die rol van die onderwyser asook klaskamerbestuur 'n negatiewe effek op leerderprestasie kan hê. Hierdie ondersoek is gerig op die invloed van armoede op klaskamerbestuur asook die implikasies daarvan vir onderrig en leer. Oor hierdie spesifieke onderwerp kon navorser geen data in die literatuur vind nie. Richard Elmore (soos in Schmoker, 2006:14) van die Harvard Universiteit verwys na die klaskamer as 'n terrein wat deur 'n 'buffer' beskerm word. Hy beskryf die 'buffer' as:
*"... a protective barrier that discourage and even punishes close, constructive scrutiny of instruction ... the buffer ensure that we know very little about what teachers teach, or how well they teach."*

Dit maak dit duidelik waarom die probleem nie aangespreek kan word nie. Onderwysers werk elkeen op hulle eie en min kommunikasie vind plaas oor die invloed van swak klaskamerbestuur op onderrig en leer, asook die invloed van armoede op klaskamerbestuur. Naas data vanuit die literatuur sal onderwysers die belangrikste bron wees waar sodanige data bekom kan word terwyl die plaaslike primêre skool die ideale konteks vir so 'n studie is.

### 1.2.2 Primêre Probleemstelling / Navorsingsvraag

Die spesifieke probleemstelling of navorsingsvraag vir hierdie studie word soos volg geformuleer:
*Watter faktore beïnvloed die praktyk van effektiewe klaskamerbestuur aan 'n arm landelike primêre skool?*

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie studie sal die omvang, kompleksiteit en werklikheid waaraan opvoeders op 'n daaglikse basis by 'n arm landelike skool blootgestel word, ondersoek met die oog op effektiewe klaskamerbestuur. Sekere aanbevelings sal gemaak word oor hanteringstrategieë vir effektiewe klaskamerbestuur met die oog op die verbetering van leerderprestasie.

## 1.4 BEGRIPSVERKLARING

Hierdie studie fokus nie op die algemene didaktiese beginsels vir goeie klaskamerbestuur wat reeds deeglik deur navorsing geïdentifiseer is nie. Die werk van Marzano, Picking en Pollock (2001) en Marzano (2007) fokus op hierdie navorsingsgebaseerde strategieë wat onder andere op die volgende beginsels berus:

- uitnodigende klasrangskikking en –atmosfeer,
- hoë verwagtinge aan en betrokkenheid van leerders,
- vestiging en onderhouding van reëls en prosedures en
- positiewe verhouding (respek) tussen onderwyser en leerders.

Die vraag wat die studie probeer beantwoord is: watter faktore beïnvloed effektiewe klaskamerbestuur aan 'n arm landelike skool? Om hierdie groter faktore te probeer bepaal sal na die literatuur gekyk word om sekere raamwerke of riglyne te bekom. Hierdie enkele riglyne of komponente sal dan in 'n vraelys formaat aan onderwysers gegee word om hul mening daaroor te bepaal.

Hierdie studie maak gevolglik 'n verskil tussen die begrippe "faktore en beginsels". Die HAT (1994) omskryf die twee begrippe soos hieronder waardeur die betekenis duidelik blyk.

Faktore: "Medeoorsaak, medewerkwerkende krag".

Beginsels: "Eenvoudige eienskap; grondslag; kenmerke van iets; dit is te verstaan".

### 1.4.1 Armoede

In hierdie studie word na armoede verwys as 'n toestand waarin 'n persoon of gemeenskap ontneem word van en of 'n tekort beleef aan die belangrikste dinge vir 'n minimum standaard van goeie gesondheid, geluk en gerief. Armoede kan op baie maniere vertolk word en hierdie belangrike dinge kan tekorte insluit wat uit die volgende dinge bestaan:

- Materiële hulpbronne soos kos, veilige drinkwater en skuiling.
- Sosiale hulpbronne soos toegang tot inligting, onderwys, gesondheidsorg, sosiale status en politieke mag.
- Die geleentheid om betekenisvolle verhoudings met ander mense in die gemeenskap te ontwikkel (Wikipedia, 2007: 1).

### 1.4.2 Landelike gebied

Landelike gebiede verwys na'n plek waar menslike nedersetting en infrastruktuur slegs 'n klein gedeelte van die landskap beset met natuurlike omgewings wat deur weiveld, bosse, berge en woestyne oorheers word. Hierdie gebiede word gekenmerk deur nedersettings met lae digtheid (ongeveer 5 000 tot 10 000 mense) en waar die meeste mense op plase werk. Grond is beskikbaar teen 'n relatiewe lae koste. Dit is 'n plek waar aktiwiteite deur hoë transaksiekoste beïnvloed word, ver van stede is en oor 'n swak infrastruktuur beskik (Ashley en Maxwill in Fao & Unesco, 2003: 37-38).

### 1.4.3 Klaskamerbestuur

Klaskamerbestuuur word deur Lemlech (1988: 3) beskryf as die orkestrering van die klaskamerlewe: die beplanning van die kurrikulum, organisering van prosedures en hulpbronne, die rangskikking van die omgewing om doeltreffendheid te maksimaliseer, die monitering van leerdervordering en die antisipering van potensiële probleme. Dit kan verder die organisering van leerders, meubels en apparatuur insluit.

## 1.5 NAVORSINGSONTWERP EN -METODES

Onder hierdie hofie moet antwoorde gegee word op die vraag hoe die belangrikste beginsels bepaal kan word wat klaskamerbestuur aan arm landelike skole beïnvloed.

### 1.5.1 Navorsingsontwerp

Navorsingsontwerp verwys na die plan vir 'n spesifieke navorsingstudie om die navorsingsvraag te beantwoord. Navorser wil so objektief moontlik data insamel om die beginsels van klasbestuur te identifiseer. Eerstens sal 'n deeglike literatuurstudie gedoen word sodat vanuit navorsing wat reeds gedoen is, die belangrikste faktore of temas van klasbestuur geïdentifiseer kan word. Hierdie temas sal as raamwerk dien om die mening hieroor van 'n groep onderwysers wat aan 'n geselekteerde arm landelike primêre skool onderrig gee, so objektief moontlik te bepaal. Om dit wetenskaplik te doen is op 'n eklektiese benadering besluit, verwysende na 'n verskeidenheid benaderings soos kwalitatief, kwantitatief, empiriese en nie-empiriese navorsing asook gevallestudie wat in hoofstuk drie volledig omskryf word. Hierdie navorsing word hoofsaaklik kwalitatief uitgevoer omdat dit onderwysers se mening oor die faktore wat klaskamerbestuur beïvloed, wil bepaal. Op hierdie manier sal die navorser probeer om nuwe betekenisse, verbande en verhoudinge van klaskamerbestuur toe te lig deur dit te probeer interpreteer en aanbevelings te maak. Dit kan uiteindelik tot beter prestasie van arm leerders in die klaskamer lei.

### 1.5.2 Navorsingsmetodes

Navorsingsmetodes verwys na die aksies om bogenoemde plan uit te voer. Hierdie begrip word deur sommige skrywers soos Mouton (2001:49) verdeel in navorsingsprosedures (die stappe wat gevolg word) en die navorsingstegnieke (-instrumente). Die navorsingsmetodologie vir hierdie studie word volledig in hoofstuk drie bespreek. Onderstaande is kortliks 'n aanduiding van hoe relevante data versamel

en ontleed sal word. As steekproef is besluit om op een spesifieke skool te konsentreer wat voldoen aan die kriteria van 'n "arm landelike primêre skool".

Die data-versamelingsproses

'n Uitgebreide studie van relevante en eietydse nasionale en internasionale literatuur sal uitgevoer word om inligting, feite en teorieë te versamel om sodoende faktore te identifiseer wat klaskamerbestuur aan 'n arm landelike skool beïnvloed. Data vanuit die literatuur en navorsing sal as raamwerk gebruik word om 'n vraelys saam te stel om aan geselekteerde onderwysers die geleentheid te bied om hulle sieninge en ervaringe vanuit die daaglikse praktyk weer te gee. Faktore in die skoolopset self asook die onmiddellike samelewing sal ondersoek word.

Die data-analise proses

'n Konstruktiewe benadering sal aangewend word om onderwysers se siening van klaskamerbestuur beter te verstaan. Die data sal eers statisties ontleed voordat dit tesame met persoonlike kommentaar van respondente, geïnterpreteer en bespreek sal word. Inligting sal so akkuraat moontlik verwerk word ten einde patrone vas te stel en afwykings en verrassende bevindings uit te lig. Dit alles sal ingespan word om die navorsingsvraag te beantwoord.

## 1.6 STUDIEPROGRAM EN UITLEG

### 1.6.1 Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering en probleemstelling

'n Kort opsomming oor die beoogde studie word in hoofstuk een gegee. Die navorsingsvraag en navorsingsdoel van die studie word uiteengesit, gevolg deur 'n verklaring van die belangrikste konsepte wat in die studie gebruik word. Daarna volg 'n opsomming van die hoofonderwerpe wat in elke hoofstuk bespreek sal word.

1.6.2 Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

In hierdie hoofstuk sal die groot verskeidenheid nasionale en internasionale literatuur en navorsing wat op hierdie studie betrekking het, bestudeer word. 'n Siftingsproses sal toegepas word om toepaslike materiaal vir hierdie studie aan die hand van kriteria te identifiseer. Uit hierdie toepaslike materiaal sal die belangrikste faktore wat klaskamerbestuur in arm landelike skole beïnvloed, omskryf word met die oog op die daarstel van 'n raamwerk aan die hand waarvan 'n vraelys saamgestel kan word. Hoofstuk twee sal ook as maatstaf dien vir die bevindinge en aanbevelings in hoofstukke vier en vyf.

1.6.3 Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en -metodologie

Om wetenskaplik te wees moet daar 'n duidelike en aanvaarbare plan van aksie vir die versamelinge en interpretering van toepaslike data wees. Hierdie hoofstuk dek in besonderhede hierdie plan asook maniere en spesifieke tegnieke wat uitgevoer gaan word om 'n antwoord op die navorsingsvraag te bekom. Baie aandag word gegee aan 'n verklaring en verduideliking vir die samestelling van die vraelys.

1.6.4 Hoofstuk 4: Bevindinge: Aanbieding en bespreking

In hierdie hoofstuk word die verskillende vrae wat gestel is, geïnterpreteer deur die verwerkte data te bespreek en afleidings te maak. Teen die einde van die hoofstuk word 'n samevatting gegee van afleidings wat vanuit die verwerkte data gemaak word.

1.6.5 Hoofstuk 5: Slot en aanbevelings

Die samevatting bestaan uit treffende punte, afwykings, verrassende bevindings en redes daarvoor. Moontlike aspekte vir verdere navorsing wat uit die vraelyste geïdentifiseer is, word bespreek. Die gevolge vir die praktyk sal vir die leser van hierdie navorsingsprojek duidelik uiteengesit word.

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is kortliks verwys na die probleme wat skole in arm gemeenskappe ondervind. Volgens die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (2006:9) is dit die staat se primêre verantwoordelikheid om toe te sien dat die beskikbaarheid, aanvaarbaarheid, toeganklikheid en aanpasbaarheid van onderwys beskerm en bereik moet word. Dit lyk egter of dit nie die geval is by arm landelike skole nie. Dit lyk ook of die politieke wil ontbreek om omstandighede vir sosio-ekonomies benadeelde leerders, wat boonop aan die snykant van rassediskriminasie was, by plattelandse skole te verbeter. Hierdie vermoede word bevestig deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2006:37) wat verder daarop wys dat arm landelike skole huidiglik gemarginaliseer word binne die oorheersende gesprek oor onderwys.

In hierdie hoofstuk is kortliks aangedui hoe belangrik klaskamerbestuur vir effektiewe onderrig en leer is. Twee faktore wat duidelik uit die literatuur blyk, is die groot effek van armoede en professionaliteit van onderwysers op effektiewe klaskamerbestuur. Die konteks van die arm plaaslike primêre skool gaan gebruik word om onderwysers se mening oor die faktore wat affektiewe klaskamerbestuur aan 'n arm landelike skool beïnvloed, te bepaal. In die volgende hoofstuk sal 'n deeglike studie van die literatuur gedoen word om genoemde sieninge te verifieer.

# HOOFSTUK 2

## LITERATUUROORSIG

### 2.1 INLEIDING

In hoofstuk een is 'n inleidende oriëntering, probleemstelling en definiëring van begrippe gegee. Daar is kortliks verwys na die sosio-ekonomiese probleme wat as gevolg van armoede in arm landelike gemeenskappe bestaan. Dit wil voorkom of armoede leerders se kanse op sukses in die skool ernstig kan benadeel. Die omvang van armoede plaas geweldige druk op die skool as opvoedkundige instelling om gehalte onderwys te voorsien. Hierdie studie probeer bepaal watter dinge tot swak klaskamerbestuur lei. Die klem is op armoede en die negatiewe effek daarvan op klaskamerdissipline. Goeie klaskamerbestuur kan moontlik tot beter leerderprestasie lei. Aangesien 'n onderwyser in beheer van 'n klaskamer is, sal sy/haar sieninge en ervaringe oor genoemde komponente vir hierdie studie belangrik wees om te bekom.

In hierdie hoofstuk word 'n literatuuroorsig gedoen om die belangrikste faktore, denke en strategieë deur navorsing daargestel, te identifiseer. Die literatuurstudie sal as grondslag vir samestelling van vraelyste en maak van aanbevelings dien. 'n Verskeidenheid bronne wat geraadpleeg is, sal onder die twee hofies van internasionale en nasionale bronne bespreek word. Om die groot hoeveelheid bronne hanteerbaar te maak, sal daar slegs op vier aspekte gekonsentreer word, naamlik die invloed van huislike / omgewingsomstandighede, die rol van die onderwyser, rol van die kurrikulum asook dissipline in die klaskamer.

### 2.2 INTERNASIONALE LITERATUUR

As beginpunt moet besin word oor oorsake vir leerders se swak skoolprestasie. Die Educational Testing Service-2004 (ETS) lys 14 faktore deur navorsing geïdentifiseer wat met leerderprestasie korreleer. Ses van die faktore hou verband met toestande binne en

agt faktore met toestande buite die skool. Die ETS (2004:3) formuleer die faktore soos volg:

| *"Before and Beyond School* | *In Schools* |
|---|---|
| *Birthweight, lead poisoning, hunger and nutrition, reading to young children, television watching, parent availability, student mobility, parent participation.* | *Rigour of curriculum, teacher experience and attendance, teacher preparation, class size, technology assisted instruction, school safety."* |

Die oorsake vir swak skoolprestasie is gevolglik nie net by die leerder as persoon nie, maar ook in die gemeenskap waarin hy/sy grootword asook invloede in die skool, te vind. Tydens die samestelling en analise van die vraelyste vir onderwysers sal hierdie faktore as grondslag gebruik word.

Die belangrikheid van klaskamerbestuur word bevestig deur navorsing oor onderwysers se beroepsiening ("National Center for Education Statistics – Schools and Staffing Survey and Teacher Following-up Survey). In hierdie studie kom Liu (2005:1) tot die gevolgtrekking dat probleme met leerderdissipline in die klaskamer 'n hoofrede was vir onderwysers se beroepsontevredenheid.

Armoede asook die negatiewe effek daarvan op leerderprestasie word wyd en diep in die literatuur aangespreek. Dit is veral die opvoedkundige organisasie (Unesco) van die Verenigde Nasies wat die inisiatief geneem het met 'n verskeidenheid publikasies en navorsing daaroor. Hulle is veral bekommerd oor arm landelike skole en die wêreld se onvermoë om leer in klaskamers aan te spreek met die oog op armoedeverliging internasionaal. 'n Groot verskeidenheid bronne hieroor is op hul webwerf, http://www.fao.org/sd/erp te kry. 'n Groot verskeidenheid elektroniese webwerwe asook sentrums en institute oor armoede bestaan en kan maklik met 'n soektog op die internasionale webwef gevind word. Alhoewel baie bronne oor armoede beskikbaar is, word min oor die invloed daarvan op klasbestuur gesê.

Die groot verskeidenheid en uiteenlopende bronne en beginsels deur navorsing geïdentifiseer, dui vir navorser op die kompleksitieit van hierdie saak. Dit was egter leersaam om met die groot verskeidenheid bronne kennis te maak. Om 'n sinvolle studie en aanbevelings te doen, sal beide huislike/omgewings en skoolomstandighede aangespreek word. Temas vir die navorsing is geselekteer aan die hand van die frekwensie wat dit in die literatuur voorkom asook relevansie vir hierdie studie. Die temas is die rol van armoede tuis/in die gemeenskap, die rol van die onderwyser / prinsipaal, die kurrikulum en dissipline in die skool/klaskamer.

2.2.1 Invloede van leerders se huislike omstandighede

In 'n verslag van die wêreldvoedingsorganisasie (in Fao & Unesco, 2003:92) word die aandag op arm kinders se behoefte aan voedsel gevestig. Voedingstekorte het verreikende gevolge vir kinders se vordering en prestasie in die klaskamer. Die nadeligste gevolg van wanvoeding is 'n gebrek aan konsentrasie. Lakin en Gaspereni (in Fao & Unesco, 2003:92-93) verwys hierna en voeg verder by dat die "voedingstatus van leerders ook inskrywings, retensie en afwesigheid affekteer ". Volgens hulle is hierdie tendens waarneembaar in baie landelike skole. 'n Verdere uitvloeisel van die tekort aan voedsel is kinders se swak fisiese ontwikkeling. Cox (2000:159) vestig die aandag daarop dat die swakker fisiese toestand kan lei tot emosionele probleme, spanning en lae vlakke van doeltreffendheid.

Dit blyk dat lae geletterdheidsvlakke van ouers ook 'n bepalende faktor is. Navorsing het bewys dat geletterde ouers se kinders ook geletterd is, en dat daar duidelike verbande bestaan tussen ouers se onderwysvlakke en kinders se skoolinskrywings, bywoning en leerderprestasie (Fao & Unesco, 2003:120). Gaspereni en Atchoarena (in Fao & Unesco, 2005:3) argumenteer dat ongeletterdheid saamval met armoede en honger en dat dit hoofsaaklik 'n landelike fenomeen is. Vergeleke met meer bevoorregte kinders, moet arm kinders dikwels hul skoolwerk doen sonder die hulp van hul ouers, omdat die ouer nie in staat is om hulp te verleen nie. Volgens Lakin en Gaspereni (in Fao & Unesco, 2003:92) word kinders wat geen of min leiding tuis met hul studies ontvang, benadeel.

Dit blyk dat die gebrek aan hulp ook aanleiding kan gee tot erge gevolge. In navorsing wat deur Bridgeland, Dilulio en Morison (2006:5) gedoen is, is bevind dat kinders wat geen of min tuiswerk doen se kanse groter is om die skool te verlaat. Cortese (2007:1) verklaar daarom dat "teen die tyd wat lae-inkomste leerders die skool betree, is hulle gemiddeld ver agter hul klasmaats."

Arm, ongeletterde volwassenes blyk nie finansieël en intellektueel toegerus te wees om hul kinders te stimuleer nie. Geld ontbreek in die huis om boeke en opvoedkundige speelgoed aan te koop. Navorsing deur Lakin en Gaspereni (soos in Fao & Unesco, 2003:77) hieroor dui dat stimulasie tuis kinders goed kan voorberei vir leer en suksesvolle voltooiing van hul skoolloopbane. Die belangrikheid van voorskoolse onderwys word ook na verwys as voorvereiste vir goeie prestasie. Navorsing in die V.S.A en Europa het bewys dat voorskoolse onderwys 'n stewig grondslag kan lê vir latere leer in die skool (kyk ook Sylva in Cox, 2000:121). Ook Gaspereni en Atchoarena (in Fao & Unesco, 2005:4) beklemtoon die belangrikheid van vroeë onderwys vir kwesbare en agtergeblewe kinders. Goeie voorskoolse programme kan stabiliteit bring in arm, gebroke kinders se lewens. Sylva (in Cox, 2000:121) meen ook dat vroeë ingryping in die lewens van jong kinders in agtergeblewe gemeenskappe, latere skoolmislukkings kan keer. Dit wil ongelukkig voorkom of arm kinders in landelike gebiede ook in hierdie opsig benadeel word. Volgens Lakin en Gaspereni (in Fao & Unesco, 2003:94;114) is vroeë kinderontwikkelingsprogramme in landelike gebiede skaars en trek slegs 'n paar families voordeel daaruit.

Een van die grootste uitdagings wat skole in arm gemeenskappe in die gesig staar, is onbetrokke, apatiese ouers. Daar kan met reg geargumenteer word dat ouerbetrokkenheid by veral arm skole onontbeerlik is vir leerdersukses. Vroeë navorsing deur Levin en Lockheed (1993:162) beklemtoon die belangrike rol wat ouers en families kan speel om die prestasies van hul kinders te verhoog. Dalin, Ayono, Biazen, Dibaba, Jahan, Miles en Rojas (1994:224) stem saam en toon aan dat ouerbetrokkenheid kan help om genoegsame hulpbronne vir die skool te verkry en dissiplinêre probleme aan te spreek. Dit is nie net die skool of die huisgesin nie, maar die hele gemeenskap waarin 'n

kind bly wat 'n invloed op sy/haar skoolprestasie het. In 'n navorsingsartikel in die Educational Leadership wys Halloway (2004:89) daarop dat die impak van die gemeenskap 'n groot invloed op kinderontwikkeling en leer het.

Dit is nie net armoede in die gemeenskap of huise wat 'n negatiewe invloed op leerders se skoolprestasie het nie, maar ook armoede in die skool self. Die Wake Country School System (WCRSS) verwys na twee soorte armoede, die armoedevlak van 'n individuele leerder asook armoedevlakke binne 'n spesifieke skool. Dit blyk dat selfs leerders uit meer gegoede dele of woonbuurtes in skole waar die meerderheid leerders uit arm gebiede kom, se kanse goed is om swak te presteer. Hulle (WCRSS, 2005:3) beweer: *"In schools with above average poverty rates, the poverty level of the school influence the scores of all children, including those from more advanced families. Low-income students at high-poverty schools are double at risk..."*

2.2.2 Die rol van die onderwyser in die voorsiening van gehalte onderwys

Daar is konsensus oor die belangrike rol wat onderwysers kan speel om leerders se prestasie te verbeter. Vir Levin en Lockheed (1993:28) speel onderwysers 'n sentrale rol in die lewering van kwaliteit onderwys. Dit blyk egter dat daar verskeie faktore is wat onderwysers se taak aansienlik kan bemoeilik en aanleiding tot swak motivering kan gee. Onderwysers is gedemotiveerd, ontmoedig en gedemoraliseerd (kyk ook Unesco, 2004:6). 'n Gebrek aan ondersteuning van owerheidskant en harde lewens-en-werksomstandighede word as oorsake deur hulle genoem. Gaspereni en Lakin (in Fao & Unesco, 2003:90) voeg verder by dat swak salarisse "die moraal van die mees toegewyde onderwyser knou." Omstandighede in die klaskamer self vererger waarskynlik die situasie. Baie onderwysers moet met oorvol, swak toegeruste klaskamers klaarkom (Lakin & Gaspereni in Fao & Unesco, 2003:90). Hierdie twee faktore sal later in die hoofstuk volledig bespreek en ontleed word.

Dit blyk dat ongemotiveerde onderwysers verskeie nadelige gevolge het op die lewering van gehalte onderwys. Levin en Lockheed (1993:43) vestig die aandag op afwesigheid

van onderwysers en beperkte onderrigtyd in verafgeleë landelike gebiede vir agtergeblewe leerders. Hierdie tendens word bevestig deur Lakin en Gaspereni (in Fao & Unesco, 2003:77; 90) wat wys op traagheid en swak voorbereiding vir klasse van swak betaalde onderwysers. Onder hierdie omstandighede is dit logies dat 'n kultuur van onderrig en leer sal ontbreek. Dalin *et al.* (1994:244) beklemtoon dat onderwysers in die beste skole gemotiveerd, teenwoordig en stiptelik is. In die konteks van die probleme wat by arm skole bestaan, is hierdie kenmerke waarskynlik ook onontbeerlik vir leerdersukses.

Goed opgeleide onderwysers sal beter klasgee as hul ondergekwalifiseerde kollegas. 'n Goed opgeleide, gemotiveerde onderwyser is beter daartoe instaat om sy/haar leerders te stimuleer en te lei (soos in Fao & Unesco; 2003: 143). Hierdie sentiment word gedeel deur Biddle en Berliner (ongedateer :15) wat verklaar dat kinders meer sal leer en beter houdings sal ontwikkel as hulle blootgestel word aan goedopgeleide en entoesiastiese onderwysers. Lakin en Gaspereni (in Fao & Unesco, 2003: 89-90) verwys hierna en verklaar dat landelike onderwysers oor die algemeen swak opgelei is. Volgens hulle het swak opgeleide onderwysers 'n groot impak op faktore soos skoolinskrywings, bywoning en retensie van leerders.

Die skoolhoof behoort 'n belangrike rol te speel om sy/haar onderwysers gemotiveerd te hou. Die voorbeeld wat die skoolhoof stel is van groot belang. Dalin *et al.* (1994:36) verwys hierna en meld dat as die hoof nie toegewyd is nie, kan nie van andere dieselfde verwag word nie. Navorsing wat deur Dalin en sy span (1994:245) oor effektiewe skole gedoen is, bewys dat skoolhoofde in uitstekende skole toegewyd, stabiel, aktief, adviseurend en goeie kommunikasie handhaaf. Hierdie skoolhoofde gee om vir hulle onderwysers en verseker dat onderwysers dit "reg doen". Ten einde te verseker dat 'n gesonde leersitsuasie geskep word, moet klaskamergebaseerde ondersteuning daarom op deurlopende wyse aan onderwysers verskaf word. Aangesien hierdie studie fokus op die invloed van dissiplinêre probleme op klaskamerbestuur, is dit nodig om te besin oor die magsbasis wat in 'n klaskamer bestaan. Die magsbasis verwys na denke waarop 'n onderwyser sy/haar dissipline baseer, wat as basis vir hul eie optrede met leerders dien.

Boynton (2005:4) beweer dat hierdie magsbasisse wat onderwysers in klasbestuur toepas, 'n uitvloeisel is van hul eie persoonlike sieninge. Hy verwys na onderstaande vyf magsbasisse wat 'n onderwyser kan gebruik om sy/haar leerders te bestuur.

| *Magsbasis* | *Verduideliking* |
|---|---|
| *1. Verhoudingsmag* | *1. Hierdie mag is die invloedrykste en is gebaseer op 'n sterk gevoel van omgee wat die leerder vir die onderwyser het* |
| *2. Afdwingende mag* | *2. Dit is die mag wat leerders waarneem of kan sien onderwysers het a.g.v. hul vermoë om te kan straf / straf te kan uitdeel.* |
| *3. Wettige mag* | *3. Vloei voort vanuit 'n onderwyser se gesagsposisie oor 'n leerder* |
| *4. Kundigheidsmag* | *4. Dit is die mag wat 'n onderwyser het a.g.v. hul spesiale vakkennis en dissiplinêre strategieë* |
| *5. Beloningsmag* | *5. Dit verwys na die mag wat leerders dink 'n onderwyser het omdat hulle belonings vir leerders se gedrag kan toeken of weerhou* |

'n Verskeidenheid faktore speel 'n rol by klaskamerbestuur. Literatuur hierbo aangedui beskou die rol van die onderwyser as een van die belangrikste faktore. Aangesien denke oor magsbasis in die klas reeds nagevors is, kan dit nuttig in die vraelys ingebou word. Afhangende van hul eie persoonlike sieninge, pas onderwysers hul magsbasisse aan in interaksies met leerders, bv. 20% kundigheidsmag of 5%; 55% verhoudingsmag of 5%; 15% wettige mag of 10%; 5% beloningsmag of 45% en 5% afdwingende mag of 35%.

In navorsing dui Boynton (2005:4) 'n ideale verhouding tussen die magsbasisse en kritieke komponente van klaskamerdissipline aan, naamlik 40% verwysingsmag (verhoudings); 25% erkende mag (duidelike raamwerke van aanvaarbare gedrag); 25% kundigheidsmag (vaardigheid om te kontroleer / moniteer) en 10% belonings- en dwingende mag (gevolge) .

'n Inrigting bekend as die Teacher Education Institute in Florida (VSA) het iets daadwerklik gedoen om genoemde ingewikkelde probleme aan te spreek. Hierdie inrigting bied professionele opleiding en ondersteuning aan deur middel van 'n "aanlyn" kursus asook direkte ondersteuning in die klaskamer. Vir so 'n professionele ontwikkelingskursus word krediete toegeken wat kan uitloop op die verwerwing van 'n meestersgraad. Hul kursus (kyk Teacher Education Institute, 2007) fokus spesifiek op

die "Inlvoed van Armoede op Onderwys". Hierdie soort opleiding en ondersteuning kan ook in die Suid-Afrikaanse konteks met vrug toegepas word.

### 2.2.3 Die rol wat die Kurrikulum speel

Dit blyk dat die inhoud van die kurrikulum nie voldoen aan die behoeftes van landelike leerders nie. Lakin en Gaspereni in (Fao & Unesco, 2003:89) is van mening dat 'n sentraal beplande kurrikulum vir stedelike leerders, nie relevant vir sommige leerders in landelike gebiede is nie. Hulle voeg by dat dit aanleiding kan gee tot swak skoolbywoning van leerders. Leerders kan sukkel om leerinhoude in verband te bring met eie ervaringe. As oplossing vir hierdie probleem doen Gaspereni en Atchoarena (in Fao & IIEP/Unesco, 2005:7) aan die hand dat 'n kurrikulum die kernnasionale inhoud met die plaaslike inhoud moet kombineer. Hulle voeg verder by dat daar van plaaslik beskikbare vaardighede, kennis en ander bronne gebruik gemaak kan word om leerders se belangstelling te behou. Dit blyk dat onderwysers nie van hierdie moontlikhede bewus is nie of selfs nie die moed het om aanpassings te maak nie. Onderwysers voel magteloos en implementeer daarom die kurrikulum rigied as iets wat deur die onderwysowerhede voorgeskryf is (Unesco, 2004:13).

Onderrigmetodes by landelike skole is dikwels verouderd. Levin en Lockheed (1993:31) wys daarop dat onderrig in ontwikkelende lande gekenmerk word deur heelklasonderrig, afskryf vanaf die skryfbord, min geleentheid om vrae te vra of deel te neem aan lesse, memorisering van inhoude sonder om aktief deur die materiaal te werk en min deurlopende monitering en assessering. 'n Span navorsers (soos in Padrón, 2000) aan die Universiteit van Houston het bevind dat die konteks of kultuur van onderrig wat in so te sê alle klaskamers daagliks toegepas word, steeds die onderwysergerigte model is. Dit verwys na 'n situasie waar die onderwyser aktief alle aktiwiteite in die klaskamer lei en beheer, terwyl leerders passief op onderrig reageer deur te kyk en te luister. Onderrigbenaderings soos onderrigaktiwiteite in kleingroepe en onafhanklike werk kom nie juis voor nie. Die kultuur in die klaskamer is een van 'maak die werk klaar' eerder as deelnemende, kreatiewe en stimulerende aktiwiteite. Die kurrikulum konsentreer op lae vlakke van leer met die klem op dril en herhaling om leerders vir toetse en eksamens voor

te berei. Haberman (1991) gebruik die begrip "*Pedagogy of Poverty*" vir hierdie benadering en verwys na die negatiewe effek daarvan op motivering en leer. Tydens die navorsing is gevind dat onderwysers bewus is van die negatiewe effek van tradisionele onderrigmetodes. 'n Paar maande nadat hulle opleiding in meer effektiewe onderrigmetodes ontvang het, is maar weer oorgeskakel na die bekende "onsuksesvolle metodes". Volhoubaarheid kan net met deurlopende ondersteuning geïnstitusionaliseer (as 'n permanente werkwyse gevestig) word (Padrón, 2000:3).

Tradisionele benaderings met verouderde materiaal en onderwerpe maak dat leerders die leerproses vervelig en oninteressant vind (kyk ook in Unesco, 2004:15). Chapman en Mählck (2004: 244) bied 'n oplossing deur voor te stel dat 'n verskeidenheid onderrigstrategieë gebruik moet word om leerders se belangstelling te kry en te behou. Dit blyk dat verouderde onderrigstrategieë aanleiding kan gee tot swak prestasie en vroeë skoolverlating. 'n Ander bydraende faktor is 'n assesseringstelsel wat leerders as swak presteerders brandmerk. McEwan en Benveniste (in Kline, 2000: 5) verwys na aktiewe leer en groepwerk met die klem op kreatiwiteit as 'n rede vir die suksesse van die Escuela Nueva program in Colombië. Daar kan afgely word dat onderrigstrategieë 'n groot rol speel in suksesvolle onderrig en leer.

Baie onderwysers in landelike skole sukkel met swak toegeruste, oorvol klaskamers Lakin en Gaspereni (in Fao & Unesco, 2003:90). Volgens Biddle en Berliner (ongedatteer:1) is 'n groot hoeveelheid navorsing al gedoen oor die impak van klasgroottes op leerderprestasie en dat skerp meningsverskille oor die onderwerp bestaan. Daar is egter wydverspreide eenstemmigheid onder opvoeders dat te veel leerders in 'n klaskamer kan lei tot 'n gebrek aan individuele aandag en swak dissipline. Biddle en Berliner (ongedateer:15) verwys hierna en noem dat een-tot-een interaksie moeilik in oorvol klasse is. In teenstelling hiermee ervaar kinders in kleiner klasse 'n toename in kontak met hulle onderwysers en meer gereelde leerder-onderwyser interaksie (National Council of Teachers of English (NCTE), 1999:6 & McAdoo, 2006:4). Bogenoemde skrywers verwys na verskeie ander voordele van kleiner klasse. Volgens Biddle en Berliner (ongedateer:10) lei kleiner klasse tot minder skoolverlatings en graadherhalings. Die NCTE (1999:6) vestig die aandag daarop dat dissiplinêre probleme in kleiner klasse

gou geïdentifiseer en opgelos kan word. In teenstelling hiermee verklaar Cherian en Mau (2003:153) dat die kanse vir dissiplinêre probleme in oorvol klasse baie groot is. Swak presterende leerders word waarskynlik die meeste in sulke klasse benadeel. 'n Interessante bevinding deur die Star Projek in Amerika is dat lae inkomste leerders die meeste vordering gemaak het wanneer hulle in kleiner klasse geplaas word (Science Central, ongedateer:1).

Groot klasse het ook 'n impak op onderwysers se werklading. Nasienwerk en verslaggewing is meer en die baie administratiewe werk kan lei tot uitputting en frustrasie. Dit blyk dat al hierdie faktore kan lei tot 'n lae moraal en stress onder onderwysers (kyk ook NCTE, 1996:6). Biddle en Berliner (ongedateer :15) bevestig hierdie siening en voeg by dat kleiner klasse onderwysers in staat stel om 'n meer ondersteunende omgewing vir leer te voorsien.

2.2.4 Die rol van dissipline in die klaskamer

Een van die moeilikste uitdagings waarmee onderwysers op 'n daaglikse basis gekonfronteer word, is die handhawing van dissipline in die klaskamer. As gevolg van die opvoedingsverwaarlosing tuis weet arm kinders dikwels nie hoe om korrek in die klaskamer op te tree nie. Hierdie probleem lei daartoe dat sulke leerders besondere hoë eise aan onderwysers ten opsigte van dissipline stel. Selfdissipline ontbreek en negatiewe optredes soos rondlopery tydens lesse, stryery met maats en rasery kom algemeen voor. Hierdie tendens word deur Gray en Richter (in Cox, 2000:82) bevestig wanneer hulle sê dat ontwrigtende leerders minder aandag aan werk gee, hulle swak gedra, die onderwyser ignoreer en gesag verontagsaam. Weens die armoede en ook belangeloosheid van ouers, daag leerders sonder hul skryfbehoeftes by die skool op wat tot konfrontasie met die onderwyser lei. Onder sulke omstandighede word baie tyd op organisasie en bestuur gemors met min aan leer, die sogenaamge "time-on-task". Dit veroorsaak dat onderrig- en leertyd verminder met 'n gevolglike toename in swak gedrag in die klaskamer (kyk ook Bay Area School Reform Collaborative (BASRC) , 2001:2).

Verskeie skrywers verwys na die ernstige nadele van swak gedrag in die klaskamer. Cortese (2007:4) vrees dat ontwrigtende leerdergedrag dit vir onderwysers onmoontlik kan maak om te onderrig en vir kinders om te leer. Cox (2000:86) voer aan dat personeel wat nie ontwrigtende leerders kan hanteer nie, hulself as mislukkings kan sien wat tot 'n afname in personeelmoraal kan lei. Meer as tevore moet onderwysers leerders hanteer wat deur disfunksionele families, egskeidings en armoede beskadig is. In 'n artikel verwys Blaum (1996) daarna dat die mees gewelddadige gedrag vandag in klaskamers voorkom. Negatiewe rolmodelle van fisieke geweld en immoraliteit wat die openbare pers vir kinders voorhou, is een oorsaak daarvan. Onderwysers het geen invloed oor enige van hierdie kragte vanuit die gemeenskap nie. Blaum (1996:14) wys ook die vinger na die gemeenskap wanneer hy beweer:

*"What is happening outside the schools is spilling into the classroom. Schools mirror society at large. The more violence in society, the more violence in schools."*

2.2.5 Samevatting van die internasionale literatuur

Die internasionale literatuurondersoek het gefokus op faktore wat 'n rol op klasbestuurspraktyke by arm landelike skole speel. Dit blyk dat huislike omstandighede van kinders 'n wesenlike bydrae lewer tot 'n gebrek aan vordering in die klaskamer. Van groot betekenis is die tekort aan voedsel wat lei tot swak konsentrasie asook die swak ondersteuning wat die kind tuis en in die gemeenskap ervaar. 'n Kommerwekkende prentjie wat deur die literatuur geskets word, is die lae moraal en toewyding onder onderwysers. Die ongunstige werksomstandighede soos oorvol klasse, dissipline en tekort aan hulpbronne is faktore wat onderwysermoraal verswak. Dit blyk ook dat swak motivering van onderwysers aanleiding kan gee tot 'n hele rits probleme soos laatkommery, afwesigheid en verminderde onderrigtyd.

Faktore in die gemeenskap sowel as in die skool kan tot leerders se swak prestasie bydra. Dit is veral die rol van armoede asook dié van die onderwyser waarin hierdie studie belangstel. Die effek van armoede realiseer in die vorm van gebrekkige dissipline in klaskamers. Armoede as verskynsel in 'n gemeenskap is so kompleks dat skole baie min

daarvan kan doen. Waaraan wel iets gedoen kan word, is om aandag te gee aan die tradisionele onderrig-, leer- en bestuurmetodes wat in klaskamers toegepas word om 'n rigiede kurrikulum wat nie met arm landelike skole versoenbaar is nie, te implementeer.

Verby is die dae dat onderwysers op grond van hul status respek by leerders of ouers afdwing. Vandag moet onderwysers oor tegnieke beskik vir die daarstel van 'n leerklimaat waar ontwrigtende leerdergedrag tot 'n minimum beperk kan word. Die beste manier om dissiplinêre probleme te voorkom is effektiewe onderrig. In die verband is reeds verwys na professionele opleidingsprogramme. Goeie voorskoolse onderwysprogramme sou ook kon kompenseer vir agterstande wat arm kinders ervaar.

## 2.3 NASIONALE LITERATUUR

Dissipline, armoede, klasorganisasie, leerders, ouers en onderwysers is altyd in die onderwys teenwoordig, of dit nou in Indië of Suid-Afrika is. Daarom behoort die vier geïdentifiseerde beginsels wat as basis vir die internasionale literatuur-ondersoek gebruik is, nie wesenlik van 'n ondersoek van die Suid-Afrika literatuur te verskil nie. Dit is wel waar dat kontekstuele verskille 'n eiesoortige Suid-Afrikaanse siening tot gevolg kan hê. Suid-Afrikaanse bronne is nie naastenby van dieselfde omvang as wat internasionaal beskikbaar is nie. Eerstens het navorser probeer bepaal watter nagraadse studies in die verband aangepak is. Net een bron is tydens 'n NEXIS-soektog gevind wat enigsins vir hierdie studie relevant kan wees. Dit was 'n meesterverhandeling deur Mahlobo genaamd "The effect of school violence on academic achievement: a case study of Amandlethu Secondary School" wat in 2000 aan die Universiteit van Natal voltooi is. By nadere ondersoek is bevind dat die konteks en inhoudelike daarvan nie op hierdie studie van toepassing gemaak kan word nie.

Een van die grootste albatrosse wat die apartheidsjare van voor 1994 vir die eerste demokraties-verkose regering nagelaat het, was die haglike situasie waarbinne duisende arm landelike skole hulself bevind het. Na meer as 'n dekade van beleidsformulering en ingrype is die lot van hierdie mense nog nie juis verbeter nie. Hierdie bewering word

gemaak aan die hand van 'n aantal invloedryke dokumente wat sedert 2004 oor arm landelike skole in Suid-Afrika gepubliseer is.

2.3.1 Vier kerndokumente as basis vir 'n Suid-Afrikaanse literatuurondersoek

Gedurende Mei 2004 verskyn die eerste dokument met die naam: "Forgotten schools: Right to Basic Education for Children on Farms in South Africa" geskryf deur die Human Rights Watch. Die dokument beweer dat die staat misluk om in leerders se reg tot primêre onderrig te voorsien. Die uiters swak situasie waarin hierdie armstes van armes hulsef bevind, word uitgelig en sekere aanbevelings gemaak om dit aan te spreek. In die dokument word beweer dat die staat primêr verantwoordelik is om hierdie leerders se reg tot basiese onderwys te beskerm.

Gedurende 2005 bring die Nelson Mandela Foundation 'n verslag oor onderwys in Suid-Afrikaanse landelike gemeenskappe uit: "Emerging Voices. A Report on Education in South African Rural Communities", wat deur Chrisholm van "The Human Sciences Research Council" (HSRC) en Porteus van "The Education Policy Consortium" (EPC) vir die stigting gelei is. In 'n voorwoord tot die verslag verwys oud-president Nelson Mandela na die verbetering van die kwaliteit van onderrig as oplossings vir landelike gebiede deur te sê:

*"Foremost among the challenges facing rural South Africa is the task of improving the quality of education".*

In die verslag word gewys dat ontwikkeling in landelike onderwys grootliks met die probleem van armoede verbind is. Die slotsom van die verslag is dat die oorgrote meerderheid leerders in arm landelike gebiede minder onderrig ontvang as waarop hulle in 'n demokratiese Suid-Afrika geregtig is. 'n Bekommernis is die langtermyn effek hiervan op individue en gemeenskappe waar geen geleenthede aan individue gebied word om hul potensiaal en lewens te ontwikkel nie. Solank as wat hierdie probleme nie opgelos word nie (deur die kwaliteit van onderwys), sal die gemeenskap steeds gebukkend gaan onder die gevolge van armoede en ongelykhede.

Die argument van die verslag is dat mense in landelike gebiede op dieselfde regte as die in stedelike gebiede geregtig behoort te wees. Hier word verwys na beide toegang en deelname aan onderwys asook gelykhede wat betref ervaringe, kwaliteit en uitkomstes van die onderwys. Hierdie verslag is voorafgegaan deur besoeke aan landelike gebiede waar na die menings van mense geluister is (vandaar die naam "Emerging Voices"). In die verslag (2005:xiii) word 'n opsomming gegee van die verskillende rolspelers se versoeke vir basiese regte en gelykhede deur aan hul daaglikse behoeftes te voorsien.
*"Adult voices express a need for skills and education that would promote community, rural and social development. Teachers seek greater parental participation in the education of children. Learners call for education that is equal, socially just, meaningful, enabling and open to the wider world. All three constituencies want schools to be green and beautiful".*

Die werklikheid, omvang en vervlegdheid van armoede met ander uitdagings wat arm landelike gemeenskappe moet trotseer, maak dit 'n komplekse verskynsel om aan te spreek. Eenvoudige en haastig uitgedinkte oplossings is duidelik nie die antwoord nie. Geïntegreerde landelike ontwikkelingstrategieë moet deel van die oplossing wees.

'n Ministeriële verslag oor landelike onderwys (<u>Ministerial Committee Report on Rural Education – A new vision for rural schooling</u> – February 2005) was 'n opdrag aan 'n komitee om praktiese voorstelle aan die Departement van Onderwys en provinsiale onderwysdepartemente te maak. Hierdie voorstelle sou gebruik word om 'n plan van aksie saam te stel vir die verbetering van die kwaliteit van onderrig in landelik gebiede. In die verslag (2005:2) word erken dat onderwys in arm landelike gebiede steeds in 'n krisis is.
*"Qualitative and quantitative information consistently reveals the daily risks faced by these communities and shows that education is not fulfilling its mandate of promoting well-being".*

Aanbevelings is gemaak oor die volgende onderwerpe: "Eradicating poverty; funding rural schooling; the size and shape of education in rural areas; governance and

management; curriculum reforms; educators and farm schools". Aanbevelings van toepassing op hierdie studie sal onder die hofies wat volg bespreek word.

Die laaste dokument is in 2006 gepubliseer en handel oor 'n verslag van die Suid Afrikaanse Menseregtekommissie met die naam "Report of the Public Hearing on the Rights to Basic Education". In hierdie verslag word daarna verwys dat Suid-Afrika oor die mees progressiewe grondwet in die wêreld beskik. Die kommissie redeneer dat hierdie geskrewe dokument niks werd is indien dit nie in die daaglikse lewens van die bevolking realiseer nie. Heel moontlik word verwys na al die navorsing, voorstelle en beleidsdokumente wat verskyn het maar dat geen sigbare ontwikkeling in arm landelike skole gebeur het nie. Die reg op basiese onderwys word as die sleutel gesien vir die ontsluiting van elke individuele Suid-Afrikaner se potensiaal om demokrasie te ervaar. Hierdie basiese reg (tot onderwys) verleen toegang tot verskeie ander regte.

Die kommissie het alle relevante navorsing in Suid-Afrika bestudeer waarna landswye openbare verhore gehou is om vordering na die reg op basiese onderwys te bepaal. Die bevindinge korreleer goed met oorsese literatuur maar toon ook die eiesoortige probleme van arm skole in die Suid-Afrikaanse konteks aan. Hulle bevestig dat arm landelike skole nog steeds nie die vrugte van demokrasie pluk nie wanneer tot die volgende slotsom gekom word (2006:3):

*"The findings of the Public Hearing come to the conclusion that the lived daily reality at school for many children in South Africa, particularly those children in rural and township schools is incongruous with the legislation and the policies of the Department of Education. Those children who are most disadvantaged in enjoying the right to basic education lack the means and the social power to break out and claim their rights."*

Hierdie landelike skole wat deur armoede gekenmerk word, vorm 'n sogenaamde tweede onderwysstelsel in Suid-Afrika. Kenmerke van hierdie skole is disfunksionaliteit, kwesbaarheid, vervreemding en gebrek aan sosiale samehang. Die staat word verantwoordelik gehou om aan alle Suid-Afrikaners die reg op basiese onderwys te bied. Die verslag wys daarop dat miljarde rande reeds hieraan spandeer is. Onlangse

navorsingsverslae dui egter dat gestelde uitkomstes nie gerealiseer het nie. Die verslag (2006:2) identifiseer nege oorsake daarvoor naamlik armoede; HIV/VIGS; geweld en mishandeling wat vanaf die samelewing na die skool oorgedra word; gebrek aan inklusiwiteit in skole; gebrek aan infrastruktuur; rol wat die onderwyser speel; die taak van onderrig; swak skoolbestuur en gebrek aan deelname vanuit die gemeenskap asook swak dienslewering en gebrek aan monitering.

Hierdie vier verslae is voorgehou om die leser bekend te stel aan die Suid-Afrikaanse konteks wat dan as bril kan dien om na die meer spesifieke onderafdelings wat volg, te kyk.

### 2.3.2 Invloede van leerders se huislike omstandighede

Die Suid-Afrikaanse literatuur skets 'n droewige prentjie van 'n tekort aan voedsel en kleding onder behoeftige leerders. Navorsing wat gedoen is deur Chrisholm en Porteus vir die HSRC en EPC, (2005: 53) asook die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (2006: 21) bevestig hierdie tendens en verklaar dat baie kinders in Suid-Afrika skool bywoon sonder kos en dus in die klas honger is. In 'n bespreking van die internasionale literatuur is verwys na die baie nadelige gevolge wat voedseltekorte kan hê op leerders se konsentrasievermoeë in die klaskamer. Werkloosheid of 'n lae inkomste in arm huishoudings veroorsaak dat ouers sukkel om in die kind se behoeftes vir die skool te voorsien. Dit lei daartoe dat kinders dikwels by die skool sonder skooluniforms en skryfbehoeftes opdaag. Volgens Chrisholm en Porteus (in HSRC & EPC, 2005: 50) kan hierdie tekorte lei tot afwesighede van leerders en ook spanning tussen die familie en die skool. 'n Leerder wie nie skryfgereedskap in die klaskamer het nie, sal waarskynlik sukkel om werkopdragte stiptelik uit te voer. Voortspruitend hieruit kan dissiplinêre probleme ontstaan, terwyl onderrigdoelstellings moeilik bereik sal word. Verskeie onwettige strafmaatreëls word deur sommige skole toegepas. Chrisholm en Porteus (kyk HSRC & EPC, 2005: 53) verwys na voorvalle waar leerders buite die klas gehou word, skryfboeke of skryfware teruggehou word, leerders van eksamens en die gebruik van die

skool se fasiliteite uitgesluit word, hul rapporte teruggehou word en dat hulle grade moet herhaal.

Omstandighede binne ouerhuise kan dit moeilik vir arm kinders maak om skoolwerk te doen of vir toetse en eksamens te leer. In baie huise is leefomstandighede nie bevorderlik vir tuisstudie nie. Pretorius (2000:318-319) verwys hierna en noem dat 'n atmosfeer van rustigheid en stabiliteit en ook 'n geskikte studeerplek vir die kind ontbreek. Die sitsuasie word waarskynlik vererger omdat arm kinders dikwels geen ondersteuning van hul ouers ervaar nie. Behalwe dat die ouers ongeletterd is, staan hulle volgens Pretorius (2000:322) apaties en onbetrokke ten opsigte van die onderwys. As gevolg hiervan moet die kind dikwels moeilike tuiswerkopdragte op sy/haar eie uitvoer. Soos gesien in die internasionale literatuur kan dit daartoe lei dat die kind tou opgooi en die skool verlaat. In gevalle waar ouers wel wil help, blyk dit dat hul geletterdheidsvlakke hulle daarvan weerhou. Chrisholm en Porteus (soos in HSRC & EPC, 2005:29), meld dat baie ouers in landelike gebiede nie hul kinders kan help as gevolg van hul eie swak onderwysvlak. Arm inwoners in landelike gebiede se werk bestaan baie keer uit uitputtende, veeleisende hande-arbeid. Dit lei waarskynlik daartoe dat daar min energie en tyd na werk oor is om met die onderwysers te skakel om hul kind se vordering te bespreek. In die bespreking van die internasionale literatuur is verwys na die voordele van ouerbetrokkenheid. Pretorius (2000:329) verklaar onomwonde dat die kind slegs presteer as sy/haar ouers by skoolaktiwiteite betrokke is. Squelch en Lemmer (in Van Deventer & Kruger, 2003:9) wys verder op voordele soos verbeterde skoolprestasie, verminderde skoolverlatings, 'n afname in pligsversuim en 'n meer positiewe houding teenoor die skool.

### 2.3.3 Die rol van die onderwyser in die voorsiening van gehalte onderwys

Die deurslaggewende rol van die onderwyser word internasionaal erken. Juis daarom kon die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (2006:110) sê dat onderwysers die belangrikste rolspelers in die onderwysstelsel is, omdat hulle baie tyd met die leerders spandeer en gehalte onderrig in die klaskamer kan verseker. Dit wil egter voorkom of baie probleme in landelike skole toegeskryf kan word aan 'n gebrek aan toewyding onder

opvoeders. Vanweë die onbetrokkenheid van die ouers, blyk dit dat die skool en onderwysers vir baie leerders die enigste bron van hoop is. Vir die Suid-Afrikaanse Menseregte Kommissie (2006: 42) is onderwysers deurslaggewend om te verseker dat elke leerder die reg tot 'n basiese onderwys geniet. Aan die ander kant blyk dit dat ouers die belangrikheid van goeie, pligsgetroue en hardwerkende onderwysers besef en waardeer. Hierdie vermoede word bevestig deur Chrisholm en Porteus in hul werk gedoen vir die HSRC en EPC (2005: 107) waarin hulle daarop wys dat ouers in landelike gebiede van hardwerkende, geduldige, behulpsame onderwysers hou wat tuiswerk gee en wat leerders se lus vir die skool aanwakker.

Ook die Suid-Afrikaanse Literatuur skets 'n somber prentjie van die swak werksomstandighede vir onderwysers. Dit lyk of swak werksomstandighede lei tot lae moraal en motivering. Verskeie oorsake word uitgesonder vir hierdie sitsuasie. Volgens die Departement van Onderwys (2005: 26) is die swak werksomstandighede soos lang werksure, die groot werks- en beleidslas, gebrek aan dissipline en leerders wat nie respek aan onderwysers betoon nie, ernstige kwessies. Brunton en Vennote (2003: 47) wys daarop dat daar altesaam sewe rolle en bevoegdhede is wat onderwysers moet vervul, soos deur die Nasionale Onderwysdepartment voorgeskryf. Dit wil voorkom of onderwysers eenvoudig nie instaat is om hierdie rolle te kan vervul nie en as gevolg daarvan onder geweldige druk verkeer. Chrisholm (HSRC) en Porteus (EPC) (2005: 108) se standpunt is dat hierdie rolle, wat gemik is op transformasie in die klaskamer, moeilik bereikbaar is omdat onderwysers se eie ervaring en opleiding hulle nie daarop voorberei het nie.

Die gevolge van swak onderwysermoraal- en toewyding werk vernietigend in op die kwaliteit van onderwys wat gelewer word. Die Suid- Afrikaanse Menseregtekommissie (2006: 42) verwys na die onaanvaarbare gedrag en teenwoordigheid van 'n gebrek aan verantwoordbaarheid onder onderwysers. Voorspruitend hieruit is die afwesigheid asook swak benutting van onderrigtyd deur onderwysers in die klaskamer. Hierdie tendens word bevestig deur Chrisholm en Porteus (vir die HSRC & EPC, 2005: 116) wat melding maak van die gereelde afwesigheid van opvoeders by landelike skole. Die

Mensregtekommissie (2006: 42) verklaar ook dat onderwysers te min tyd in die klaskamer deurbring. 'n Interessante, dog onrusbarende verskynsel is dat hoe armer die skool is, hoe groter is die kans dat die onderwyser nie in die klas sal wees nie (Suid-Afrikaanse Mensregtekommissie, 2006: 26). By enige skool behoort onderrig en leer sentraal te staan. As onderrigleier is dit die prinsipaal se taak om die kwaliteit van onderrig en leer te verseker. Van Deventer en Kruger (2003:8) beklemtoon dat hulle deur toesighouding en beskerming van onderrigtyd kan verseker dat leeruitkomste in 'n skool bereik word.

Verskeie rolspelers skets 'n onrusbarende prentjie van swak opgeleide opvoeders in Suid-Afrika. Onder- en ongekwalifiseerde opvoeders het 'n negatiewe impak op die genieting van die basiese reg op onderwys vir kinders (Suid-Afrikaanse Mensregte Kommissie, 2006: 42). Chrisholm en Porteus (kyk HSRC & EPC, 2005: 43) verklaar dat 'n gebrek aan onderrig en voldoende kennis in klasse daartoe lei dat leerders nie belangstel en gemotiveerd is om te leer nie. Parker en Day (in Botha, 2004:240) beskou daarom die bevordering van 'n positiewe onderrigklimaat as een van die belangrikste take van die skoolhoof as onderrigleier. Hulle wys daarop dat in 'n sitsuasie waar leer opwindend gemaak word, waar onderwysers en leerders ondersteun word en waar daar 'n gedeelde doel bestaan, sal leer nie moeilik wees nie. Dit wil voorkom of onderwysers nie oor genoegsame kapasiteit en vakkennis beskik om gehalte onderwys in veral die "moeilike leerareas" soos Wiskunde en Wetenskap te lewer nie. As Die Suid-Afrikaanse Mensregte Kommissie (2006: 43) hul sin kan kry, sal 'n spertyd ingestel word om alle ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers op te lei.

### 2.3.4 Die rol wat die kurrikulum speel

Die Ministeriële Komitee (2005:7) verwys daarna dat die kwaliteit en gelykheid in onderwys in die werksaamheid van die kurrikulum te vinde is. Wat moet gebeur is dat leerders so gestimuleer word dat daar vordering in hul kognitiewe en ontwikkelingvlakke is. In werklikheid is die onderwyser self die "kurrikulum" aangesien dit hy/sy is wat dit onderrig, medieer en fasiliteer. Die kerneis om die kurrikulum by hierdie skole aan te pas

kan die regte van individue tot kwaliteit en gelyke onderwys ondermyn. Die verslag wys daarop (2005:7) dat die oplossing eintlik geleë is by die onderwyser, verwysende na sy/haar werwing, diensvoorwaardes en toepaslike vorme van opleiding, ondersteuning en professionele ontwikkeling. Dit is jammer dat deurslaggewende kurrikulumaangeleenthede in genoemde verslae amper heeltemal oorskadu word deur meer onmiddellike en dringende sake soos bronne vir effektiewe onderrig en leer.

Die grootste uitdaging waarmee onderwysers in Suid-Afrika gekonfronteer word, is die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys. Dit blyk dat dit veral die geval is op die platteland met sy swak opgeleide onderwyserskorps. Navorsing wat oor die werkbaarheid van Uitkomsgebaseerde Onderwys in Suid-Afrika gedoen is, dui daarop dat onderwysers sukkel om die stelsel suksesvol te implementeer. Verskeie redes word vir die probleme aangevoer. Volgens Chrisholm en Porteus (soos in HSRC & EPC, 2005:81) argumenteer sommige onderwysers dat die nuwe kurrikulum nie geskik is vir landelike skole met groot klasse, beperkte hulpbronne en swak gekwalifiseerde opvoeders nie. Die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys in klaskamers word waarskynlik verder belemmer deur onderwysers se ongeërgde houding teenoor die stelsel. Die Departement van Onderwys (2005:38) beklemtoon daarom dat die inwerkingstelling van Kurrikulum 2005 wesenlike veranderinge ten opsigte van onderwysers en skoolbestuurders se ingesteldheid vereis. Swak opgeleide onderwysers in landelike skole met hul beperkte kennis van leerteorieë en gebrekkige vakkennis, beskik waarskynlik nie oor die selfvertroue en vermoeëns om hierdie uitdagende kurrikulum suksesvol te implementeer nie.

Dit blyk dat onderwysers in Suid-Afrikaanse landelike skole hoofsaaklik eendimensionele onderrigmetodes gebruik. Hierdie tendens word bevestig deur navorsing wat deur verskeie belangrike rolspelers gedoen is. Die Departement van Onderwys (2005: 27) is van mening dat onderwysers ou metodes van onderrig gebruik, ongeag die inwerkingstelling van Uitkomsgebaseerde Onderwys. Chrisholm en Porteus (HSRC & EPC, 2005:87-90) voeg verder by dat monoloog-gebaseerde onderrig en leer sonder begrip waar onderwysers die sentrale rol speel, in klaskamers voorkom. Dit wil

voorkom of leerders geensins baat by hierdie tipe onderrig nie. Volgens hulle word leerderoutonomiteit en kritiese denke nie verhoog deur tradisionele metodes nie.

Swak finansiële omstandighede is waarskynlik die vernaamste oorsaak vir die gebrek aan hulpbronne by arm skole. Die Departement van Onderwys (2005:75) verklaar dat 'n gebrek aan hulpbronne uitgewys is as die enkele mees kragtige tema in die Ministeriële verslag oor onderwys in landelike skole. Dit is algemeen bekend dat hulpbronne en -middels nodig is om lesse vir leerders makliker verstaanbaar te maak. Chrisholm en Porteus (vir die HSRC & EPC, 2005 :84) noem dat die handboek as die hoofbron in die meeste skole gebruik word en dat hulpmiddels soos onderrigstelle, speelgoed, musikale instrumente en biblioteke ontbreek.

Dit blyk dat oorvol klasse ook 'n nadelige uitwerking op beide onderwysers sowel as leerders het. Volgens Le Roux (in Masitsa, 2004:224) is daar min geleenthede vir individuele aandag aan kinders van oorwerkte opvoeders. Die oorvol klaskamers benadeel goeie organisasie en klasbestuur. Vink (in Masitsa, 2004:224) verklaar dat onvoldoende klaskamers lei tot opeenhoping en ongerief.

### 2.3.5 Die rol van dissipline in die klaskamer

Goeie dissipline is 'n belangrike pilaar vir 'n ordelike skool. Leerders leer die beste in 'n ordelike en veilige omgewing (Departement van Onderwys, 1997:59). Uit die Suid-Afrikaanse literatuur kan afgelei word dat onderwysers in skole sukkel om dissipline effektief toe te pas. Hierdie tendens word deur 'n groot aantal rolspelers bevestig. Die Departement van Onderwys (2001: 9) noem dat baie onderwysers ontwrigtende kinders moet hanteer en dat die handhawing van dissipline iets is waarmee onderwysers sukkel. Ook die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2006:26) verklaar dat daar 'n gebrek aan dissipline en respek onder leerders is. Die vermoede bestaan dat baie onderwysers nie oor gepaste strategieë beskik om orde in die klas te handhaaf en op lyfstraf terugval. Chrisholm en Porteus bevestig (in hul navorsing vir die HSRC & EPC, 2005:92) hierdie vermoede en meld dat lyfstraf stilswygend die goedkeuring van ouers wegdra. Die

bydrae van onderwysers tot swak dissipline kan egter nie misgekyk word nie. Aanhoudende laatkommery, afwesigheid, swak of geen voorbereiding, beplanning van oninteressante lesse en die afwesigheid van konstante onderrig vir die volle skooldag, is faktore wat deur onderwysers self geskep word en 'n vrugbare teelaarde vorm vir swak dissipline in die klas.

2.3.6 Samevatting van die nasionale literatuur

Uit die literatuur blyk dit dat historiese gebeure bygedra het tot 'n uiters swak situasie waarin arm landelike skole hulself tans bevind. Baie is reeds gedoen om hierdie situasie aan te spreek. Die probleme is egter so kompleks en verweef dat daar nie eenvoudige oplossing is wat oornag geïmplementeer kan word nie. Verskeie navorsing en aanbevelings is die laaste aantal jare oor die onderwerp gedoen. Die dokumente waarna in hierdie studie verwys het, het wel uitvoerbare aanbevelings gedoen. Dit moet nou dringend gedoen word. Tyd van planne maak is verby.

Die grondwet bepaal dat alle kinders in Suid-Afrika op basiese onderwys geregtig is, nie net toegang tot onderwys nie, maar ook kwaliteit onderwys. Dit behoort te verseker dat daar 'n verbetering in individue se lewensomstandighede kom en dat uitkomstes bereik word. Plaaslike behoeftes moet aangespreek word. Hier word weer verwys na die belangrikheid van elke individu – waarmee hulle sukkel en waarna hulle strewe. Uit die literatuurstudie blyk dit dat daar maklik beleide geformuleer kan word wat nie landelike gebiede se behoeftes aanspreek nie. Hierdie punt blyk duidelik uit die woorde van 'n ouers uit die dokument "Emerging Voices" (2005).

*"We studied history and mathematics but we could not do anything with them. As you have seen, the people of this area are starving. Therefore, firstly we need to identify needs. Once skills are given to these children, there must be a back-up system. Our children must be taught about their responsibility more than their rights, because once you put your rights up front you tend to forget your responsibilities. All of us in the community have a responsibility to improve our own health and the health of other people in the community".*

Genoemde verslag kom tot die gevolgtrekking dat die ervaringe van landelike arm mense nie goed verstaan word en daarom nie voldoende in beleidsontwikkeling vir onderwys aangespreek kan word nie. Hierdie redenering word raakgevat deur 'n uitdaging wat die Human Rights Commission (2006:16) aan die staat stel:
*"... adapt the system in the child's best interest rather than the child having to adapt to the education system".*

Ook die Suid-Afrikaanse literatuur identifiseer dieselfde probleme wat uiteindelik tot swak klasbestuur aanleiding gee. Probleme in die samelewing/huisgesin, rol van die onderwyser, die kurrikulum asook dissipline in die klaskamer is terreine wat aagespreek moet word. Vir hierdie studie was dit belangrik om te leer om na mense se stemme wat hulself in die praktiese situasie bevind, te luister.

## 2.4 SAMEVATTING VAN DIE LITERATUUROORSIG

In hierdie hoofstuk is 'n literatuurstudie van internasionale en Suid-Afrikaanse bronne gedoen. Die doel was om te bepaal wat gesê, geskryf, nagevors en gedoen is oor faktore wat 'n invloed op leerders se reg tot kwaliteit onderwys het. Tendense en oplossings blyk dieselfde te wees. Verskille lê in die historiese verloop en eiesoortige konteks van die Suid-Afrikaanse sitsuasie. Wat verblydend is, is dat daar orals 'n doelgerigtheid en dringendheid by regerings en ander rolspelers is om hierdie probleem aan te spreek.

Dit was 'n verreikende ervaring. Vir navorser het dit gehelp om spesifieke terreine te identifiseer wat vir hierdie studie rigting kan gee. Armoede het 'n groot effek op die gehalte van onderwys, beide wat betref fisiese fasiliteite, aanbieding van die kurrikulum asook prestasie van leerders. Die gevolg is dat individuele leerders nie hul demokratiese regte kan opeis nie maar in die armoede-siklus vasgeknel bly. Oplossings hiervoor is nie in die gemeenskap te vind nie, maar kan wel in die klaskamer aangespreek word. Dit is veral die onderwyser se rol wat hier deur middel van opleiding, heropleiding en professionele ontwikkeling aangespreek behoort te word. Oplossings is geleë in die

aanspreek van die probleem van die "Pedagogy of Poverty" soos onder 2.2.3 verklaar. Dit bring ons by klaskamerbestuur wat die fokus van hierdie studie is.

Belangrike beginsels wat deur die literatuurstudie uitgewys is, sal as bron gebruik word vir gerigte navorsing vir hierdie studie. Die sukses wat deur die studie "Emerging Voices" behaal is, sal ook as moontlike werkswyse vir hierdie studie na gekyk word. In die volgende hoofstuk sal deeglik besin word oor 'n navorsingsmetodiek om die uitkomstes van hierdie studie te bereik.

# HOOFSTUK 3

## NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is 'n literatuurstudie gedoen wat 'n eerste poging is om antwoorde op die navorsingsvraag van hierdie studie te verskaf. Deur 'n studie van die literatuur is faktore geïdentifiseer wat klaskamerbestuur aan 'n arm landelike primêre skool beïnvloed. Uit vooraf leeswerk het dit duidelik geword dat daar sekere hooftemas is wat telkens in die literatuur aangespreek word. Hierdie temas is as opskrifte gebruik om die literatuur te struktureer. Die temas is invloede vanuit die gemeenskap / huisgesin; die rol van die opvoeder; die invloed van die kurrikulum asook dissipline in die klaskamer. Hierdie temas sal ook in hierdie hoofstuk as verwysingsraamwerk vir die navorsingsontwerp en –metodologie dien.

Enige navorsing behoort aan 'n bestaande basiese denkwyse en aannames wat in 'n spesifieke wetenskap aanvaar word, te voldoen of daardeur gerig te word. In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en –metode as vertrekpunt of instrument gebruik om die tipe studie wat onderneem word, te regverdig. Beide word ingespan om 'n antwoord op die navorsingsvraag: *"Watter faktore beïnvloed effektiewe klaskamerbestuur aan 'n arm landelike primêre skool?"* te bekom. Aangesien beide navorsingsontwerp en navorsingmetodes afsonderlik asook gesamentlik 'n rol in hierdie studie speel, is dit nodig om hierdie begrippe kortliks aan te spreek. Navorsingsontwerp verwys na die beplanning van navorsing en dui aan watter tipe studie onderneem word. Dit is 'n plan wat gevolg word om by die eindproduk uit te kom. Navorsingsmetodes verwys meer na die aksies of uitvoering van die planne. Onder navorsingsmetodes word die navorsingsprosedures (die stappe wat gevolg word) en die navorsingstegnieke (instrumente) uiteengesit (Mouton: 2001:49,55, 56). Hierdie twee begrippe sal as onderafdelings gebruik word vir die inhoudelike bespreking wat hierna volg. Daar kan egter geen strenge onderskeid tussen die twee getref word nie, vandaar dat dit in hierdie studie by tye vermeng word.

## 3.2 NAVORSINGSONTWERP

Terre Blanche en Durrheim (2002:311) beskryf 'n navorsingsontwerp as 'n plan of protokol vir 'n spesifieke navorsingstudie. Dit dui aan watter benadering gevolg word by data-insameling, die ontleding van ingesamelde inligting en die verwerking van die inligting en bevindinge (Mouton & Marais, 1990). Die aard en doel van die navorsing bepaal die navorsingsontwerp. Die navorsingsontwerp dui op die eindproduk, naamlik antwoorde op die navorsingsvraag. Verskeie navorsingstipes word ingespan om dit te bekom. Vervolgens sal die komponente van die navorsingsontwerp bespreek word.

### 3.2.1 Navorsingsfokus

In hierdie studie word op die betekenis van mense se ervaringe eerders as op 'n beskrywing van objekte gekonsentreer. Om dit te kan doen is 'n navorsingsvraag geformuleer om data in te samel wat toegelaat word om self te spreek en te interpreteer. Die navorsingsvraag van hierdie studie is: "*Watter faktore beïnvloed effektiewe klaskamerbestuur aan 'n arm landelike primêre skool?*". Om hierdie vraag te beantwoord is daar 'n doel vir hierdie studie geformuleer, naamlik: *Om die omvang, kompleksiteit en werklikheid van klasbestuur waaraan opvoeders op 'n daaglikse basis by 'n arm landelike skool blootgestel word, aan die hand van 'n vraelys te bepaal*". Vooraf is 'n deeglike literatuurstudie gedoen wat as verwysingsraamwerk vir die samestelling van die vraelys dien.

### 3.2.2 Tipe navorsing

Die uitgangspunt is dat navorsingstipes ingespan word om die navorsingsvraag op te los en nie as sodanig die fokus van die studie is nie. Dit is moonlik die rede waarom Leedy en Ormrod (2001:92,114) beweer dat 'n kombinasie van navorsingtipes logiese en aanvaarbare antwoorde op die navorsingvraag bied. Hierdie studie volg hierdie raad en maak van 'n verskeidenheid navorsingstipes gebruik wat hieronder omskryf word.

Kwalitatiewe navorsing

Die doel van kwalitatiewe navorsing hang af van die metode en die aannames wat in die studie gemaak word. Die navorser stel daarin belang om uit te vind hoe deelnemers die wêreld verstaan, gebeure ervaar en beleef. Kwalitatiewe navorsing beskryf sosiale gebeure soos dit natuurlik plaasvind. So 'n benadering lewer beskrywende data volgens menslike waarnemings. Marshall en Rossman (in De Vos et.al., 2002:80) wys daarop dat kwalitatiewe navorsing verkies word wanneer daar in diepte gedelf word in kompleksiteit en prosesse. Dit sluit aan by die doel van hierdie studie wat daarop gemik is om die omvang, kompleksiteit en werklikheid waaraan opvoeders op 'n daaglikse basis by arm landelik skole blootgestel word, te bepaal. Kwalitatiewe navorsing is nie gebaseer op 'n stel vaste en rigiede prosedures nie, maar die navorser in die geesteswetenskappe wend wel strategieë aan ten einde te organiseer, te beheer en te evalueer. Guy et al. 1987:256 omskryf dit soos volg: *"Qualitative research want to know what kinds of things are people doing, what kinds of processes are at work, what kinds of meaning are being constructed, what kinds of purposes and goals inform the participant's acts, what kinds of problems, constraints, and contingencies they see in the world they occupy."* Volgens Miles et al, (1983) is die essensie van kwalitatiewe navorsing dat die data beskrywend en nie syfermatig is nie.

In hierdie studie is daar tydens die literatuurstudie van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak. Talle bronne is geraadpleeg op soek na inligting oor die faktore wat klaskamerbestuur beïnvloed. Vanuit beskikbare databronne is daar vir hierdie studie op 'n vraelys besluit omdat dit aan opvoeders 'n geleentheid bied om hul sieninge en ervaringe te deel.

Aangesien hierdie studie 'n mini-verhandeling is, sal navorsing van beperkte omvang in die Intermediêre en Senior Fase van die plaaslike primêre skool gedoen word. Dit word as 'n arm landelike skool geklassifiseer. Daar bestaan nie omvattende kriteria vir sodanige klassifikasie nie. Voedingskemas wat deur die staat aan skole aangebied word, word tans as nuttige kriteria gebruik. Die plaaslike skool beskik oor 'n voedingskema en word as landelik deur die onderwysdepartement geklassifiseer. Die rede vir die

selektering van genoemde twee skoolfases is dat aanvaar word dat probleme met klasbestuur (onder andere dissipline, oorvol klasse, skoolverlatings en afwesigheid) meer algemeen in hierdie fases voorkom. In die plaaslike skool verteenwoordig opvoeders vanuit hierdie twee fases ook die grootste gedeelte van die personeel.

Kwantitatiewe navorsing

Kwantitatiewe navorsing word beskryf as navorsing waar daar primêr van kwantifisering as 'n numeriese navorsingsmetode gebruik gemaak word om kenmerke te beskryf (Mouton, 2001). Hierdie navorsing behels die maak van veralgemenings wat gebaseer word op presies meetbare kwantiteite, en word gerig deur 'n basiese vraag na "hoeveel". Statistiek kan gebruik word om die ingesamelde data noukeurig te ontleed en om betekenisvolle gevolgtrekkings te maak. In hierdie studie word data wat met die vraelyste bepaal is, eerstens ook in statistiese data omgesit sodat die geheelbeeld makliker bekom kan word. Tydens die literatuurstudie is van beide benaderings gebruik gemaak. Eerstens is die literatuur onder nasionale en internasionale bronne geklassifiseer waarna die frekwensie van voorkoms van temas as seleksiekriteria gebruik is vir die samestelling van 'n raamwerk vir die vraelys.

3.2.3 Empiriese en nie-empiriese navorsing

Empiriese studie is gebaseer op ondervinding en ondersoeke van sosiale werklikhede. Nie-empiriese navorsing fokus weer op data wat reeds bestaan (Mouton, 2001:57). Terre Blanche & Durrheim (2002:3) sê dat alle navorsing op empiriese data gebaseer word. Hulle waarsku egter dat indien net na feite verwys word, slegs gedeeltelike begrip teenwoordig sal wees aangesien agtergrondkennis (wat wyer as empiriese bewyse kyk) nodig is om bewyse geloofwaardig te maak. Deur dus van beide empiriese en nie-empiriese navorsing gebruik te maak, word beide objektiewe sowel as subjektiewe navorsingskontekste in ag geneem. Die werkwyse van hierdie studie, naamlik 'n vraelysondersoek wat deur 'n deeglike literatuurstudie voorafgegaan is, is dus in lyn met wat aanbeveel word.

### 3.2.4 Gevallestudie

Die fokus is hier op 'n enkele, spesifieke geval, naamlik 'n spesifieke groep onderwysers in 'n spesifieke skool. Creswill (in De Vos *et.al.*, 2002:275) beskryf die gevallestudie as 'n verkenning of 'n indiepte analise van 'n gebonde sisteem (gebonde deur tyd en of plek) of 'n enkele of veelvoudige geval, oor 'n tydperk. Alhoewel hierdie studie nie primêr van'n gevallestudie gebruik maak nie, word van die beginsel wel toegepas alhoewel tydsverloop nie 'n rol speel nie. Die werkwyse van hierdie studie was om aan die hand van sekere kriteria van 'n "gevallestudie" (Hancock, 2002:6) 'n entiteit (spesifieke arm landelike skool, groepe opvoeders verbonde aan die intermediëre en senior fase) te bepaal vir die versameling van data.

### 3.2.5 Enkele algemene beginsels van navorsing

Onderstaande is enkele beginsels wat tydens beplanning en uitvoering in gedagte gehou moet word.

<u>Objektiwiteit</u>

Aangesien dit in hierdie studie nie gaan om sekere kenmerke van 'n groot groep persone te meet nie, is dit nodig om die objektiwiteit van die studie te verseker. Objektiwiteit verwys veral na die verhouding tussen die navorser en die respondente wat die vraelyste moet invul. Die vraag wat gevra kan word is hoe is objektiwiteit deur navorser as kollega van respondente gehandhaaf? 'n Goeie verhouding bestaan tussen die navorser en die meeste van die respondente. Objektiwiteit/ wetenskaplikheid is gehandhaaf deurdat die navorser op geen wyse die inhoud van die vraelyste met die respondente bespreek het nie. Die vraelyste is anoniem voltooi. Respondente is ook versoek om die vraelyste by die sekretaresse na voltooiing in te handig. Sodoende is die navorser se eie rol op die agtergrond geskuif.

<u>Etiese oorweging</u>

De Vos *et al* (2002: 63) beskryf etiese oorwegings as 'n stel morele beginsels wat die korrekte gedragskode teenoor respondente bepaal. Etiese riglyne dien as basis waaraan

elke navorser sy/haar eie gedragskode moet evalueer. Onderstaande is enkele etiese oorwegings vir hierdie studie.

- Deelname en reg om te onttrek

Geen druk is op deelnemers uitgeoefen om deel te neem nie. Elke deelnemer is deeglik ingelig oor navorsingsprosedures en dat elkeen die reg het om toe te stem of te weier om deel te neem voordat met data-insameling begin word. Hulle is ook ingelig dat op enige tyd aan die navorsing onttrek kan word sonder enige persoonlike benadeling.

- Vertroulikheid en mededeling

Deelnemers se privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid sal gewaarborg word. Volgens De Vos *et al.*, (2002:69) moet die hele navorsingsproses op 'n etiese korrekte manier hanteer word. Babie (in De Vos *et al.*, 2002 : 69) wys daarop dat 'n verpligting op die navorser rus teenoor alle kollegas in die navorsingsgemeenskap om korrek verslag te lewer oor die analise van die data en die resultate van die studie. Deelnemers is ook verseker dat alle inligting wat gedurende die navorsing verkry as vertroulik hanteer sal word.

- Toestemming om studie te doen

Voordat die studie onderneem is, het die navorser skriftelik toestemming verkry om dit uit te voer. 'n Skriftelike aansoek is op 18 Augustus 2006 aan beide die skoolhoof van die plaaslike skool sowel as aan die WKOD (Wes-Kaaplandse Onderwys-departement) gerig. Die doel en voorgenome reëlings is kortliks uiteengesit. Skriftelike toestemming is deur die skoolhoof op 24 Augustus 2006, op voorwaarde dat die navorsing nie inbreek op die skool se formele onderrigprogram maak nie, verleen. Sekere dokumentasie is deur die WKOD aangevra wat die volgende ingesluit het:

  - 'n beskrywing van die navorsingsprojek
  - 'n afskrif van die vraelys
  - 'n brief van die studieleier waarin verklaar word dat navorser by 'n tersiêre inrigting geregistreer is
  - naam van die skool waar die navorsing uitgevoer sal word
  - 'n aanduiding van wie die respondente is (opvoeders/ouers/leerders)

- periode waartydens die navorsing uitgevoer sal word op voorwaaarde dat geen navorsing gedurende die 4de kwartaal (Oktober tot Desember) gedoen mag word nie.
- voltooiing van 'n navorsingsaansoekvorm.

Nadat aan bogenoemde vereistes voldoen is, is toestemming deur die WKOD verleen om die navorsing vanaf 14 September tot 30 September 2006 aan die plaaslike primêre skool uit te voer.

## 3.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Denzin en Lincoln (1998:28) beskryf navorsingsontwerp as 'n buigbare stel riglyne wat 'n teoretiese paradigma met bepaalde navorsingstrategieë en –metodes in verband bring. Die doel is om empiriese materiaal of data te versamel.

### 3.3.1 Data versameling

'n Literatuurstudie is reeds as eerste metode van dataversameling in hoofstuk twee uitgevoer. As tweede instrument is op 'n vraelys besluit. Hieronder volg eerstens 'n kortlikse teoretiese bespreking van die vraelys as instrument vir data-versameling. Daarna word die inhoudelike van die vraelys in meer besonderhede bespreek.

<u>Die vraelys</u>

Van der Wahl (2005:75) beskou 'n vraelys as 'n voorafgeformuleerde geskrewe stel vrae waartoe respondente hulle antwoorde aanteken, gewoonlik aan die hand van duidelik geformuleerde alternatiewe. Daar is verskillende tipes vraelyste en verskillende wyses waarop dit aan deelnemers versprei kan word. In hierdie studie sal die vraelyste per hand aan elke deelnemer besorg word. Respondente kon die vraelyste op hulle eie voltooi en teen 'n vasgestelde tyd inhandig. Die voordele van die vraelys as instrument word deur verskeie skrywers uiteengesit. Gillham (2000: 5) lys die volgende <u>voordele van vraelyste</u>:

- Lae koste in terme van tyd en geld. (kyk ook Wilkonson & Bermingham; 2003:9)
- Maklik om inligting van baie mense vinnig te verkry.
- Respondente kan die vraelys voltooi wanneer dit hulle pas.
- Analisering van antwoorde vir geslote vrae maklik en vinnig.
- Minder druk vir onmiddellike terugvoering.
- Respondente bly anoniem.
- Standardisering van vrae.

Volgens Wilkonson en Bermingham (2000:9) kan dit moeilik wees om vraelyste te ontwerp en te analiseer. Gillham (2000: 8) verwys na die volgende nadele van vraelyste:

- Probleme met data-gehalte. (volledigheid en akkuraatheid)
- Gewoonlik lae terugvoeringsyfer.
- Probleme met die motivering van respondente.
- Die behoefte vir bondigheid en relatief eenvoudige vrae.
- Misverstande kan nie reggemaak word nie.
- Bewoording van vrae kan 'n groot effek op antwoorde hê.
- Mense praat makliker as wat hulle skryf.
- Onmoontlik om die ernstigheid of eerlikheid van antwoorde te beoordeel.

Tydens die samestelling van die vraelys is genoemde voor- en nadele deeglik in gedagte gehou. Die twee belangrikste vraagformate is gebruik, naamlik die sogenaamde oop (ongestruktureerde vrae; vry-formaat vrae) en geslote vrae (gestruktureerde vrae; meervoudige-keuse vrae). Vrae is so uitnodigend as moontlik geformuleer sodat respondente dit maklik kan beantwoord. Onderstaande drie vrae van Fourie (1999) is voortdurend voor oë gehou by die samestelling van die vraelys:

- Voldoen die vrae aan die eise van die navorsingsdoelstelling en help dit om die navorsingsvraag te beantwoord?
- Gee die vrae akkurate inligting oor die navorsingstudie weer?
- Is die vraelys voltooibaar en uitvoerbaar binne die beskikbare tyd en met die beskikbare bronne?

Inhoude van die vraelys

Vervolgens sal die inhoudelike, asook die rasionaal daarvoor, vir die samestelling van die vraelys aangedui word. Met die vier temas wat tydens die literatuurstudie in hoofstuk twee as uitgansgspunt geïdentifiseer is, is 'n verdere sewe vrae geformuleer vir inligtingsversameling daarvoor. Hieronder is 'n voorstelling van die raamwerk as kriteria asook die sewe vrae wat gestel gaan word. Navorser het die vrae so eenvoudig moontlike gehou met die oog op volledige voltooiing van die vrae deur deelnemers. Die asteriks dui telkens die fokusgebied van die vraag aan alhoewel dit ook data in ander temas kan verskaf.

| | | *A Gemeenskap / Huis* | *B Kurrikulum* | *C Opvoeder* | *D Dissipline* |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.* | *Persoonlike gegewens* | | | * | |
| *2.* | *Invloed van armoede op die leerder* | * | | | * |
| *3.* | *Faktore wat rol speel by swak dissipline / klaskamerbestuur* | | | | * |
| *4.* | *Opvoeder se magsbasis in die klaskamer* | | * | * | |
| *5.* | *Opvoeder se ervaring van dissiplinêre probleme in die klaskamer* | | | | * |
| *6.* | *Opvoeder-motivering* | | * | * | |
| *7.* | *Probleme en oplossings vir klasbestuur* | * | | | * |
| *8.* | *Eie siening van klasbestuur* | * | * | * | * |

Vervolgens sal elkeen van die sewe vrae in meer besonderhede bespreek word.

Vraag 1: Persoonlike gegewens

Dit is belangrik om te weet wie die persoon, wat sy/haar agtergrond en waarvoor hy/sy verantwoordelik is, voordat enige spesifieke sieninge of menings uitgespreek word. Gegewens wat ingesamel word, is ouderdom; geslag; jare ervaring in die onderwys asook in hierdie skool; kwalifikasies; huwelikstatus; hoeveelheid leerders in die klas; klas- of leerarea-onderrig; rekenaar tuis; afstand van skool na woonplek en wyse van vervoer. Die meeste van die vrae is geformuleer vir die insameling van persoonlike gegewens asook na inligting omtrent die omgewing. Geen kommentaar word verwag nie aangesien slegs data in blokkies ingevul of keuses afgetik word.

Vraag 2: Persoonlike siening t.o.v. die rol van armoede op leerder se skoolprestasie

asook u eie klasbestuur?

Alhoewel hierdie vraag 'n voor die hand liggende antwoord het, dien dit as 'n prikkeling aan deelnemers om hul eie sieninge onder kommentaar in meer detail weer te gee. 'n Stelling word gemaak waarop deelnemers net 'n aanduiding kan gee dat hulle óf saamstem óf nie mee saamstem nie. Daarna word voldoende ruimte verskaf om verdere kommentaar te lewer. Die stelling word dus so "oop" moontlik geformuleer met die oog op uitbreiding deur deelnemers, en lui soos volg:
*"Hoe groter die armoede in 'n gemeenskap hoe groter is die moontlikheid dat 'n leerder vanuit so 'n gemeenskap gaan "uitval" en nie sukses sal behaal nie".*

Vraag 3: Wat is die faktore wat 'n rol speel by swak dissipline / klaskamerbestuur?

Nege stellings word voorgehou. Deelnemers word gevra om 'n waardeoordeel aan die hand van 'n vierpuntskaal oor elke stelling te maak. Die stellings is uit die literatuur geneem (kyk hoofstuk twee) wat grootliks die rol van die gemeenskap en ouerhuis (1.1, 1.2, 1.3, 1.4, 1.8 en 1.9), die opvoeder (1.6) asook die kurrikulum (1.5, 1.7) aanspreek. Op die vraag "Watter rol dink u speel onderstaande by swak prestasie en dissipline / klasbestuur?" word van deelnemers verwag om aan die hand van die volgende kriteria 'n waarde-oordeel oor elke stelling uit te spreek: 0 = geen bydrae nie; 1 = geringe bydrae; 2 = wel 'n bydrae; 3 = hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik. Voldoende ruimte vir kommentaar word aan deelnemers verskaf om verdere menings uit te spreek. Die bewerings of stellings is:

*3.1 Armoede en werkloosheid by ouers in gemeenskap – die ouers kan nie skoolgeld bekostig nie*
*3.2 Leerders beskik nie oor voldoende voedsel en klere nie*
*3.3 Gebrek aan motivering, betrokkenheid en belangstelling van ouerhuis by leerder se skoolwerk*
*3.4 Verantwoordelikhede en pligte wat leerders tuis opgelê word*
*3.5 Gebrekkige skoolfasiliteite en bronne*
*3.6 Opvoeders wat nie pligsgetrou en hardwerkend is nie*
*3.7 Geen kulturele bedrywighede vir leerders na-skool nie*
*3.8 Alkohol en dwelprobleem in die gemeenskap*
*3.9 Tiener swangerskappe*

Vraag 4: Magsbasis van 'n opvoeder vir effektiewe klaskamerbestuur

In hoofstuk twee onder 2.2.2 is na die rol van die opvoeder in die voorsiening van gehalte-onderwys verwys. Die magsbasis wat as denkraamwerk vir opvoeder se optrede of styl van klaskamerbestuur dien, word daar breedvoering bespreek. Die navorsing deur Boynton (2005:2-5) vir die daarstel van 'n raamwerk om die ideale verhouding tussen die magsbasisse en kritieke komponente van klaskamerbestuur (-dissipline) aan te dui, is ook hier van toepassing. Die vyf magsbasisse is: verhoudingsmag; afdwingende mag; wettige mag; kundigheidsmag asook beloningsmag. Om dit meer toepaslik en klaskamergerig te maak het navorser hierdie magsbasisse in die vorm van vrae geformuleer wat persoonlike ervaringe of aanvoeling aandui (sien diagrammatiese voorstelling hieronder).

| | *Magsbasis* | *Vrae in die vorm van persoonlike ervaring / aanvoeling* |
|---|---|---|
| *1.* | *Verhoudingsmag* | *Die leerders gee baie vir my as hul opvoeder om* |
| *2.* | *Afdwingende mag* | *Die leerders weet dat ek by magte is om hulle te straf* |
| *3.* | *Wettige mag* | *Die leerders in my klas erken my meerdere status as onderwyser bo hul status as leerders* |
| *4.* | *Kundigheidsmag* | *Leerders erken dat ek kundig in my leerarea is en die vak baie goed aanbied* |
| *5.* | *Beloningsmag* | *Die leerders weet dat ek hulle goeie werk beloon* |

Hierdie stellings sal deur elke deelnemer aan die hand van 'n waardeskaal beoordeel word. Sodoende sal elke opvoeder se persoonlike voorkeure, asook 'n gesamentlike siening van deelnemers bepaal kan word. Die volgende waardeskaal word gegee, naamlik: 0 = glad nie die waarheid nie; 1 = sprake van die waarheid; 2 = stem saam en 3 = dit is presies soos dit is. Soos by die ander vrae word genoegsame ruimte aan deelnemers verskaf om verdere menings in die vorm van kommentaar te gee.

Vraag 5: Watter van onderstaande leerderreaksie ervaar u in u klaskamer?

In 'n onlangse uitgawe van Marzano (2007) met die titel "The Art and Science of Teaching – a comprehensive framework for effective instruction" identifiseer die skrywer vyf komponente van goeie klaskamerbestuur. In die werk, wat op jare se navorsing gebaseer is, word die faktore of komponente soos volg in 'n vraagformaat geformuleer:

- *Hoe maak jy leerders by klasaktiwiteite betrokke?*

- *Hoe vestig en bou jy klaskamerreëls en –prosedure uit?*
- *Hoe erken en herken jy leerders wat reëls en prosedures nakom en die wat dit oortree?*
- *Hoe vestig en onderhou jy effektiewe verhoudings met leerders?*
- *Hoe stel jy hoë verwagtinge aan leerders?*

Hierdie beginsels is in praktiese voorbeelde van aksies of handeling in die daaglikse klas- of skoolgebeure omskryf waarop onderwysers dan aan die hand van 'n waardeskaal in terme van eie ervaringe moet beoordeel. Die gebeure is:

*4.1 Die leerders praat terwyl u klasgee*
*4.2 Ondervoeding veroorsaak dat leerders nie in die klaskamer konsentreer nie*
*4.3 Leerders is baie dae afwesig*
*4.4 Leerders doen geen huiswerk of voer nie opdragte uit nie*
*4.5 Leerders daag openlik u gesag in die klaskamer uit*
*4.6 Leerders sit nie in hul banke nie maar bly rondbeweeg*
*4.7 Leerders praat teë en is aggressief*
*4.8 Leerders is baie pligsgetrou en voer take netjies en noukeurig uit*
*4.9 Ouers verseker dat leerders boeke en skryfgereedskap by hulle het en dat leerders en hul boeke netjies en voorbereid in die klas opdaag*
*4.10 Sommige leerders help om dissipline in die klaskamer te handhaaf*
*4.11 Die ouers is aktief betrokke, stel belang in hul kinders se vordering en woon vergaderings, oueraande en besprekingsessies met opvoeders gereeld by.*

Die kriteria wat gebruik word is 0 = glad nie die waarheid nie; 1 = sprake van die waarheid; 2 = stem saam; 3 = dit is presies soos dit is. Soos by die ander vrae word genoegsame ruimte gelaat aan deelnemers om verdere menings in die vorm van kommentaar te lewer.

Vraag 6: Opvoeders se motivering

Die belangrike of deurslaggewende rol van die opvoeder tydens klaskamerbestuur is oor en oor deur navorsing bewys (verwys u terug na hoofstuk twee, veral 2.2.2 asook 2.3.3). Dit is veral die Suid-Afikaanse Menseregtekommissie wat baie klem op motivering (opvoedermoraal- en toewyding) lê. Onderstaande vrae is geformuleer om te bepaal in hoe 'n mate die opvoeder in hierdie studie wel gemotiveerd is al dan nie.

*6.1 Ek voel positief en gemotiveerd teenoor my werk en die onderwys in die algemeen*
*6.2 Ek is tevrede met die salaris wat ek ontvang, bevorderingsmoontlikhede en werksomstandighede*
*6.3 Ek voel positief oor die verandering op onderwysfront, pas maklik daarby aan en benader dit met 'n oop gemoed*
*6.4 Daar word te veel ekstra dinge van my verwag wat my weghou van die klaskamer wat ek as my belangrikste werkopdrag beskou*
*6.5 Ek ervaar nie voldoende ondersteuning van my kollegas, die OBOS en ouers nie*

6.6 *Ek verkies dit nog steeds om voor 'n klas te staan en daaglikse onderrig te gee as om 'n klomp aktiwiteite aan leerders uit te werk om in groepe (self) te doen*
6.7 *Ek sien uit na 'n rooskleurige toekoms in die onderwys*
6.8 *As ek net kan sal ek die onderwysberoep môre verlaat*

Die skaal aan die hand waarvan deelnemers die stellings moet evalueer, is: 0 = glad nie die waarheid nie; 1 = sprake van die waarheid; 2 = stem saam; 3 = dit is presies soos dit is. Voldoende spasie word onder kommentaar aan deelnemers gelaat om verdere menings weer te gee.

Vraag 7: Opvoeders se moontlike oplossings vir probleme met klaskamerbestuur

Hier word 'n aantal oplossings gebied wat as moontlike oplossing vir klaskamerbestuur kan dien. Dit is almal sieninge soos in die literatuur voorgestel of aanbevelings wat uit navorsing voortvloei. Tydens seleksie van sieninge is die vier temas, naamlik die omgewing / ouerhuis; die opvoeder; die kurrikulum asook dissipline as maatstaf gebruik, naamlik:

| | | *A*<br>*Gemeenskap / Huis* | *B*<br>*Kurrikulum* | *C*<br>*Opvoeder* | *D*<br>*Dissipline* |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.* | *Strategie vir armoede* | * | | | |
| *2.* | *Pligsgetroue opvoeder* | | | * | |
| *3.* | *UGO-benadering* | | * | | |
| *4.* | *Isolasie en afsondering* | * | | | |
| *5.* | *Voortdurende opleiding* | | * | * | |
| *6.* | *Normes en waardes* | | | | * |
| *7.* | *Verhouding met leerders* | | | * | |
| *8.* | *Bring die lat terug* | | | | * |

Hier word aan opvoeders die geleentheid gebied om 'n seleksie volgens eie keuse te maak. Die kriteria of skaal aan die hand waarvan dit gedoen moet word, is: 0 = glad nie die waarheid nie; 1 = sprake van die waarheid; 2 = stem saam; 3 = dit is presies soos dit is. Soos by ander vrae kry deelnemers ook hier 'n geleentheid om hul eie sieninge weer te gee en verdere kommentaar te lewer.

### 3.3.2 Data ontleding

Gillham (2000: 49) noem dat die die eerste stadium van analise 'n beskrywende een is: die uiteensetting van die resultate in 'n opsommingsvorm. Dit dien dan as basis vir verdere analise. Geslote vrae waar deelnemers tot een antwoord beperk word, sal eerste hanteer word. Vir geslote vrae sal 'n syferwaarde gebruik word om die hoeveelheid respondente wat 'n spesifieke kategorie gekies het, aan te dui. Kodering van geslote vrae geskied dus aan die hand van 'n syferwaarde wat toegeken word te vermenigvuldig met die hoeveelheid respondente wat die keuse gemaak het, bv. drie respondente het 'n waarde van 2 aan 'n spesifieke vraag toegeken, dus 3 x 2 = 6. Hierdeur word 'n rangorde van belangrikheid bepaal. In die volgende hoofstuk word dit volledig bespreek en uitgevoer.

In hierdie studie is dit belangrik om na die 'stemme' van deelnemers te luister. Dit is dus nodig om elke kommentaar volledig te behou en te interpreteer. Navorser sal alle kommentaar op 'n vraag woordeliks neerskryf nadat aan elke respondent 'n kode toegeken is. So kan deelnemers se reaksies gesamentlik maar ook individueel gevolg word om tendense te bepaal. Die frekwensie van voorkoms van dieselfde kommentaar dui op belangrikheid daarvan vir die deelnemers. Navorser sal voortdurend die navorsingsvraag in gedagte hou. Elke vraag sal gelees word in die lig daarvan of dit antwoorde verskaf ten opsigte van faktore wat klaskamerbestuur in arm landelike primêre skole beïnvloed.

Na 'n opsomming en kodering van data sal navorser dit probeer analiseer. By elke vraag sal eerstens die statistiese gegewens bespreek word, waarna 'n bespreking van die respondente se kommentaar sal volg. Navorser wil hierdeur spesifiek geleentheid skep om die menings van die opvoeders te laat 'praat'. Om te 'hoor' wat hulle sê. Laastens sal navorser dan probeer om sy eie interpretasie daaraan te gee. Dit kan baie subjektief wees maar navorser gaan probeer om so eerlike moontlik te luister na wat die respondente sê asook na tendense in statistiese gegewens te kyk. Hierdie voornemende werkwyse word prakties in die volgende hoofstuk uitgevoer.

## 3.4 SAMEVATTING

Hoofstuk drie het voortgebou op die antwoorde wat hoofstuk twee verskaf het. Navorser moes in hierdie hoofstuk sy navorsingsontwerp en –metodologie verantwoord. Om dit wetenskaplik te doen is op 'n eklektiese benadering besluit, verwysende na 'n verskeidenheid benaderings soos kwalitatief, kwantitatief, empiriese en nie-empiriese navorsing asook gevallestudie wat in hierdie hoofstuk omskryf word. Navorser het probeer om op die navorsingsvraag te fokus en nie in 'n teoretiese diskussie oor begrippe te verval nie, iets wat baie moeilik was om te doen. Tydens bespreking van die metodes wat tydens die navorsing gebruik is, kon navorser motiveer waarom die vraelys as instrument gebruik word. Die hoofrede hiervoor was om aan opvoeders die geleentheid te gee om hul menings uit te spreek sodat hulle 'stemme' gehoor kan word. Die inhoude asook wyse van formulering van vrae, volgorde, genoegsame struktuur asook geleenthede om menings en eie sieninge of kommentaar te lewer, is ook ingebou. Beskikbaarstelling van die vraelys en motivering vir die deeglike voltooiing daarvan, het suksesvol verloop.

Ten slotte moet navorser daarop wys dat dit 'n baie ingewikkelde terrein is met 'n oorvloed van data beskikbaar. Om uit dit alles sin te maak was baie moeilik. Om die massa interessante literatuur na die skool en spesifiek die klaskamer deur te trek, was baie moeilik. Navorser besef dat in hierdie proses baie belangrike beginsels en temas verlore kon gaan. Dit is ook moontlik dat vrae wat geformuleer is, vir deelnemers vreemd kan wees, dat begrippe aan hulle onbekend is. Navorser het sover moontlik dit probeer aanspreek deur eerder praktiese voorbeelde te verskaf. 'n Ander vrese is dat deelnemers nie eerlik gaan wees nie en die antwoord wat hulle dink 'reg' is, te verskaf. In die volgende hoofstuk sal 'n verwerking en interpretering van die data soos aan die hand van 'n vraelys ingesamel, gedoen word.

# HOOFSTUK 4

## BEVINDINGE: AANBIEDING EN BESPREKING

### 4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die navorsingsmetodologie en strategieë in besonder bespreek. Die vraelys is gekies as die navorsingsinstrument en is so saamgestel dat beginsels vanuit die literatuurstudie daarin vervat is. Die navorsingsvraag vir die studie is voortdurend voor oë gehou. So het die navorser probeer om krities-reflekterend die eie rol op die agtergrond te skuif en nuwe betekenisse, verbande en verhoudinge ten opsigte van probleme in die klaskamer, toe te lig. Nadat skriftelike toestemming van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry is, is die vraelyste aan tien opvoeders insluitende die skoolhoof gegee. Die vraelyste is deur almal voltooi en ingehandig. In hierdie hoofstuk word die verskillende vrae wat gestel is, geïnterpreteer deur die verwerkte data te bespreek en afleidings te maak. Teen die einde van die hoofstuk word 'n samevatting gegee van afleidings wat vanuit die verwerkte data gemaak kan word.

### 4.2 PERSOONLIKE GEGEWENS VAN RESPONDENTE

Onderstaande tabel is 'n uiteensetting van die persoonlike gegewens van die opvoeders. In elke kolom word 'n syferwaarde gebruik om die hoeveelheid opvoeders wat die spesifieke kategorie gekies het, aan te dui.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.1* | ***Ouderdom***<br>*Aantal opvoeders:* | *20 - 30*<br>*0* | *30 - 40*<br>*4* | *40 - 50*<br>*5* | *50 – 60*<br>*1* |
| *1.2* | ***Geslag.***<br>*Aantal opvoeders.* | *Manlik*<br>*7* | *Vroulik*<br>*3* | | |
| *1.3*<br>*13.1* | ***Jare ervaring:***<br>***In 'n ander skool/e***<br>*Aantal opvoeders.* | *0 - 5*<br>*3* | *5 - 10*<br>*2* | *10 - 20*<br>*3* | *20 +*<br>*2* |
| *1.3.2* | ***In hierdie skool***<br>*Aantal opvoeders.* | *0 - 5*<br>*1* | *5 - 10*<br>*5* | *10 - 20*<br>*2* | *20 +*<br>*2* |
| *1.4* | ***Kwalifikasies***<br>*Aantal opvoeders.* | *3 jaar diploma*<br>*5* | *4 jaar diploma*<br>*2* | *Graad*<br>*2* | *Graad+* |
| *1.5* | ***Huwelikstatus***<br>*Aantal opvoeders.* | *Ongetroud*<br>*0* | *Getroud*<br>*5* | *Getroud met eie kinders 5* | |
| *1.6* | ***Hoeveelheid leerders in u klas***<br>*Aantal opvoeders.* | *20 - 30*<br>*1* | *30 - 35*<br>*6* | *35 - 40*<br>*0* | *40+ km*<br>*3* |
| *1.7* | ***Doen u klas- of leerarea-onderrig***<br>*Aantal opvoeders.* | *Klasonderrig*<br>*2* | *Leerarea-onderrig*<br>*8* | | |
| *1.8* | ***Rekenaar tuis***<br>*Aantal opvoeders.* | *Ja*<br>*5* | *Nee*<br>*5* | | |
| *1.9* | ***Afstand van skool na woonplek (heen en weer)***<br>*Aantal opvoeders.* | *Stapafstand*<br>*6* | *0 – 5 km.*<br>*1* | *5 – 20 km* | *20+km*<br>*3* |
| *1.10* | ***Wyse van vervoer***<br>*Aantal opvoeders.* | *Stap*<br>*6* | *Per motor*<br>*4* | *Saamry* | *Ander* |

### 4.2.1 Bespreking van die persoonlike gegewens van respondente

Die ouderdomme van opvoeders is tussen 30 en 60 jaar. Sewe mansopvoeders en drie dames opvoeders het aan die studie deelgeneem. Alhoewel hulle baie jare ondervinding in die onderwys het, is die meeste ervaring by Maskam Primêr opgedoen. 'n Betekenisvolle hoeveelheid van die respondente beskik oor 'n erkende driejarige onderwyskwalifikasie. Dit lyk of daar een opvoeder by die skool is wat nie oor 'n driejarige diploma beskik nie. Twee opvoeders beskik oor 'n vierjarige diploma en twee oor 'n graad. Al die opvoeders is getroud. Daar is drie klasse met meer as veertig leerders. Slegs twee uit die totaal van tien opvoeders gee klasonderrig. Interessant is dat die helfte van die opvoeders oor hul eie rekenaar tuis beskik. Ses van die opvoeders woon stapafstand vanaf die skool.

4.2.2 Betekenis van die persoonlike gegewens van respondente

Die skool beskik oor baie ervare opvoeders waarvan die meeste hul ondervinding aan die plaaslike skool opgedoen het. Getroude personeel met eie kinders dui op ervaring in die hantering van kinders wat in dieselfde gemeenskap grootword as leerders wat in hulle klasse is. Minimale personeelwisseling by die skool kan 'n positiewe uitwerking hê deurdat die opvoeders vertroud is met die armoedeprobleem in die gemeenskap en met die uitdagings wat arm, behoeftige leerders in die klas bied.

Die goeie kwalifikasies van die personeel dui op 'n opvoederskorps wat gehalte onderrig kan bied. Ouderdomme van die personeel kan egter op verouderde metodes en sieninge dui aangesien hul opleiding lank gelede plaasgevind het. Opvoeders mag sukkel om die metodiek en beginsels van die nuwe kurrikulum en nuwe leerareas met selfvertoue aan te bied. Hierdie faktor, wat as krities beskou kan word om gehalte onderwys ook in arm landelike skole te verwesenlik, sal later in hierdie hoofstuk meer volledig aangespreek word. Uit die data blyk dit dat daar oorvol klasse is en dat opvoeders dit moeilik mag vind om leerdergesentreerde onderwys onder hierdie omstandighede toe te pas. Daar is ook kleiner klassies wat genoeg ruimte bied om die metodiek en beginsels van Uitkomsgebaseerde Onderwys te implementeer. Gedragsprobleme mag op 'n kleiner skaal voorkom terwyl voorbereiding en nasienwerk aansienlik minder kan wees. Vir opvoeders wat klasonderrig gee, kan dit makliker wees om hul klasse te bestuur, omdat hulle vir die volle duur van die skooldag daar betrokke is. Opvoeders wat leerarea-onderrig aanbied, sal klaswisseling moeiliker vind. Hierdie ruiling kan nadelig wees vir die effektiewe handhawing van dissipline by die skool deurdat daar nie 'n verhouding tussen die opvoeder en leerders gebou word nie. Opvoeders wat oor 'n rekenaar tuis beskik, sal waarskynlik hulle administratiewe werk beter kan doen en leerders beter by die skool se rekenaarlokaal ondersteun, veral in kurrikulumlewering. Goeie beplanning is 'n voorvereiste vir suksesvolle klaskamerbestuur. Opvoeders wat naby die skool bly sal middae en oor naweke vrye toegang tot die skool hê. Die feit dat opvoeders in hierdie klein gemeenskap woonagtig is, mag ook daartoe lei dat hulle makliker kontak met die

ouers kan maak om leerders se vordering en ander belangrike sake te bespreek. Hulle behoort ook vertroud te wees met omstandighede in die gemeenskap.

## 4.3 INVLOED VAN ARMOEDE OP LEERDERS

| | | |
|---|---|---|
| *Hoe groter die armoede in 'n gemeenskap hoe groter is die moontlikheid dat 'n leerder uit so 'n gemeenskap gaan uitval en nie sukses sal behaal nie.* | *Stem saam 9* | *Stem nie saam nie 1* |

### 4.3.1 Bespreking van die respondente se kommentaar

Die negatiewe invloed van armoede op 'n gemeenskap word deur respondente onderstreep deurdat nege uit die tien daarmee saamstem. Twee respondente se sienswyses verskil in 'n mate en is van mening dat leerders bo hul omstandighede moet uitstyg: " Gewilligheid en vasberadenheid om iets te bereik of prysing en aanmoediging van wie ook al aan 'n leerder, kan 'n vuurtjie in leerders aansteek om bo sy/haar omstandighede uit te styg en 'n droom te bewaarheid". "Die uitdaging vandag is dat leerders wel bo hulle omstandighede uitstyg".

Vanuit kommentaar deur respondente op hierdie vraag word onderstaande redes genoem wat leerders se kanse om suksesvol op skool te wees, beduidend benadeel:

- afwesigheid van opvoedkundige speelgoed;
- afwesigheid van voorskoolse programme;
- 'n gebrek aan geld (swak salarisse) ;
- die ongeletterdheid van ouers;
- afwesigheid van ouers deurdat hulle gedwing word om elders te werk;
- ongunstige huislike omstandighede; en
- gebrek aan fisiese behoeftes (soos byvoorbeeld klere).

### 4.3.2 Betekenis van respondente se kommentaar

Elkeen van bogenoemde faktore kan op een of ander wyse met armoede verbind word, wat veral deur werkloosheid en swak salarisse veroorsaak word. Dit blyk dat opvoeders genoemde faktore verantwoordelik hou vir die feit dat leerders nie hul studies kan voltooi en verdere studies onderneem nie. Dit lyk ook of opvoeders hierdie omstandighede as vernaamste oorsaak beskou vir die swak gemotiveerdheid van leerders. Voortspruitend hieruit ervaar leerders volgens opvoeders 'n swak selfbeeld en 'n minderwaardigheidskompleks. Die ongunstige huislike omstandighede wat in die bestudering van die tersaaklike literatuur sterk na vore getree het, word deur die deelnemers in hierdie studie uitgesonder as 'n deurslaggewende faktor in die leerder se prestasie op skool. Dit wil voorkom of dit veral tuisstudie is wat daaronder lei. Opvoeders verwys na die feit dat sommige leerders in oorvol huise, sonder elektrisiteit en 'n geskikte studeerplek woon. Die noue verband tussen armoede en ongeletterdheid word ook na verwys. Van die opvoeders is van mening dat ongeletterde ouers sorg vir ongeletterde kinders. Dit dui daarop dat opvoeders sukkel met leerders wat met agterstande by die skool opdaag. 'n Verontrustende bevinding, is dat baie van die leerders se biologiese ouers elders werk en by hulle ouma grootword. Goeie beheer en toesig mag as gevolg hiervan ontbreek en aanleiding gee tot bederfde, ongehoorsame en ongedissiplineerde leerders. Dit is moontlik dat hierdie ongunstige opvoedingsopset veral in negatiewe optredes van leerders in skole neerslag sal vind.

Daar kan met redelike sekerheid gesê word dat die probleem van armoede by veral skole in die landelike opset 'n reuse invloed op leerders se gedrag het. Hierdie invloede realiseer in negatiewe optredes en gedrag van leerders in die klaskamer. Volgens opvoeders het hierdie negatiewe ervaringe ook 'n invloed op hul eie motivering en lus om aan te hou om leerders te motiveer en te ondersteun.

## 4.4 FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL BY DISSIPLINE/ KLASKAMERBESTUUR

Die onderstaande skaal is gebruik om 'n waarde-oordeel te gee. Waar die waardetoekenning gelyk is, is die rangorde van belangrikheid bepaal deur die sterkste waarde in die volgorde van 3 tot 0 te neem:

Skaal: 0 – geen bydrae nie; 1 - geringe bydrae; 2 – wel 'n bydrae; 3 – hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik

| | *Vraag* | *Waarde-oordeel* | | | | *Totaal.* | *Rangorde* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ***Watter rol dink u speel onderstaande by swak prestasie en dissipline*** | *0* | *1* | *2* | *3* | | |
| *1.1* | *Armoede en werkloosheid by ouers in gemeenskap - ouers kan nie skoolgeld betaal nie* | *0* | *0* | *5 (10)* | *5 (15)* | *30* | *3* |
| *1.2* | *Leerders beskik nie oor voldoende voedsel en klere nie* | *0* | *1 (1)* | *8 (16)* | *1 (3)* | *20* | *7* |
| *1.3* | *Gebrek aan motivering, betrokkenheid en belangstelling van ouerhuis by leerder se skoolwerk* | *0* | *0* | *1 (2)* | *9 (27)* | *29* | *1* |
| *1.4* | *Verantwoordelikhede en pligte wat leerders tuis opgelê word* | *0* | *2 (2)* | *6 (12)* | *2 (6)* | *20* | *6* |
| *1.5* | *Gebrekkige skoolfasiliteite en bronne* | *0* | *1 (1)* | *8 (16)* | *0* | *17* | *9* |
| *1.6* | *Opvoeders wat nie pligsgetrou en hardwerkend is nie* | *0* | *0* | *9 (18)* | *1 (3)* | *21* | *5* |
| *1.7* | *Geen kulturele bedrywighede vir leerders naskool nie* | *0* | *2 (2)* | *3 (6)* | *5 (15)* | *23* | *4* |
| *1.8* | *Alkohol en dwelmprobleem in die gemeenskap* | *0* | *0* | *3 (6)* | *7 (21)* | *27* | *2* |
| *1.9* | *Tiener swangerskappe* | *1 (o)* | *1 (1)* | *7 (14)* | *1 (3)* | *18* | *8* |

### 4.4.1 Bespreking van die statistiese data

Hierdie vraelys ondersoek respondente se oordeel oor faktore wat 'n bydrae lewer tot swak dissipline en klaskamerbestuur. Volgens rangorde blyk dit dat ouers se onbetrokkenheid (1.3) as die belangrikste oorsaak gesien word. Sosio-ekonomiese probleme soos alkohol-en dwelmmisbruik (1.8) asook armoede en werkloosheid (1.1) word na ouerbetrokkenheid uitgesonder. Die bydrae van die opvoeder (pligsgetrou en hardwerkend ) (1.6) en gebrekkige skoolfasiliteite (1.5) word onderskeidelik as 5de en 9de belangrikste beskou. Respondente beskou die afwesigheid van sinvolle kulturele bedrywighede (1.7) as 'n belangrike bydraende faktor en dit beklee 'n 4de plek op die rangorde. Dit blyk dat fisiese versorging (1.2) 7de en verantwoordelikhede tuis (1.4) 6de

as van mindere belang beskou word. Tienerswangerskappe (1.9) word nie as 'n belangrike oorsaak gesien nie, en word 8ste uit 'n rangorde van nege aangeslaan.

### 4.4.2 Bespreking van die respondente se kommentaar

Die onbetrokkenheid van die ouers by hul kinders se onderwys word beklemtoon deurdat vier opvoeders in die terugvoering daarna verwys. Opvoeders verwys ook na oningeligtheid en 'n gebrek aan motivering van ouers. Werksomstandighede lei daartoe dat ouers soggens vroeg die huis moet verlaat en saans laat terugkeer wat aan leerders die geleentheid bied om met drank-en dwelms te eksperimenteer. Die volgende stelling is verteenwoordigend van hoe opvoeders die sitsuasie opsom: "Ouers het geen beheer oor kinders, daar is geen toesig na skool." 'n Tekort aan volwaardige rolmodelle, geestelike sprekers en 'n godsdienstige fondament tuis word genoem as oorsake vir disrespek teenoor opvoeders. Opvoeders is van mening dat kinders se taalonvermoeë toegeskryf kan word aan 'n gebrekkige 'taalbed' wat alreeds in die leerder se eerste twee lewensjare moes ontwikkel. In die kommentaar gelewer, word verwys na traak-my-nie-agtige, onbetrokke en mismoedige opvoeders wat voel dat hulle geen "mag" meer het oor leerders nie. Insiggewend is dat opvoeders die hedendaagse televisieprogramme blameer vir swak gedrag. Opvoeders maak ook melding van 'n tekort aan genoegsame en geskikte leermateriaal.

### 4.4.3 Betekenis van respondente se kommentaar

Uit hierdie kommentaar van opvoeders blyk dit dat oningeligte en ongemotiveerde ouers nie hul opvoedingstaak nakom nie. Ouers neem nie die onderwys van hulle kinders ernstig op nie. Tesame met die onbetrokkenheid van ouers, ontbreek 'n soliede godsdienstige fondament asook rolmodelle in die ouerhuis en gemeenskap. Dit blyk dat opvoeders hierdie invloede as die hoofoorsake vir die gedragsprobleme in die klaskamer beskou. Die gebrek aan ondersteuning en 'n goeie voorbeeld vanaf die ouers dra by tot die swak gedrag. Pretorius (1998:321-322) verwys daarom na die belangrikheid van stabiele identifikasiefigure asook die invloed van die sosiaal ongewenste gedrag van die

volwassenes in die milieu van arm leerders. Dit is logies dat die lang werksure van ouers en gepaardgaande gebrek aan toesig ruimte sal skep vir negatiewe optredes. Leerders eksperimenteer met drank-en dwelmmiddels en dit lyk of opvoeders dit as 'n rede vir die gebrek aan respek wat leerders openbaar beskou. Dit is ook duidelik dat opvoeders glo dat die swak taalvermoeë van leerders 'n impak op hul prestasie het. Swak dissipline, 'n tekort aan geskikte leermateriaal, tesame met onbetrokkenheid van ouers, werk ontmoedigend in op opvoeders en is waarskynlik die hoofredes vir die ongeërgde houding van opvoeders. Dit is ook duidelik dat hierdie faktore verantwoordelik is vir die mismoedigheid wat onder opvoeders heers.

## 4.5 OPVOEDERS SE MAGSBASIS IN DIE KLASKAMER

Die onderstaande skaal is gebruik om 'n waarde-oordeel te gee. Waar die waardetoekenning gelyk is, is die rangorde van belangrikheid bepaal deur die sterkste waarde in die volgorde van 3 tot 0 te neem. Op die rangorde word die sterkste waarde aangetoon as (.1) en die tweede sterkste waarde as (.2) bv 2.1 en 2.2

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid; 2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is

| | Vraag | Waarde-oordeel | | | | Totaal | Rangorde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **In hoeverre ervaar u as onderwyser onderstaande:** | 0 | 1 | 2 | 3 | | |
| *1.1* | *Die leerders gee baie vir my as hul opvoeder om* | 1 (0) | 1 (1) | 6 (12) | 2 (6) | 19 | 4 |
| *1.2* | *Die leerders weet dat ek by magte is om hulle te straf* | 0 | 2 (2) | 3 (6) | 5 (15) | 23 | 2.2 |
| *1.3* | *Die leerders in my klas erken my meerdere status as onderwyser bo hul status as leerders* | 1 (0) | 0 | 3 (6) | 6 (18) | 24 | 1 |
| *1.4* | *Leerders erken dat ek kundig in my leerarea is en die vak baie goed aanbied* | 1 (0) | 0 | 4 (8) | 5 (15) | 23 | 2.1 |
| *1.5* | *Die leerders weet dat ek hulle vir goeie werk beloon* | 1 | 1 (1) | 5 (10) | 3 (9) | 20 | 3 |

4.5.1 Bespreking van die statistiese data

Hierdie vraelys ondersoek die magsbasis wat 'n rol speel in opvoeders se optrede en styl teenoor leerders in die klaskamer. Opvoeders word erken as die gesagsfiguur in die klas (1.3) en dit blyk dat leerders bewus daarvan is dat hulle deur opvoeders gestraf kan word (1.2 ) Hierdie twee faktore word onderskeidelik as die 1^ste^ en 2^de^ belangrikste faktore gesien vir goeie verhoudinge in die klaskamer. Vakkundigheid en die aanbieding van leerareas (1.4) word ook deur die respondente as 'n belangrike faktor gesien en beklee 'n tweede plek (2.1) op die rangorde. Belonings vir goeie werk (1.5) speel nie 'n groot rol nie en word as die 3^de^ belangrikste beskou. Opvoeders is van mening dat leerders baie min vir hulle omgee en hierdie faktor (1.1) beklee die 4^de^ plek op die rangorde.

4.5.2 Bespreking van die respondente se kommentaar

Die swak huislike omstandighede word deur opvoeders as 'n belangrike oorsaak vir leerders se negatiewe optredes in die klaskamer beskou. Leerders se respek vir die opvoeders, mede-leerders en ouers ontbreek. Volgens opvoeders sien kinders hul ouers as mislukkings wat faal in hulle opvoedingstaak. Hierdie siening word geïllustreer deur die volgende aanhaling wat deur die meeste respondente onderskryf word: "Leerders het 'n verwronge beeld van 'n meerdere omdat hulle hul meerdere by die huis as 'n mislukking sien." Leerders beskou die skool as 'n soort strafkamp. In hul terugvoering is daar opvoeders wat aantoon dat hulle begrip en deernis vir leerders se omstandighede het en daarom vir hulle omgee.

Sommige respondente is van mening dat leerders hulle aanvaar en sien dat hulle baie moeite doen om te sorg dat die werk bemeester word. Vir sommige opvoeders is dit belangrik dat leerders kom werk by die skool om hulle voor te berei om goed in die gemeenskap op te tree. Volgens enkele opvoeders is van die leerders van mening dat hulle te veel werk gee. Vir hierdie opvoeders is die skool nie 'n vakansieplek nie, maar 'n werkplek. In die kommentaar gelewer, maak opvoeders melding van die feit dat leerders by sommige opvoeders kanse probeer vat. Respondente wys daarop dat

verhoudinge tussen leerders en opvoeders gegrond moet wees op 'n professionele ingesteldheid waar die opvoeder nie as hulle maat beskou word nie. Opvoeders beskou die toepassing van dissiplinêre maatreëls soos detensie as belangrik. Interessant is dat daar enkele opvoeders is wat verkies dat "strawwe nie te kras moet wees nie maar dat leerders mede-verantwoordelikheid vir hulle leer moet aanvaar." Daar is opvoeders wat leerders beloon vir harde werk deur aan hulle 'n blaaskans vyf minute voor die einde van 'n periode te gee.

4.5.3 Betekenis van respondente se kommentaar

'n Verontrustende bevinding wat uit die statistiese data gemaak kan word, is dat dit lyk of die leerders nie baie vir hulle opvoeders omgee nie. Dit lyk ook of opvoeders dissipline probeer handhaaf vanuit 'n gesagsposisie. Hierdie benadering dui moontlik op verouderde sienswyses ten opsigte van die handhawing van goeie verhoudinge en dissipline. Die huislike omstandighede word ook in hierdie terugvoering beklemtoon as vernaamste oorsaak vir leerders se negatiewe optredes in die klaskamer. As daar na opvoeders se kommentaar gekyk word, kan afgelei word dat hulle besef dat leerders nie hul ouers respekteer nie. Opvoeders beskou hierdie sitsuasie as vernaamste rede vir die disrespek wat teenoor mede-leerders en opvoeders bestaan. Die gebrek aan respek vir volwassenes word vanaf die huis na die skool oorgedra. Verskeie skrywers verwys na die nadele van 'n ontoereikende opvoedingsopset tuis. Cox (2000:81) verklaar dat sosiale agterstande kragtig kan bydra tot gedragsafwykings in leerders, terwyl navorsing gedoen deur Unesco (2004:5) verklaar dat huislike omstandighede as 'n struikelblok beskou kan word vir effektiewe leerervaringe. Desondanks lyk dit of daar opvoeders is wat die belangrikheid van goeie werkgewoontes besef, asook om leerders voor te berei vir die uitdagings van die buitewêreld. Die vermoede bestaan sterk dat leerders sukkel om werk te bemeester of groot hoeveelhede werk te kan hanteer. Dit word bevestig in die kommentaar waarin opvoeders noem dat leerders kla van te veel werk wat hulle kry. Insiggewend ook is dat leerders volgens hul opvoeders die skool as 'n soort "strafkamp" sien. Opvoeders besef die belangrikheid van dissiplinêre maatreëls. Dit is egter opvallend dat hulle 'n verantwoordelikheidsin by leerders wil kweek. Daar kan afgelei

word dat empatie vir leerders bestaan. Die gevaar bestaan egter dat dit mag lei tot laer standaarde asook 'n verslapping ten opsigte van dissipline.

## 4.6 OPVOEDER SE ERVARING VAN DISSPLINÊRE PROBLEME IN DIE KLASKAMER

Die onderstaande skaal is gebruik om 'n waarde-oordeel te bepaal. Waar die waardetoekenning gelyk is, is die rangorde van belangrikheid bepaal deur die sterkste waarde in die volgorde van 3 tot 0 te neem. Op die rangorde word die sterkste waarde aangetoon as (.1) en die tweede waarde as (.2) bv. 6.1 en 6.2

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid; 2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is

| | ***Vraag*** | ***Waarde-oordeel*** | | | | ***Totaal*** | ***Rangorde*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ***In hoeverre ervaar u as onderwyser onderstaande?*** | *0* | *1* | *2* | *3* | | |
| *1.1* | *Die leerders praat terwyl u klas gee* | *1 (0)* | *3 (3)* | *4 (8)* | *1 (3)* | *14* | *5* |
| *1.2* | *Ondervoeding veroorsaak dat leerders nie in die klaskamer konsentreer nie* | *1 (0)* | *1 (1)* | *3 (6)* | *5 (15)* | *22* | *1* |
| *1.3* | *Leerders is baie dae afwesig* | *2 (0)* | *0* | *6 (12)* | *2 (6)* | *18* | *3* |
| *1.4* | *Leerders doen geen huiswerk of voer opdragte uit nie* | *0* | *2 (2)* | *5 (10)* | *3 (9)* | *21* | *2* |
| *1.5* | *Leerders daag openlik u gesag in die klaskamer uit* | *5 (0)* | *2 (2)* | *3 (6)* | *0* | *8* | *8* |
| *1.6* | *Leerders sit nie in hul banke nie maar bly rondbeweeg* | *3 (0)* | *2 (2)* | *4 (8)* | *1 (3)* | *13* | *6.1* |
| *1.7* | *Leerders praat tee en is agressief* | *4 (0)* | *3 (3)* | *3 (6)* | *0* | *9* | *7* |
| *1.8* | *Leerders is baie pligsgetrou en voer take netjies en noukeurig uit* | *1 (0)* | *6 (6)* | *2 (4)* | *1 (3)* | *13* | *6.2* |
| *1.9* | *Ouers verseker dat leerders boeke en skryfgereedskap by hulle het en dat hul netjies en voorbereid in die klas opdaag* | *4 (0)* | *5 (5)* | *1 (2)* | *0* | *7* | *9* |
| *1.10* | *Sommige leerders help u om dissipline in die klaskamer te handhaaf* | *1 (0)* | *3 (3)* | *4 (8)* | *2 (6)* | *17* | *4* |
| *1.11* | *Die ouers is aktief betrokke, stel belang in hul kinders se vordering en woon vergaderings, oueraande en besprekingsessies met onderwysers gereeld by* | *5 (0)* | *5 (5)* | *0* | *0* | *5* | *10* |

4.6.1 Bespreking van die statistiese data

Hierdie vraelys ondersoek die faktore in die klaskamer wat 'n rol kan speel by dissipline. 'n Tekort aan voedsel en gepaardgaande swak konsentrasie (1.2) word gesien as die vernaamste faktor wat dissiplinêre probleme veroorsaak en prestasie kan benadeel. Gebrekkige uitvoering van take en opdragte (1.4) word as die 2^de^ belangrikste oorsaak beskou, gevolg deur afwesigheid (1.3) 3^de^. Hulp deur leerders met die handhawing van dissipline (1.10) word ook belangrik geag en beklee die 4^de^ plek. Pratery tydens lesse (1.1) lewer 'n redelike bydrae en word as die 5^de^ belangrikste faktor beskou. Beweging tydens lesse (1.6) en pligsgetrouheid, netheid en noukeurige uitvoering van take deur leerders (1.8) word in 'n mindere mate as bydraende faktore beskou en is gesamentlik 6^de^ (6.1 en 6.2) op die rangorde. Leerders wat teepraat en aggressief is (1.7) word nie as 'n groot oorsaak beskou nie en is 7^de^ op die rangorde. Die uitdaging van opvoeders se gesag (1.5) word deur respondente as die 8^ste^ belangrikste oorsaak beskou. Interessant is dat die rol van die ouers in die voorsiening van boeke en skryfgereedskap, netheid asook voorbereiding (1.9) tesame met betrokkenheid as onbelangrik beskou word en is onderskeidelik 9^de^ en 10 de op die rangorde.

4.6.2 Bespreking van die respondente se kommentaar

Uit die kommentaar gelewer, noem respondente dat so min as 2% van die ouers opdaag vir vergaderings met opvoeders. Enkele opvoeders is van mening dat: " Omdat ouers nie self betrokke is nie, moet die leerkrag die ouer soms self besoek." Opvoeders maak melding dat hulle dikwels die ouer se plek moet inneem, as gevolg van 'n traak-my-nie agtige nie-omgee houding. Dit word toegeskryf aan ouers se onkundigheid om hulle kinders op te voed. Een respondent is egter van mening dat "daar enkele oulike betrokke ouers is." Lakse leerders is nie positief ingestel nie as gevolg van die sosio-ekonomiese omgewing waarin hulle grootword. Interessant is dat daar volgens opvoeders wel positiewe leerders in die skool is. Respondente noem in hulle kommentaar dat swak gedrag voorkom en blameer die afskaffing van lyfstraf asook leerders se houding daarvoor. Verdere gevolge hiervan is dat leerders ook nie tuiswerk

doen nie. In die terugvoering wys opvoeders verder daarop dat die hoë uitsaksyfer in graad ses 'n probleem is. Volgens hulle is daar vir hierdie leerders geen werklike toekoms nie. Oorvol klasse en hope administratiewe werk lei tot moedeloosheid en onsuksesvolle aanbieding van lesse.

4.6.3 Betekenis van respondente se kommentaar

Onbetrokkenheid van ouers word ook in hierdie terugvoering beklemtoon. Dit word bevestig deurdat daarop gewys word dat so min as 2% van ouers vir vergaderings en oueraande opdaag. Daar word ook na die traak-my-nie-agtigheid van ouers verwys. Opvoeders verwys verder na die tendens dat hulle ouers se plek moet inneem. Dit dui daarop dat opvoeders van mening is dat ouers nie werklik omgee vir hul kinders nie. Die skool en onderwys word nie as belangrik geag nie en die opvoedingstaak word aan die opvoeder oorgelaat. Hurn (in Unisa, 2002:67) wys daarop dat veral werkersklasouers geneig is om die volle verantwoordelikheid van hul kinders se opvoeding aan die opvoeder oor te laat. Die gevaar bestaan dat oorlaaide opvoeders 'n veeleisende pastorale taak moet uitvoer. Die kernfunksie, naamlik effektiewe onderrig, mag moontlik afgeskeep word. Begrip moet egter getoon word vir werksomstandighede van ouers. Onder 4.4.3 is verwys na die lang werksure wat meebring dat ouers vir 'n groot periode van die dag nie by die huis kan wees nie. Die gevolg hiervan is dat ouers moontlik te uitgeput kan wees om skoolaktiwiteite by te woon. Daar is enkele betrokke ouers. In die kommenataar gelewer, word swak dissipline van leerders beklemtoon. Daar kan afgelei word dat opvoeders dit as 'n moeilike uitdaging beskou wat onderrig en leer kan benadeel. Opvoeders wys op verskeie nadele van swak dissipline. Negatiewe optredes en laksheid kom voor, terwyl leerders nie tuiswerk doen nie. Pretorius (1998:322) verklaar daarom dat arm leerders nie voldoende toegerus is vir die eise wat die skool stel nie. Daar kan afgelei word dat opvoeders swak dissipline toeskryf aan die afskaffing van lyfstraf. Die vermoede bestaan sterk dat opvoeders sukkel met alternatiewe vir lyfstraf. In die terugvoering word gemeld dat die hoë uitsaksyfer in graad ses 'n probleem is. Daar is reeds verwys na die swak motivering van leerders. Die moontlikheid bestaan dat swak motivering leerders se lus vir leer kan beïnvloed. Hierdie tendens word bevestig

deur Hyland (in Masitsa, 2004:230) wat noem dat armoede jong mense se motivering kan ondermyn. Onder hierdie omstandighede is die kanse groot dat leerders die skool gouer sal verlaat.

## 4.7 OPVOEDERMOTIVERING

Die onderstaande skaal is vir 'n waarde-oordeel gebruik. Waar die waardetoekenning gelyk is, is die rangorde van belangrikheid bepaal deur die sterkste waarde in die volgorde van 3 tot 0 te neem. Op die rangorde word die sterkste waarde aangetoon as (.1) en die tweede waarde as (.2) bv. 2.1 en 2.2 asook 4.1 en 4.2.

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid; 2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is

| | *Vraag* | *Waarde-oordeel* | | | | *Totaal* | *Rangorde* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ***U sieninge oor onderstaande*** | *0* | *1* | *2* | *3* | | |
| *1.1* | *Ek voel positief en gemotiveerd teenoor my werk en die onderwys in die algemeen* | *1 (0)* | *3 (3)* | *2 (4)* | *4 (12)* | *19* | *1* |
| *1.2* | *Ek is tevrede met die salaris wat ek ontvang, bevorderingsmoontlikhede en werksomstandighede* | *6 (0)* | *2 (2)* | *0* | *2 (6)* | *8* | *6* |
| *1.3* | *Ek voel positief oor die veranderinge op onderwysfront, pas maklik daarby aan en benader dit met 'n oop gemoed* | *2 (0)* | *3 (3)* | *4 (8)* | *1 (3)* | *14* | *4.2* |
| *1.4* | *Daar word te veel ekstra dinge van my verwag wat my weghou van die klaskamer wat ek as my belangrikste werkopdrag beskou* | *1 (0)* | *3 (3)* | *5 (10)* | *1 (3)* | *16* | *3* |
| *1.5* | *Ek ervaar nie voldoende ondersteuning van my kollegas, die OBOS en ouers nie* | *3 (0)* | *4 (4)* | *3 (6)* | *0* | *10* | *5* |
| *1.6* | *Ek verkies dit nog steeds om voor 'n klas te staan en daaglikse onderrig te gee as om 'n klomp aktiwiteite aan leerders uit te werk om in groepe te doen.* | *1 (0)* | *2 (2)* | *6 (12)* | *1 (3)* | *17* | *2.2* |
| *1.7* | *Ek sien uit na 'n rooskleurige toekoms in die onderwys* | *0* | *5 (5)* | *3 (6)* | *2 (6)* | *17* | *2.1* |
| *1.8* | *As ek net kan sal ek die onderwysberoep môre verlaat* | *4 (0)* | *1 (1)* | *2 (4)* | *3 (9)* | *14* | *4.1* |

### 4.7.1 Bespreking van die statistiese data

Hierdie vraelys ondersoek faktore wat 'n invloed het op opvoeders se gemotiveerdheid teenoor die onderwysprofessie. Volgens rangorde van belangrikheid blyk dit dat opvoeders positief en gemotiveerd is teenoor hulle beroep. Positiwiteit en gemotiveerdheid (1.1) word gevolg deurdat opvoeders 'n rooskleurige toekoms vir hulself in die onderwys sien. (1.7) Die werklading (1.4) en gebruik van verskillende

onderrigmetodes (1.6) het 'n impak en word as onderskeidelik $3^{de}$ en $2^{de}$ (2.2) beskou. Veranderinge in die onderwys (1.3) en die moontlikheid om onmiddellik die beroep te verlaat (1.8) word nie te hoog aangeslaan nie en word $4^{de}$ (4.1 en 4.2) ervaar. Salariskwessies, bevordering en werksomstandighede (1.2) asook ondersteuning van ander rolspelers (1.5) word as van minder belang beskou deurdat dit onderskeidelik $5^{de}$ en $6^{de}$ op 'n rangorde van agt aangeslaan word.

### 4.7.2 Bespreking van die respondente se kommentaar

In kommentaar gelewer, noem opvoeders dat hulle te min besoldig word. Een ondergekwalifiseerde opvoeder is van mening dat daar geen bevorderingsmoontlikhede is nie, alhoewel dieselfde en meer werk gedoen word as kollegas in bevorderingsbetrekkings. Daar word verder verwys na bevorderingspersoneel wat betaling ontvang vir geen werk gelewer. Opvoeders verwag meer persoonlike bystand en diens van die OBOS. Sommige opvoeders noem dat alle opvoeders na 'n goeie verhouding moet streef met werkgewers. Van die respondente meen dat elke opvoeder verantwoordelikheid vir sy eie ontwikkeling en groei moet aanvaar, en dat positiwiteit en gemotiveerdheid van binne af kom. Een respondent wat vir 'n tyd lank uit die onderwys was, verwys na die baie veranderinge wat in die onderwys plaasgevind het, maar glo dat leerders desondanks, "nog steeds feite en hul tafels moet ken." Groepwerk word gesien as 'n tydverkwistende onderrigstrategie in oorvol klasse. Interessant egter is dat opvoeders meen dat swakker leerders kan baat by groepwerk. Uit die kommentaar gelewer, blyk dit dat opvoeders wanhopig voel ten opsigte van leedergedrag en die gebrek aan respek vir ouers, opvoeders en mede-leerders. Die volgende stelling is verteenwoordigend van opvoeders se siening ten opsigte van groot klasse en baie werk: "In baie gevalle raak ek moedeloos as gevolg van vol klasse en hope administratiewe werk. Kan nie werklik suksesvol les aanbied nie." Opvoeders noem dat kinders se woord meer tel as die professionele opvoeder sin. In die kommentaar gelewer, beskryf opvoeders hulself as die aspoestertjies van die beroepswêreld en sê dat geen waardering vir opvoeders getoon word nie. Volgens hierdie opvoeders reflekteer swak salarisse dit.

### 4.7.3 Betekenis van respondente se kommentaar

Uit die persoonlike kommentaar deur opvoeders gelewer, kan afgelei word dat daar opvoeders is wat ongelukkig en ontevrede is met salarisse. Daar word ook na kanse op bevorderings verwys. Daar kan afgelei word dat dit opvoeders se moraal verlaag. Ontevredenheid oor bevordering kan die samewerking tussen personeellede knou, wat weer daartoe mag lei dat elke opvoeder op sy/haar eie beplan. Een van die belangrikste bevindings is die kwessie van ondersteuning aan opvoeders. Dit blyk dat persoonlike bystand en ondersteuning aan opvoeders 'n behoefte is wat dringend aangespreek behoort te word. In die terugvoering wys opvoeders daarop dat hulle ondersteuning en hulp van vakadviseurs en ander OBOS amptenare verlang. Dit lyk of dit veral ten opsigte van die kurrikulum moet wees. Dit lyk of daar opvoeders is wat die vaslegging van werk as belangrik beskou en dat beproefde onderrigstrategieë en inhoude behoue moet bly. Daar is ook opvoeders wat skepties staan teenoor leerdergesentreerde onderwys soos groepwerk. Dit lyk of dit nie deur sommige opvoeders as voordelig beskou word nie. Dit wil voorkom of groot klasse 'n rol in hierdie sienswyse speel. Betekenisvol is dat groepwerk gesien word as 'n tydverkwistende strategie. Die vermoede bestaan dat opvoeders die werk wil voltooi met metodiek waarmee hulle gemaklik is en wat dus gouer is. Interessant is dat opvoeders van mening is dat groepwerk in kleiner klasse kan werk.

Ook in hierdie terugvoering vestig opvoeders die aandag op leerders se gedrag. Dit lyk of die swak gedrag opvoeders se moraal ernstig beïnvloed. Dit blyk uit die feit dat opvoeders noem dat hulle wanhopig voel ten opsigte van leerders se gedrag en die afwesigheid van respek vir andere. Opvoeders is verder van mening dat geen waardering getoon word vír die werk wat hulle lewer nie. Hierdie sienswyse dui op die verlaagde status van die onderwysberoep in die breë publiek se oë.

4.8 PROBLEME EN OPLOSSINGS VIR KLASKAMERBESTUUR

Die onderstaande skaal is gebruik om 'n waarde-oordeel te gee. Waar die waardetoekenning gelyk is, is die rangorde van belangrikheid bepaal deur die sterkste waarde in die volgorde van 3 tot 0 te neem. Op die rangorde word die sterkste waarde aangetoon as (.1) en die tweede sterkste waarde as (.2) bv. 3.1 en 3.2. Dieselfde geld vir 6.1 en 6.2.

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid; 2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is

| | *Vraag* | *Waarde-oordeel* | | | | *Totaal* | *Rangorde* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | ***U sieninge oor onderstaande*** | *0* | *1* | *2* | *3* | | |
| *1.1* | *Klasbestuur sal verbeter word indien die regering met 'n totale strategie kom om armoede in die platteland te verlig* | *0* | *0* | *3 (6)* | *6 (18)* | *24* | *3.2* |
| *1.2* | *'n Pligsgetroue opvoeder met 'n uitnodigende klaskamer en 'n goeie verhouding met sy/haar leerders behoort effektiewe klasbestuur toe te pas.* | *0* | *1 (1)* | *1 (2)* | *7 21* | *24* | *3.1* |
| *1.3* | *Die huidige UGO benadering is nie versoenbaar met groot klasse met leerders uit arm gemeenskappe nie.* | *0* | *0* | *3 (6)* | *7 (21)* | *27* | *1* |
| *1.4* | *Isolasie en afsondering in plattelandse gebiede kan deur georganiseerde aktiwiteite aangespreek word* | *0* | *1 (1)* | *5 (10)* | *3 (9)* | *20* | *6.2* |
| *1.5* | *Lewenslange leer is al oplossing in 'n inligtingsera – daarom sal ons as opvoeders voorturende opleiding moet ontvang om kwessies aan te spreek* | *0* | *0* | *4 (8)* | *6 (18)* | *26* | *2* |
| *1.6* | *Normes en waardes in gemeenskappe en ouerhuise sal aktief deur kerke aangespreek moet word* | *0* | *2 (2)* | *4 (8)* | *4 (12)* | *22* | *5* |
| *1.7* | *My verhouding met die leerders in die klaskamer bepaal grootliks die effektiwiteit van my klasbestuur* | *0* | *1 (1)* | *5 (10)* | *4 (12)* | *23* | *4* |
| *1.8* | *Bring die lat terug – dan sal dit beter gaan.* | *0* | *4 (4)* | *2 (4)* | *4 (12)* | *20* | *6.1* |

4.8.1 Bespreking van die statistiese data

Hierdie vraelys ondersoek probleme en oplossings vir klasbestuur by arm landelike skole. Die werkbaarheid van Uitkomsgebaseerde Onderwys (1.3) word betwyfel en respondente beskou dit as die vernaamste probleem by plattelandse skole. Die belangrikheid van verdere opleiding (1.5) word erken as oplossing en word as die 2de belangrikste faktor beskou. Die bydrae van die rolspelers om probleme aan te spreek (die regering en die

opvoeders) (1.1) en (1.2) word erken en word derde (3.1 en 3.2) uit 'n rangorde van 8 aangeslaan. Die bydrae van kerke (normes en waardes) (1.6) word nie hoog aangeslaan nie en word as die 5$^{de}$ belangrikste beskou. Opvoeders beskou hul verhouding met hul leerders (1.7) tesame met die terugbring van lyfstraf (1.8) as van mindere belang en word onderskeidelik 4$^{de}$ en 6$^{de}$ (6.1) op die rangorde aangeslaan. Die organisasie van aktiwiteite om isolasie en afsondering aan te spreek (1.4) word nie as belangrik beskou nie en word laaste (6.2) op die rangorde geplaas.

4.8.2 Bespreking van die respondente se kommentaar

Opvoeders wys in hul kommentaar daarop dat klasbestuur deeglike beplanning, organisasie van aktiwiteite, goeie klasbeheer deur dissipline en weldeurdagte opdragte behels. Respondente wys verder daarop dat klaskamerbestuur leerdergesentreerd moet wees met kleurvolle plakkate en die uitstalling van leerders se werk. Om in groot klasse effektief te onderrig, word koöperatiewe leer as oplossing voorgestel. Een opvoeder se stelling wyk af van die oorheersende gevoel wat bestaan ten opsigte van groot klasse: " Navorsing het bewys dat groot klasse wel hanteerbaar is, maar of dit dalk in meer gegoede woonbuurte plaasgevind het, weet ek nie." Uitkomsgebaseerde Onderwys word beskou as 'n stelsel wat ontwerp is vir kleingroep-onderrig met 'n maksimum van tien leerders en dat die huidige mengsel van "ou" en "nuwe" onderwys sal misluk.

Dit blyk dat opvoeders hulp en ondersteuning van die breë gemeenskap sal verwelkom. In die kommentaar gelewer, verwys twee opvoeders daarna en noem dat rolspelers soos Maatskaplike dienste en Nie-regeringsorganisasies by die opvoeding en leer van leerders betrek moet word. Daar word ook genoem dat regeringshulp meer as net geld en aalmoese moet wees. Uit die terugvoering gelewer, beskou opvoeders die terugbring van lyfstraf as 'n droom wat nie sal realiseer binne die huidige konteks in Suid-Afrika nie. Betekenisvol is dat opvoeders meen dat leerders slegs luister as hulle pakkry en dat hulle nie gehoor gee as daar ordentlik met hulle gepraat word nie.

### 4.8.3 Betekenis van respondente se kommentaar

Uit die kommentaar gelewer, kan afgelei word dat hierdie ervare opvoeders die grondreëls van doeltreffende klasbestuur verstaan. Daar kan ook afgelei word dat daar opvoeders is wat die waarde van leerdergesentreerde onderrigstrategieë soos koöperatiewe leer besef. Interessant veral is dat dit lyk of daar opvoeders is wat hierdie strategieë in groter klasse wil implementeer. Aan die ander kant meen sommige opvoeders dat Uitkomsgebaseerde Onderwys as stelsel nie sal slaag in klasse met groot getal leerders nie.

Dit is duidelik dat opvoeders die hulp en ondersteuning van alle moontlike rolspelers in die gemeenskap sal verwelkom. Die rede blyk te wees die onbetrokkenheid van ouers, asook die uitdagings wat leerders stel ten opsigte van veral dissipline. Dit wil voorkom of opvoeders nie in staat is om dissipline sonder lyfstraf toe te pas nie. Opleiding is nodig om die probleem aan te spreek en alternatiewe strafmaatreëls te implementeer.

## 4.9 BESPREKING VAN RESPONDENTE SE KOMMENTAAR: EIE SIENING VAN KLASBESTUUR. PROBLEME EN MOONTLIKE OPLOSSINGS VIR KLASBESTUUR

In hul terugvoering wys opvoeders daarop dat klasbestuur problematies is. Volgens hulle bemoeilik die volgende faktore klasbestuur.

- 'n Tekort aan arbeidsbesparende onderwyshulpmiddels.
- Beperkte klaskamerruimte bemoeilik leerdergesentreerde onderwys, organisasie en berging van leerders sowel as opvoeders se werk.
- Te veel leerders is in klaskamers.
- Leerondersteuning aan swakker leerders moet deur klasopvoeders gedoen word.
- Klasruiling veroorsaak dat reëls nie konstant uitgevoer word.
- Leerders is afkomstig uit huise waar werkloosheid, drankmisbruik, geweld en "oorbevolking" voorkom. Dit is vir leerders moeilik om onder hierdie omstandighede te presteer.

Een opvoeder verwys na die afwesigheid van gesamentlike beplanning: " Beplanning van die skoolkurrikulum word afsonderlik gedoen deur opvoeders."

Respondente doen verskillende oplossings aan die hand vir die probleme soos hieronder aangedui.

- Eenvormige skooldrag sal dissipline bevorder.
- Optrede en straftoepassing deur opvoeders teenoor leerders moet konsekwent wees.
- Prefekte moet ingspan word om orde te handhaaf tydens klasruiling.
- Uitbreiding van die voedingsskema. 'n Honger kind kan nie leer nie.
- Assistente vir opvoeders en toegang tot fotostaat, faks en ander masjiene moet verbeter word.
- Bronnemateriaal moet gereed by die skool afgelewer word.
- Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement moet sorg dat leer- en werksomstandighede vir beide leerders en opvoeders verbeter word.
- Kundige konsultante moet aangestel word om te help kyk na oplossings vir die probleme.
- Besoeke deur vakadviseurs wat gemik is op ondersteuning in die klaskamer. Planne moet werkbaar wees.
- 'n Formele program soos wat tans met die geletterdheid en gesyferdheidstrategie gedoen word, moet van stapel gestuur word by landelike skole.

Die volgende stellings is verteenwoordigend ten opsigte van die oplossing vir die probleem van oorvol klasse: "Die verhouding van opvoeders tot leerders moet ook verminder word bv. 1:25 of 1:30. Dit sal minder probleme in die klaskamer veroorsaak, want die opvoeder sal dan in beheer wees van sy klaskamer en effektiewe bestuur en leer sal plaasvind." "Klaskamerruimte vir leerders en berging van skoolwerk, opvoeders se administratiewe werk is nie voldoende nie." Dit is ook duidelik dat eksterne hulp noodsaaklik is: "Die WKOD moet toesien dat leer en werksomstandighede vir beide leerders en opvoeders in skole verbeter en aangespreek word."

### 4.9.1 Betekenis van respondente se kommentaar

Uit hierdie data kan afgelei word dat die sosio-ekonomiese omstandighede in die gemeenskap 'n beduidende invloed het op leerderprestasie. Faktore soos werkloosheid, drankmisbruik, geweld en oorvol huis blyk die vernaamste faktore te wees. Dit lyk of daar 'n noue verband tussen die sosio-ekonomiese probleme en aspekte soos dissipline, leerderbywoning, fisiese versorging en leerdertoewyding bestaan. Betekenisvol is dat opvoeders ook die uitbreiding van die voedingskema bepleit. Dit dui daarop dat daar steeds 'n voedselbehoefte onder leerders bestaan. Met die teenwoordigheid van al hierdie sosio-ekonomiese faktore is dit daarom verstaanbaar dat opvoeders by hierdie skool, gratis onderwys vir arm leerders bepleit.

Dit blyk dit dat opvoeders hulle werksomstandighede as baie moeilik ervaar. Een van die kwessies wat telkemale uitgwys is, is die nadele wat met veral oorvol klasse gepaardgaan. Oorvol klasse lei tot 'n gebrek aan stoorruimte, bemoeilik klasorganisasie en skep dissiplinê probleme. Leerdergesentreerde onderwys is ook moeilik uitvoerbaar. Hierdie scenario dra waarskynlik daartoe by dat opvoeders volhard met tradisionele, verouderde onderrigmetodes. Die tendens word bevestig deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (2006: 27) wat die aandag vestig op 'n gebrek aan spontane interaksie tydens lesse asook die feit dat baie opvoeders nog nie hul onderrigmetodes verander het nie. Onder hierdie omstandighede sal leerders se belangstelling moeilik behou word. Leerders hou van interessante lesse. Navorsing deur Chrisholm en Porteus (in HSRC en EPC, 2005: 94) wys daarop dat leerders van opvoeders verwag om 'n wye verskeidenheid aktiwiteite met hulle in die klaskamer te doen. Die probleme wat met oorvol klasse ondervind word, is waarskynlik die grootste rede dat 'n sterk behoefte vir kleiner klasse onder opvoeders aanwesig is.

'n Tekort aan hulpmiddels word ondervind. Betekenisvol is dat opvoeders verkies dat arbeidsbesparende hulpmiddels en bronne voorbereid en gereed by die skool afgelewer moet word. Dit dui moontlik op 'n gebrek aan tyd vir voorbereiding en 'n behoefte vir die verligting van die werklas. Hierdie vermoede word verder onderstreep in

kommentaar waar opvoeders sê dat hulle hulp in die klaskamer in die vorm van assistente verlang. Die sterk behoefte aan ondersteuning in die klas en die skool word bevestig deurdat opvoeders gereelde, voorafbeplande besoeke van vakadviseurs en kundige konsultante voorstel. 'n Kommerwekkende bevinding is dat beplanning deur opvoeders in isolasie gedoen word.

'n Verdere kommerwekkende bevinding is dat dit lyk of dissipline nie konsekwent en eenvormig toegepas word nie. Dit lyk of skoolreëls nie goed geformuleer en aan leerders gekommunikeer word nie. Onsekerheid en verwardheid mag onder leerders voorkom omdat hulle nie presies weet wat die verlangde gedrag moet wees nie.

## 4.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die data wat deur middel van die vraelys ingesamel is, ontleed en die belangrikste tendense, patrone en verbande bespreek. Die vraelys is so saamgestel dat aan deelnemers geleenthede verskaf is om hul mening te lug oor faktore wat klaskamerbestuur in arm landelike gebiede beïnvloed. Die vrae is so geformuleer dat deelnemers die omvang, kompleksiteit en werklikheid van armoede wat hulle daagliks ervaar, kon weergee.

Opsommenderwys kan gesê word dat deelnemers se reaksie toon dat die gemeenskap/ouerhuis, die opvoeder, kurrikulum asook dissipline die grootste invloed op klaskamerbestuur uitoefen. Daar bestaan dus 'n duidelike verband tussen wat die literatuur sê en wat die deelnemrs ervaar. Albei beskou armoede as die grootste euwel wat uiteindelik swak klasbestuur tot gevolg het. Volgens hulle deursuur armoede alle aspekte van die samelewing. Die effek van armoede op werkloosheid, verbrokkelde huisgesinne, alkohol-en dwelmmisbruik, misdaad, ongeletterdheid, onstabiele huislike omstandighede, wanvoeding, tienerswangerskappe en vele meer is duidelik sigbaar. Wat buite die skoolmure gebeur loop uiteindelik oor in die klaskamer. Verskeie deelnemers het hierna verwys. Geweld in die gemeenskap lei tot geweld in die skool en die klaskamer. Respondente wys ook daarop dat leerders wat met agterstande by die skool

aankom, dit nie weer sommer opvang nie. Van die respondente beweer ook dat ongeletterde ouers ongeletterde kinders tot gevolg het. Daar is tog respondente wat glo leerders kan bo hulle omstandighede uitstyg. Sulke opvoeders doen alles in hul vermoeë om sodanige leerders te motiveer en te ondersteun. Afwesigheid van ouers as gevolg van werk elders het tot gevolg dat grootouers leerders moet versorg. Deelnemers beweer dat goeie beheer en toesig dan in baie gevalle ontbreek wat aanleiding gee tot bederfde, ongehoorsame en ongedissiplineerde kinders met uiteindelike negatiewe optrede in die klaskamer. Swak selfbeeld en minderwaardigheidsgevoel aan die ander kant lei tot 'n gebrek aan selfvertoue en deursettingsvermoeë. Emosionele probleme, spanning en laer vlakke van doeltreffendheid realiseer in die klaskamer. Armoede lei volgens hulle tot honger. Daar is kinders wat honger skool toe kom en van hulle beweer dat swak voeding tot 'n gebrek aan konsentrasie, onthou asook afwesigheid tot gevolg het: Armoede kweek dus volgens opvoeders 'n uiters negatiewe klimaat of fondamente vir klasbestuur.

Die kanse dat sodanige leerders suksesvol gaan wees, is volgens die oorgrote meerderheid opvoeders maar uiters skraal. Uit die beantwoording van vrae is dit moontlik dat die meeste respondente nog tradisionele opvoeders is met tradisionele sieninge oor leer, onderrig en dissipline. Die filosofie vir Uitkomsgebaseerde Onderwys is in konflik met genoemde tradisionele benaderings. Hierdie botsing tussen bestaande sieninge en verwagtinge van 'n "ander manier van doen", word verder bemoeilik deurdat daar nie presies vir opvoeders in klaskamers gedemonstreer kan word wat en hoe om te onderrig nie. 'n Gevoel van "ek is nie goed genoeg nie" maak dat opvoeders hul motivering verloor, moedeloos raak en aan stress begin ly. Om "veilig"te speel word slegs die minimum gedoen, dit wat aan hulle voorgeskryf word. Vandaar die siening van sommige opvoeders dat die skool vir baie leerders en selfs opvoeders 'n "strafkamp"is. In hoofstuk twee (2.2.3) word na hierdie tendens in die literatuur as 'n "Pedagogy of Poverty" verwys. 'n Uitvloeisel van ongemotiveerde opvoeders is dat die kurrikulum op lae vlakke van leer konsentreer met die didaktiese klem op dril en herhaling sodat toetse en eksamens afgeneem kan word. Leerders raak vervelig en lusteloos tydens swak onderrig en drilwerk. Die gevolg hiervan is ongemotiveerde en vervelige leerders.

Die geweldige druk wat armoede op die samelewing, die opvoeder en die kurrikulum plaas, vind neerslag in die klaskamer, verwysende na klaskamerbestuur. Dit realiseer in die vorm van swak dissipline en swak bestuur van dissipline deur die opvoeder. Indien die opvoeder nie die klaskamer effektief kan bestuur nie, vind 'n sweepslag effek plaas: die opvoeder raak moedeloos, swak onderrig en verhouding met leerders, geen motivering, wegbly uit die skool, ledig by die huis, misdaad en dwelmgebruik, tiener swangerskappe en botsings met die gereg. Daar kan beweer word dat klasbestuur 'n draaipunt is tussen armoede aan die een kant en effektiewe leer en prestasie aan die anderr kant.

In die laaste hoofstuk wat hierna volg, word 'n opsomming en bespreking gedoen as samevatting van hierdie studie. Sekere hoofpunte en moontlike gebreke sal aangeraak word met implikasies en aanbevelings wat vir die onderwys oorweeg kan word.

# HOOFSTUK 5

## SLOT EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

In hoofstuk vier is die verwerkte data geïnterpreteer, bespreek en is afleidings rakende die faktore wat klaskamerbestuur by arm landelike skole beïnvloed, gemaak. Probleme wat hieruit ontstaan is aan die leser bekend gestel. Op hierdie wyse is daar nougeset op die navorsingsvraag van die studie gefokus. Hoofstuk vyf vat hierdie studie saam met 'n oorsig van navorsingsbevindinge. Bevindinge word aan die hand van die vier temas soos in die literatuurstudie geïdentifiseer, opgesom en bespreek. Die ondersoek na hierdie faktore, naamlik die omgewings- en huislike omstandighede, rol van die onderwyser, die kurrikulum en dissipline, het die grondslag van die studie gevorm. Hiermee word dan ook antwoorde op die navorsingsvraag verskaf. Verdere antwoorde sal verskaf word deur in hierdie hoofstuk kortliks te kyk na gepaste hanteringstrategieë vir effektiewe klaskamerbestuur. Teen die einde van hierdie hoofstuk sal 'n poging aangewend word om sekere aanbevelings te doen asook die relevansie van die studie aan te dui. Navorser sal ook aandui watter verdere navorsing hy dink nodig is. Die hoofstuk sal afgesluit word met 'n bespreking van moontlike implikasies van die studie vir beide die fomulering van beleid asook implementering in die praktyk.

### 5.2 NAVORSINGSBEVINDINGE

#### 5.2.1 Die invloed van die huislike/ omgewingsomstandighede

'n Kernbevinding van hierdie studie is dat arm leerders se huislike omstandighede asook die omgewingsinvloede 'n groot invloed het op hulle vordering by die skool. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat onderwys nie as belangrik deur baie ouers geag word nie. Die ouers staan apaties teenoor die opvoeding van hulle kinders wat aan die opvoeders oorgelaat word. Groot getalle ouers is onbetrokke by skoolaktiwiteite en stel

oor die algemeen 'n swak voorbeeld aan hul kinders. Hierdie studie toon die belangrikheid van ouerbetrokkenheid vir arm skole in landelike gebiede. Dit blyk dat ouerbetrokkenheid 'n proses is wat ontwikkel moet word en dat dit nie spontaan gebeur nie. Dit is die taak van die skoolpersoneel om inisiatief hiermee te neem. Volgens Pretorius (1998 :329) kan ouerbetrokkenheid verwesenlik word deur tuisbesoeke deur personeel, onderhoude met ouers, ouervergaderings, ouerbegeleiding, volwasse en informele onderwys. Van Deventer en Kruger (2003:10) meen dat die volgende strategieë die probleem kan aanspreek:

- opstel van 'n strategie deur die skool om onbetrokkenheid aan te spreek,
- skep van 'n uitnodigende skoolklimaat wat warmte en opregtheid uitstraal,
- aanbieding van opleidingsessies in elemente van ouerbetrokkenheid,
- vestig verhoudings deur effektiewe kommunikasie tussen skool en ouerhuis, en
- gereelde geleenthede vir kontak, veral afsprake met spesifieke ouers, waartydens die belangrikheid van ouerbetrokkenheid beklemtoon word.

Verdere afleidings wat gemaak kan word, is dat die lae geletterdheidsvlakke van ouers en leerders vordering belemmer. Dit is duidelik dat die afwesigheid van stimulasie tuis asook goeie voorskoolse programme 'n belangrike rol speel. 'n Gebrek aan tuisondersteuning veroorsaak dat sommige leerders met geweldige kognitiewe agterstande by die skool opdaag. Dit is baie moeilik om sulke agterstande uit te wis. 'n Verdere bydraende faktor is 'n gebrek aan kos wat tot hongerte aanleiding gee. Die geweldige effek van honger op skoolprestasie en swak klaskamerbestuur word in die literatuur aangedui.

### 5.2.2 Die rol van opvoeders

Die belangrike rol wat opvoeders speel om gehalte onderwys te verwesenlik, is al oor en oor bewys. Hierdie studie het getoon dat dit nog geensins verander het nie. Vanweë die probleme wat tuis ervaar word, is dit logies dat opvoeders by arm landelike skole 'n belangriker rol behoort te speel. Dit is duidelik dat opvoeders 'n ordelike, uitnodigende omgewing moet skep. Checkly (2004:71) meen daarom dat die skool aan arm kinders uit

chaotiese huise stabiliteit en orde moet gee wat hulle nodig het. Om beter prestasie te weeg te bring, is professionele optrede en algehele toewyding van die allergrootste belang. In die bestudering van die literatuur is verwys na onprofessionele optredes soos laatkommery en swak voorbereiding van oninteressante lesse. In die bespreking van die vraelyste is ook gesien dat daar opvoeders is wat goeie werksgewoontes by leerders wil vestig, terwyl daar weer in ander klasse groot dissiplinêre probleme is. Dit is moontlik dat dissiplinêre probleme grotendeels by opvoeders wat swak onderrig, plaasvind. Dit is daarom belangrik dat opvoeders gemotiveerd en toegewyd is. Dalin *et al* (1994:39) noem dat as die personeel en veral die skoolhoof onaktief, onbelangstellend en ongemotiveerd is, kan die skoolsituasie nie verander nie, al kry dit ondersteuning vanaf die owerhede en gemeenskap. Ouers sal negatief reageer as opvoeders nie toegewyd is nie.

Hierdie studie het ook getoon dat omstandighede in die onderwysprofessie nie altyd gunstig is vir opvoeders om hulle beste te lewer nie. Daar is baie faktore wat opvoeders se taak bemoeilik. Hierdie faktore lei tot lae onderwysermoraal en swak motivering. Oorvol klasse en swak dissipline bemoeilik opvoeders se taak om goeie klasbestuur toe te pas. 'n Verdere probleem is swak salarisse en 'n gebrek aan bevorderingsmoontlikhede vir opvoeders. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit opvoedermoraal verder knou.

### 5.2.3 Die rol van dissipline

Die resultate van hierdie studie dui daarop dat die handhawing van gesonde dissipline een van die grootste uitdagings by arm skole is. Dit bedreig die verwesenliking van goeie gehalte onderwys. In die literatuuroorsig maar veral in die vraelyste is telkemale verwys na die rol van ouers. Die feit dat ouers nie hul verantwoordelikhede ten opsigte van hulle kinders nakom nie, veroorsaak enorme probleme. Dit is veral 'n gebrek aan voldoende aandag wat tot swak gedrag lei. Een van die belangrikste bevindinge is dat leerders min respek vir mede-leerders en opvoeders betoon. Die leerders se gedrag blyk van die vernaamste oorsake te wees van opvoeders se swak moraal en ongemotiveerdheid. 'n Verhouding van wedersydse respek tussen opvoeders en leerders is moeilik om te

ontwikkel. Positiewe opvoeder-leerder verhouding word as een van die komponente wat onontbeerlik vir goeie klaskamerbestuur is, uitgesonder. Dit stel hoë uitdagings aan opvoeders ten opsigte van selfbeheersing en geduld. Pretorius (1998:165) waarsku dat arm leerders se prestasie en gedrag dit uiters moeilik maak om hulle te respekteer. Hierdie leerders het dit die nodigste en daarom moet opvoeders 'n groter poging aanwend om gevoelens van vertroue en respek te kommunikeer. Die afskaffing van lyfstraf speel ook 'n rol. Dit is duidelik dat opvoeders nie oor alternatiewe strategieë beskik om dissipline suksesvol toe te pas nie.

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geword dat goeie onderrig klaskamerbestuur bevorder. So verwys Boynton en Boynton (2005:3) na die belangrikheid van goeie, sterk inhoudsonderrig as strategie vir die vestiging van dissipline. In hierdie studie is bevind dat opvoeders wat konstant goeie klasonderrig lewer, nie juis dissiplinêre probleme in hul klaskamer ervaar nie.

Ook die voorbeeld van die opvoeder is van belang. Billike optrede teenoor leerders en die modellering van goeie gedrag is volgens Gray en Richter (in Cox, 2000:89) belangrik om ontwrigtende gedrag te voorkom. Vincent (1999:7) voeg hieraan toe dat opvoeders wat beleefd, vaardig, entoesiasties, in beheer, geduldig en georganiseerd is, 'n voorbeeld aan leerders deur hulle eie gedrag verskaf. Hierdie studie het benadruk hoe moeilik dit is om dissipline in groot klasse te handhaaf.

### 5.2.4 Die rol van die kurrikulum

Probleme met Uitkomsgebaseerde Onderwys blyk duidelik. 'n Sleutelprobleem is oorvol klasse. Dit bemoeilik gehalte onderrig en leerdegesentreerde onderrigstrategieë. Ook die klaskamerruimte kan moeilik georganiseer word met 'n tekort aan bergplek. Die studie toon ook dat die tekort aan genoegsame onderrigmateriaal 'n negatiewe invloed uitoefen op goeie onderrig. Die werksdruk waaronder opvoeders verkeer, is waarskynlik verantwoordelik vir die feit dat opvoeders klaar voorbereide hulpmiddels verkies. Dit is duidelik dat opvoeders wat aan die studie deelgeneem het,'n die behoefte vir

ondersteuning in die kurrikulum het. Eksterne, klaskamergerigte ondersteuning vanaf die OBOS word daarom verlang.

## 5.3 OORSIG

Uit die literatuurstudie en vraelys word 'n duidelike antwoord op die navorsingsvraag van hierdie studie, *"Watter faktore beïnvloed die praktyk van effektiewe klaskamerbestuur aan 'n arm landelike primêre skool?"* verkry. Daar is vier faktore geïdentifiseer naamlik faktore voorvloeiende uit die omgewing en huislike omstandighede; faktore wat met die klasopvoeder te doen het; faktore wat met die kurrikulum verband hou en laastens dit wat in die klaskamer ervaar word naamlik dissipline. Vervolgens sal navorser 'n oorsig probeer gee waarin hy bevindinge van die literatuur en die vraelys bymekaar gaan bring met die oog op die maak van aanbevelings.

Uit die literatuur is dit duidelik dat armoede in die gemeenskap 'n faktor is wat alle vlakke van die onderwys 'deursuur en versmoor'. Die literatuur wys daarop dat leerders uit 'n arm gemeenskap en huis se kanse baie goed is om swak op skool te presteer. Op 'n skoolvlak is die kanse vir 'n skool in 'n arm woonbuurt om goed te doen, skraal. Selfs leerders uit gegoede huisgesinne wat 'n skool in 'n arm buurt bywoon, sal die arm skool se invloede ook negatief op so 'n kind inwerk. Leerders wat uit 'n arm huisgesin na 'n arm skool gaan, se kanse verdubbel gevolglik om swak te presteer.

Bogenoemde beginsel word ook deur die literatuur na die onderwyser, kurrikulum en dissipline deurgetrek om die negatiewe effek van armoede te demonstreer. Die aanvanklike toegewyde onderwyser word geleidelik 'verweer' deur 'n gebrek aan ondersteuning en die harde lewens- en werksomstandighede. Om in sulke vol en ongedissiplineerde klasse te oorleef, word die meeste onderwysers gedwing om hulle onderrig- en dissiplinêre strategieë by die leerders aan te pas. Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar met verloop van tyd 'n 'Pedagogy of Poverty' ontstaan. Kenmerkend hiervan is heelklasonderrig, afskryf vanaf die skryfbord, min geleenthede om vrae te vra of deel te neem aan lesse, memorisering van inhoude sonder om aktief

deur die materiaal te werk asook min deurlopende monitering en assessering. 'n Situasie ontstaan waar die onderwyser aktief alle aktiwiteite in die klaskamer lei en beheer, terwyl leerders passief reageer deur te kyk en te luister. Die kultuur in die klaskamer is een van 'maak die werk klaar' eerder as om deel te neem aan kreatiewe en stimulerende aktiwiteite. Sodoende konsentreer die kurrikulum op lae vlakke van leer met die klem op dril en herhaling om leerders vir toetse en eksamens voor te berei.

Voeg hierby oorvol klasse en onvoldoende fasaliteite en dink aan die negatiewe effek daarvan op motivering en leer. Opvoedingsverwaarlosing en belangeloosheid van ouers maak dat onderwysers op 'n daaglikse basis deur een van die moeilikste uitdagings moontlik gekonfronteer word, naamlik die handhawing van dissipline in so 'n klas. Tydens klasbestuur mors so 'n onderwyser ure aan organisasie en bestuur en min tyd aan onderrig en leer. Die sogenaamde 'time-on-task' is gevolglik beperk. Onderrig- en leertyd verminder met 'n toename in swak gedrag in die klaskamer. Ontwrigtende leerdergedrag maak dit vir die onderwyser onmoontlik om onderrig en leer effektief te implementeer. Voeg hierby die nuwe eise van uitkomsgebaseerde onderrig en ongemotiveerde onderwysers wat daagliks klaskamers probeer 'oorleef' en aan stress lei, dan raak die redes vir swak prestasie deur leerders in arm skole duidelik.

Probleme tydens klasbestuur het baie keer swak dissipline by onderwysers tot gevolg. Aanhoudende laatkommery, afwesigheid, swak of geen voorbereiding, beplanning van oninteressante lesse en die afwesigheid van konstante onderrig vir die volle skooldag, is faktore deur onderwysers geskep wat klaskamerbestuur benadeel.

Bogenoemde sieninge vanuit die literatuurstudie word baie duidelik ondersteun deur antwoorde wat opvoeders in die vraelys verskaf het. Nege uit die tien respondente glo dat leerders uit 'n arm omgewing se kanse vir sukses op skool of in die samelewing maar skraal is. By vraag twee skryf nege uit die tien respondente swak prestasie op skool hoofsaaklik toe aan 'n gebrek aan motivering, betrokkenheid en belangstelling van die ouerhuis by die leerder se skoolwerk.

Toepassing van hierdie filosofie of sieninge is duidelik te sien in voorkeurstrategieë vir onderwysers tydens onderrig en toepassing van dissipline (klaskamerbestuur). Die oorgrote meerderheid opvoeders sien hul magsbasis in die klas gegrond op afdwingende mag. Hul posisie as opvoeder plaas hulle in 'n gesagsposisie teenoor die leerders wat op 'n laer status, die van 'n kind, berus. Hulle sien die onderwyser se magsbasis as die vermoë om te kan straf. Soos by elke ander vraag is daar tog ook onderwysers wat anders dink, soos die wat die magsbasis eerder op verhoudings wil plaas. Die magsbasis berus dan op wedersydse omgee en respek vir mekaar.

By die vraag oor watter vorme van dissiplinêre probleme hulle in die klaskamer ervaar, verwys opvoeders na ondervoeding as 'n rede vir 'n gebrek aan konsentrasie in die klas, leerders wat nie huiswerk doen of opdragte uitvoer nie asook afwesigheid van leerders. Daar is selfs opvoeders wat van ander leerders gebruik maak om dissipline in die klas te handhaaf – veral aagesien leerders aanhou praat terwyl die opvoeder klasgee. Slegs een opvoeder toon in die vraelys aan dat leerders pligsgetrou is en hulle opdragte uitvoer. Onder opvoedersmotivering blyk dit dat opvoeders 'n gebrek aan motivering en ondersteuning ervaar. Vyf uit die tien opvoeders dui aan dat hulle die onderwysberoep onmiddellik sal verlaat as hulle net kan. Die oorgrote meerderheid dui egter aan dat hulle positief en gemotiveerd teenoor hul werk en die onderwys in die algemeen is. Hierdie weersprekende gegewens dui moontlik daarop dat onderwysers baie keer onbewustelik die 'regte antwoorde' verskaf maar in werklik baie anders voel. Alle respondente stem daarmee saam dat die huige UGO benadering nie versoenbaar is met groot klasse van leerders uit arm gemeenskappe nie. Dit is volgens hulle net verdere diskriminasie teenoor veral die leerders wat die ergste daaronder gaan ly. Uit die vraelys is opvoeders se kreet na hulp en ondersteuning baie duidelik. Twee stemme sê:
*"Die WKOD moet toesien dat leer en werksomstandighede vir beide leerders en opvoeders in skole verbeter en aangespreek word."*
*"In baie gevalle raak ek moedeloos as gevolg van vol klasse en hope administratiewe werk. Kan nie werklik suksesvol les aanbied nie."*

## 5.4 AANBEVELINGS

Soos reeds in die literatuur aaangedui asook uit die vraelyste duidelik word, is dit tyd dat die owerhede na die stemme luister van opvoeders wat hulself daagliks in die praktyk bevind. Owerhede behoort soos die regering op gereelde tye geleenthede te skep waar amptenare nie opdragte en instruksies aan opvoeders oordra nie, maar geleenthede skep waar hulle na opvoeders se ervaringe en voorstelle kan luister.

Dit lyk asof opvoeders se grootste nood na iemand is wat hulle in baie moeilike, en soms met onoorkomende probleme, kan ondersteun en motiveer. 'n Volgende komponent is indiensopleidingskursusse aan opvoeders met die oog op begrip en vaardighede in die ontwikkeling van toepaslike strategieë. Hier word veral gedink aan volhoubare mentoring en afrigting aan opvoeders in onderrig en leer aan arm landelike skole.

Ondersteuning in effektiewe klaskamerbestuur word ook aanbeveel. Die kategorieë wat aangespreek moet word is ook duidelik uitgewys, naamlik begrip en strategieë in die hantering van armoede en die effek daarvan in die samelewing / huisgesin, die onderwyser, die kurrikulum asook op dissipline.

## 5.5 VERDERE NAVORSING

Baie navorsing oor die effek van armoede op leerders se skoolprestasie is nodig om hierdie kanker te beveg. Die vier breë kategorieë van klaskamerbestuur wat in hierdie studie aangespreek word, kan as navorsingsonderwerp dien om meer spesifieke beginsels vir elkeen daar te stel. Invloede en hanteringswyses van armoede op die omgewing en huisgesin, die onderwyser asook die kurrikulum en dissipline, noodsaak elkeen 'n eie studie.

## 5.6 RELEVANSIE VAN HIERDIE STUDIE

Navorser beskou die studie as baie relevant aangesien beide die literatuur wat op navorsing gebaseer is asook ontleding van die vraelyste van hierdie studie, dit baie duidelik uitwys. Ook gesprekke met kollegas asook daaglikse eie ervaringe in die klaskamer demonstreer die relevansie hiervan telkens aan navorser.

## 5.7 IMPLIKASIE VAN HIERDIE STUDIE

Hierdie studie onderstreep net weer die groot negatiewe invloed van armoede op die omgewing, die skool, die leerders, die opvoeders asook op klaskamerbestuur in die algemeen. Indien daar nie hieraan iets gedoen word nie, sal swak prestasie in die skool voortduur. Uiteindelik lei die land en sy mense daaronder.

Daar bestaan reeds 'n massa beleide asook teorieë oor armoede en die invloed op onderrig en leer. Navorser wil homself dus daarvan weerhou om na beleid of teorie te verwys, daar is reeds oorgenoeg daarvan. Die probleem is juis om dit in die praktyk te realiseer. Daar waar die nood van opvoeders na ondersteuning is. Die implikasie is dat amptenare daadwerklik moet optree om opvoeders in die praktyk te help. As die navorsing ondubbelsinnig telkens die uiters negatiewe effek van armoede op leerderprestasie aantoon moet daar verseker deur verantwoordelike persone aksies daarteen geloods word. Nie in die vorm van beleide nie, maar van praktiese ondersteuning aan hulle wat in arm landelike skole dit daagliks ervaar.

## BRONNELYS


BASRC, 2001. *The color of discipline; Understanding Racial Disparity in School Discipline Practices. S.l.* BASRC.

Biddle, B. & Berliner, D. "*What Research says about Small Classes and Their effects*" http://www.wested.org/online_pubs/small_classes.pdf [23 Mei 2007].

Blaum, P.A. 1996. Effective managing a classroom is harder than its used to be. *Current Research,*25 (31) April.

Botha, R.J. 2004. Excellence in Leadership: Demands on the professional school principal. *South African Journal of Education*, 24(3):240

Boynton, M. & Boynton, C. 2005. *The Educator's Guide to Preventing and Solving Discipline Problems*. Alexandria: ASCD.

Bridgeland, J.M., Dilulio, Jr. & Morison K. 2006. *The Silent Epidemic:Perspectives of High School Dropouts*. http://www.gatesfoundation.org/nr/downloads/ed/TheSilentEpidemic 3-06FINAL.pdf [24 Mei 2007]

Brunton, C. & Associates. 2003. *Policy Handbook For Educators*. Pretoria: ELRC.

Chapman, C. & Mählck, L.O. 2004. *Adapting technology for school improvement: A global perspective.* Paris: IIEP/ Unesco.

Checkley, K. 2004. A is for Audacity. Lessons in leadership from Lorraine Monroe. *Educational Leadership*, 71-78, April.

Cherian, M. & Mau, R. 2003. *Teaching Large classes. Usable Practices from around the world.* Asia: McGraw-Hill Education.

Cortese, A. 2007. *Here's the boost that poor children, their teachers and their schools really need.*
http://www.aft.org/pubs-reports/american-educator/issues/spring 07/GetReal.htm [24 Mei 2007]

Cox, T. 2000. *Combatting Educational Disadvantage. Meeting the needs of vulnerable children.* London: Falmer Press.

Dalin, P., Ayono, T., Biazen, A., Dibaba, B., Jahan, M., Miles. M.B. & Rojas. C. 1994. *How schools improve. An International Report.* London en New York: Cassell.

Denzin, N.K., & Lincoln, Y.S., 2000. *Handbook of qualitative research.* Thousand Oaks: Sage.

De Vos, A., Strydom, H., Fouche, CB., Delport, CSL. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria: Van Schaik.

ETS, 2004. *Parsing the Achievement Gap. Baseline for Teaching Progress.*
www.ets.org/research/pic/parsing.pdf

Fao en IIEP/Unesco, 2005. *Education for rural people to achieve EFA and the MDG's- The sixth meeting of the working Group on EFA.* Paris: Fao & IIEP/Unesco.

Fao & Unesco, 2003. *Education for Rural Development: Towards new policy responses.* Rome en Paris: Fao en Unesco.

Fourie, N. 1999. *Die konstruksie van vraelyste.* Tydskrif vir Taalonderrig. Jg. 33 Nr. 3, September 1999.

Gillham, B. 2000. *Developing a quistionaire.* New York. Paston Pre Press.

Haberman, M. 1991. Pedagogy of poverty versus good teaching. Phi Delta Kappan, 73, 290 – 294.

Hancock, B. 2002. *Trent Focus for Research and Development in Primary Health Care*: An Introduction to Qualitative Research. Trent Focus.

HRSC & EPC, 2005. *Emerging Voices. A Report on Education in South African Rural Communities*. Cape Town: HSRC Press.

Human Rights Watch, 2004. *FORGOTTEN SCHOOLS: Right to Basic Education for Children on Farms in South Africa*. Vol 16, No 7 (A)

Kamper, G.D. 2001. Poverty: Perspectives and educational implications. *South African Journal of Education*, 21 (1-4) :109- 114.

Kline, R. 2000. A model for improving Rural Schools. Escuela Nueva in Colombië and Guatemala. *Current Issues in Comparitive Education*, (2):1-11, April 30.

Leedy, P.D. 2001. *Practical research: planning and design, 7$^{th}$ ed. New Jersey: Merrill Prentice.*

Lemlech, J.K. 1988. 2$^{ND}$ ed. *Classroommanagement. Methods and Techniques for Elementary and Secondary Teachers*. New York: Longman.

Levin, H.M. & Lockheed, M.E. (eds). 1993. *Effective schools in developing countries.* London en Bristol: Falmer Press.

Liu, X.S. & Meyer, J.P. 2005. Teachers' Perception of Their Jobs: a Multilevel analysis of the teacher follow-up Survey for 1994 – 95. *Teacher College Record*, 107 (5): 958 – 1003.

Mahlangu, D. 1987. *Educational Research Methodology*. Pretoria: De Jager Haum.

Masitsa, G. 2004. Four critical causes of underachievement in township secondary schools. *Acta Academica*, 36 (1): 213-245.

Marizano, R.J. 2007. *The Art and Science of Teaching*. Alexandria: ASCD.

Marizano, R.J., Pickering, D.J., Pollock, J.E. 2001. *Classroom Instruction that works. Research-Based Strategies for increasing Studente Achievement.* Alexandria: ASCD.

McAdoo, M. 2006. ***"Is class size related to graduation rates?"*** The New York Teacher. http://www.uft.org/news/teacher/reality/pomp_circumstance/
[23 Mei 2007].

Miles, M.B. 1983. *Qualitative data as an attractive nuisance: the problem of analysis.* Beverly Hills: Sage.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's and doctoral studies: a South African guide and resource book.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Mouton, J.S. & Marais, H.C. 1990. *Basic concepts in the methodology of social sciences.* Pretoria: Human Science Research Council.

NCTE, 1999. *More than a number: Why Class Size Matters.*
http://www.ncte.org/about/over/positions/category/class/107620.htm
[23 Mei 2007].

Odendaal, F.F. (Red.) 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT). Pretoria: Perskor Uitgewery.

Padrón, Y.N. 2000. *Improving,Learning for resilient and non-resilient English Language learners*. CREDA, Research Brief 7, University of Houston. www.cal.org/crede/pubs/resbrief7.htm

Pretorius, J.M.W. 1998. *Sosiopedagogiek.* Pretoria: Van Schaik.

Schmoker, M. 2006. *Results Now. How we can achieve unprecedented improvements in teaching and learning*. Alexandria: ASCD.

Science Central, *"Big Kids, Small Classes"*
http://www.sciencecentral.com/articles/view.php3?article_id=218392280&eat=1_5
[23 Mei 2007]

South Africa. Department of Education. 2001. *Alternatives to Corporal Punishment. The Learning Experience. A Practical Guide for Educators to develop and maintain a culture of discipline, dignity and respect in the classroom.* Pretoria: Government Printer.

South Africa. Department of Education. 2005. *Ministerial Committee Report on Rural Education. A new vision for Rural Schooling*. Pretoria: Goverment Printer.

South Africa. Department of Education. 1997. *Understanding the SA Schools Act. What Public School Governers Need to know*. Pretoria: Goverment Printer.

South African Human Rights Commission, 2006. *Report of the public Hearing on the right to Basic Education*. Pretoria: SAHRC.

Teacher Education Institute. 2007. *Effect of Poverty on Education. Course description.* www.teachereducation.com/course_outlines/graduate_classroom/poverty_grade

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 2002. *Research in practice: applied methods for the social sciences.*Cape Town: University of Cape Town Press.

Unesco, 2004. *Changing Teaching practices, using curriculum differensiation to respond to student's diversity.* Paris: Unesco.

Unisa, 2002. *Sosiologie van die opvoeding.* Pretoria: Unisa.

Van Der Wahl, R.W.E. 2005. *Research Methodology.* Roodepoort: Thusa-Help Publishers.

Van Deventer & Kruger, 2003. *An Educator's guide to school Management skills.* Pretoria: Van Schaik.

Vincent, S. (ed). 1999. *The Multigrade Classroom: A resource Handbook for small, rural schools. Book 3: Classroom Management and Discipline.* Portland, Or: Northwest Regional Educational Laboratory.

WCRSS (Wake Country Public School System) Evaluation and Research Department. March 1999. The Impact of Poverty upon schools. E&R Report no. 99.20

Wikipedia, The free encyclopedia. 2007. *Poverty.* http://www.org/wiki/Poverty. [21 Junie 2007].

Wilkonson, D. & Bermingham, P. 2003. *Using Research Instruments. A Guide for Researchers.* London: Routledge Falmer.

## <u>BYLAE 1</u>: VRAELYS

### <u>Vraag 1</u>

Vul asseblief u **<u>persoonlike gegewens</u>** in deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | ***Ouderdom*** | 20 - 30 | 30 - 40 | 40 - 50 | 50 - 60 |
| 1.2 | ***Geslag*** | Manlik | Vroulik | | |
| 1.3<br>1.3.1 | ***Jare ervaring:***<br>***In 'n ander skool/e*** | 0 - 5 | 5 - 10 | 10 - 20 | 20 + |
| 1.3.2 | ***In hierdie skool*** | 0 - 5 | 5 - 10 | 10 - 20 | 20 + |
| 1.4 | ***Kwalifikasies*** | 3 jaar diploma | 4 jaar diploma | Graad | Graad + |
| 1.5 | ***Huwelikstatus*** | Ongetroud | Getroud | Getroud met eie kinders | |
| 1.6 | ***Hoeveelheid leerders in u klas*** | 20 - 30 | 30 - 35 | 35 - 40 | 40 + |
| 1.7 | ***Doen u klas- of leerarea-onderrig*** | Klasonderrig | Leerarea-onderrig | | |
| 1.8 | ***Rekenaar tuis*** | Ja | Nee | | |
| 1.9 | ***Afstand van skool na woonplek (heen en weer)*** | Stapafstand | 0 – 5 km. | 5 – 20 km | 20+ km |
| 1.10 | ***Wyse van vervoer*** | Stap | Per motor | Saamry | Ander |

### <u>Vraag 2</u>

Dui aan in hoeverre u met die volgende bewering saam stem deur 'n kruisie in die regte blokkie te maak.

| | | |
|---|---|---|
| ***Hoe groter die armoede in 'n gemeenskap hoe groter is die moontlikheid dat 'n leerder uit so 'n gemeenskap gaan uitval en nie sukses sal behaal nie.*** | Stem saam | Stem nie saam nie |

**<u>Verdere kommentaar hieroor:</u>**

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

.....................................................................................................................................

## Vraag 3

Watter bydrae lewer onderstaande faktore volgens u tot swak skoolprestasie en dissipline.

Skaal: 0 – geen bydrae nie; 1 - geringe bydrae;
2 – wel 'n bydrae; 3 – hoofsaak daarvoor verantwoordelik

| | **Watter rol dink u speel onderstaande by swak prestasie en dissipline** | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.1* | ***Armoede en werkloosheid by ouers in gemeenskap - ouers kan nie skoolgeld betaal nie*** | | | | |
| *1.2* | ***Leerders beskik nie oor voldoende voedsel en klere nie*** | | | | |
| *1.3* | ***Gebrek aan motivering, betrokkenheid en belangstelling van ouerhuis by leerder se skoolwerk*** | | | | |
| *1.4* | ***Verantwoordelikhede en pligte wat leerders tuis opgelê word*** | | | | |
| *1.5* | ***Gebrekkige skoolfasiliteite en bronne*** | | | | |
| *1.6* | ***Opvoeders wat nie pligsgetrou en hardwerkend is nie*** | | | | |
| *1.7* | ***Geen kulturele bedrywighede vir leerders na-skool nie*** | | | | |
| *1.8* | ***Alkohol en dwelmprobleem in die gemeenskap*** | | | | |
| *1.9* | ***Tiener swangerskappe*** | | | | |

**Verdere kommentaar oor bogenoemde – ander oorsake wat u wil byvoeg**

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

**Vraag 4**

In hoeverre is onderstaande **verhoudinge tussen u en die leerders in die klaskamer** waar? Maak net 'n kruisie in die toepaslike blokkie. Neem asseblief u tyd en lewer enige verder kommentaar in die ruimte daaronder.

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid;
2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is

| | **In hoeverre ervaar u as onderwyser onderstaande:** | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.1* | ***Die leerders gee baie vir my as hul opvoeder om*** | | | | |
| *1.2* | ***Die leerders weet dat ek by magte is om hulle te straf*** | | | | |
| *1.3* | ***Die leerders in my klas erken my meerdere status as opvoeder bo hul status as leerders*** | | | | |
| *1.4* | ***Leerders erken dat ek kundig in my leerarea is en die vak baie goed aanbied*** | | | | |
| *1.5* | ***Die leerders weet dat ek hulle vir goeie werk beloon*** | | | | |

**Verdere kommentaar oor bogenoemde:**

..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................

**Vraag 5**

In hoeverre ervaar u as opvoeder onderstaande in u klaskamer. Maak net 'n kruisie in die toepaslike blokkie. Neem asseblief u tyd en lewer enige verder kommentaar in die ruimte daaronder.

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid;
2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is.

| | *In hoeverre ervaar u as onderwyser onderstaande:* | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.1* | ***Die leerders praat terwyl u klas gee*** | | | | |
| *1.2* | ***Ondervoeding veroorsaak dat leerders nie in die klaskamer konsentreer nie*** | | | | |
| *1.3* | ***Leerders is baie dae afwesig*** | | | | |
| *1.4* | ***Leerders doen geen huiswerk of voer opdragte uit nie*** | | | | |
| *1.5* | ***Leerders daag openlik u gesag in die klaskamer uit*** | | | | |
| *1.6* | ***Leerders sit nie in hul banke nie maar bly rondbeweeg*** | | | | |
| *1.7* | ***Leerders praat tee en is agressief*** | | | | |
| *1.8* | ***Leerders is baie pligsgetrou en voer take netjies en noukeurig uit*** | | | | |
| *1.9* | ***Ouers verseker dat leerders boeke en skryfgereedskap by hulle het en dat leerders en hul boeke netjies en voorbereid in die klas opdaag*** | | | | |
| *1.10* | ***Sommige leerders help u om dissipline in die klaskamer te handhaaf*** | | | | |
| *1.11* | ***Die ouers is aktief betrokke, stel belang in hul kinders se vordering en woon vergaderings, oueraande en besprekingsessies met opvoeders gereeld by*** | | | | |

**Verdere kommentaar oor bogenoemde:**

.................................................................................................................................................
.................................................................................................................................................
.................................................................................................................................................
.................................................................................................................................................
.................................................................................................................................................
.................................................................................................................................................

**Vraag 6**

In hoeverre is onderstaande **sieninge en ervaringe deur u van die onderwys** waar ? Maak net 'n kruisie in die toepaslike blokkie. Neem asseblief u tyd en lewer enige verder kommentaar in die ruimte daaronder.

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid;
2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is.

| | **U sieninge oor onderstaande** | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.1* | ***Ek voel positief en gemotiveerd teenoor my werk en die onderwys in die algemeen*** | | | | |
| *1.2* | ***Ek is tevrede met die salaris wat ek ontvang, bevorderingsmoontlikhede en werksomstandighede*** | | | | |
| *1.3* | ***Ek voel positief oor die veranderinge op onderwysfront, pas maklik daarby aan en benader dit met 'n oop gemoed*** | | | | |
| *1.4* | ***Daar word te veel ekstra dinge van my verwag wat my weghou van die klaskamer wat ek as my belangrikste werkopdrag beskou*** | | | | |
| *1.5* | ***Ek ervaar nie voldoende ondersteuning van my kollegas, die OBOS en ouers nie*** | | | | |
| *1.6* | ***Ek verkies dit nog steeds om voor 'n klas te staan en daaglikse onderrig te gee as om 'n klomp aktiwiteite aan leerders uit te werk om in groepe te doen.*** | | | | |
| *1.7* | ***Ek sien uit na 'n rooskleurige toekoms in die onderwys*** | | | | |
| *1.8* | ***As ek net kan sal ek die onderwysberoep môre verlaat*** | | | | |

**Verdere kommentaar oor bogenoemde:**

.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................

**Vraag 7**

In hoeverre is **onderstaande moontlike oplossings** waar? Maak net 'n kruisie in die toepaslike blokkie. Neem asseblief u tyd en lewer enige verder kommentaar in die ruimte daaronder.

Skaal: 0 – glad nie die waarheid nie; 1 – sprake van die waarheid;
2 - stem saam; 3 – dit is presies soos dit is.

| | **U sieninge oor onderstaande** | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| *1.1* | ***Klasbestuur sal verbeter word indien die regering met 'n totale strategie kom om armoede in die platteland te verlig*** | | | | |
| *1.2* | ***'n Pligsgetroue oopvoeder met 'n uitnodigende klaskamer en 'n goeie verhouding met sy/haar leerders behoort effektiewe klasbestuur toe te pas.*** | | | | |
| *1.3* | ***Die huidige UGO benadering is nie versoenbaar met groot klasse met leerder uit arm gemeenskappe nie.*** | | | | |
| *1.4* | ***Isolasie en afsondering in plattelandse gebiede kan deur georganiseerde aktiwiteite aangespreek word*** | | | | |
| *1.5* | ***Lewenslange leer is al oplossing in 'n inligtingsera – daarom sal ons as opvoeders voorturende opleiding moet ontvang om kwessies aan te spreek*** | | | | |
| *1.6* | ***Normes en waardes in gemeenskappe en ouerhuise sal aktief deur kerke aangespreek moet word*** | | | | |
| *1.7* | ***My verhouding met die leerders in die klaskamer bepaal grootliks die effektiwiteit van my klasbestuur*** | | | | |
| *1.8* | ***Bring die lat terug – dan sal dit beter gaan.*** | | | | |

**Verdere wenke as oplossings:**

..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................
..........................................................................................................................................

**Vraag 8**

Gebruik asseblief hierdie spasie om **u eie siening** van **effektiewe klasbestuur** by u eie arm landelike skool te bespreek. Is dit 'n probleem, watter **probleme identifiseer** u en hoe dink u moet dit **opgelos word**.

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

## BYLAE 2: TOESTEMMINGSBRIEF


Navrae
Enquiries **Dr RS Cornelissen**
IMibuzo

Telefoon
Telephone **(021) 467-2286**
IFoni

Faks
Fax **(021) 425-7445**
IFeksi

Verwysing
Reference **20060914- 0039**
ISalathiso

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**


Mnr Bernadictus Plaatjies
Buitekantstraat 24
VANRHYNSDORP
8170

**Geagte Mnr B. Plaatjies**

**NAVORSINGSVOORSTEL: EFFEKTIEWE KLASKAMERBESTUUR BY 'N ARM LANDELIKE SKOOL.**

U aansoek om bogenoemde navorsing in skole in die Wes-Kaap te onderneem, is toegestaan onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Prinsipale, opvoeders en leerders is onder geen verpligting om u in u ondersoek by te staan nie.
2. Prinsipale, opvoeders, leerders en skole mag nie op enige manier herkenbaar wees uit die uitslag van die ondersoek nie.
3. U moet al die reëlings met betrekking tot u ondersoek self tref.
4. Opvoeders se programme mag nie onderbreek word nie.
5. Die ondersoek moet onderneem word vanaf **14 Spetember 2006 tot 30 September 2006**.
6. Geen navorsing mag gedurende die vierde kwartaal onderneem word nie omdat skole leerders op die eksamen (Oktober tot Desember 2006) voorberei.

7. Indien u die tydperk van u ondersoek wil verleng, moet u asb met dr R Cornelissen in verbinding tree by die nommer soos hierbo aangedui, en die verwysingsnommer aanhaal.
8. 'n Fotostaat van hierdie brief sal oorhandig word aan die prinsipaal van die inrigting waar die beoogde navorsing sal plaasvind.
9. U navorsing sal beperk wees tot die volgende skool: **Maskam Primêr**.
10. 'n Kort opsomming van die inhoud, bevindinge en aanbevelings van u navorsing moet voorsien word aan die Direkteur: Onderwysnavorsing.
11. 'n Afskrif van die voltooide navorsingsdokument moet ingedien word by:

    **Die Direkteur: Onderwysnavorsing**
    **Wes-Kaap Onderwysdepartement**
    **Privaatsak X9114**
    **KAAPSTAD**
    **8000**

Ons wens u sukses toe met u navorsing.

Die uwe

Geteken: Ronald S Cornelissen
vir: **HOOF: ONDERWYS**
**DATUM: 14 September 2006**